# DIE MILITêRE LOOPBAAN VAN MANIE MARITZ TOT AAN DIE EINDE VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

---

deur Lambertus Myburgh Fourie (Honns. B.A.)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM in die Departement Geskiedenis, Fakulteit Lettere en Wys= begeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. Dr. G.N. van den Bergh

Potchefstroom 1975.



S. G. Maritz

13912

INHOUD


Bladsy

Inleiding ............................ i - iii

HOOFSTUK 1

VUURDOOP .............................. 1-24

1.1 Die invloed van afkoms en nasionalis= me ................................ 1

1.2 Lid van die Transvaalse polisie ..... 4

1.3 Die uitbreek van die Anglo-Boereoor= log ............................. 4

1.4 Lid van die Johannesburgse polisie= korps ........................... 9

1.4.1 Die Zarps by Colenso ............ 9

1.4.2 Die Zarps by Colesberg .......... 16

1.5 Samevatting en waardering .......... 23

HOOFSTUK 2

VERKENNER VAN KOMMANDANT DANIE THERON ....25-39

2.1 Stigting en organisasie van die Theron's Verkennerskorps ........... 25

2.2 Die T.V.K. as verkenners van genl. De Wet ........................... 30

2.3 Met De Wet en Malan na Kaapland ..... 35

2.4 Samevatting en waardering .......... 38

HOOFSTUK 3

ERVARINGS ONDER KOMMANDANT WYNAND MALAN ..40-50

3.1 In die Kaapkolonie .................. 40

3.2 Samevatting en waardering .......... 49

HOOFSTUK 4

REBELLE-AANVOERDER IN DIE WESTELIKE KAAPKOLONIE ..........................51-107


4.1 Opstand in die Noordweste ............ 51

4.2 Rebelle-aanvoerder ................... 53

4.3 Die tog na Brandvlei ................. 55

4.4 Organisasie en eerste optrede ........ 59

4.4.1 Die leierskap in gedrang ......... 60

4.4.2 Organisasie en voorbereiding ..... 62

4.4.3 Eerste gevegsopleiding ........... 65

4.5 Britse krygsoperasies teen Maritz .... 71

4.5.1 Maj. Jeudwine se optrede teen Maritz ........................... 71

4.5.2 Kol. Capper opereer teen Maritz .. 85

4.6 Eerste suidwaartse offensief ......... 93

4.7 Tweede suidwaartse offensief ......... 101

4.8 Samevatting en waardering ............ 106


HOOFSTUK 5

VEGGENERAAL ...............................108-147


5.1 Saam met Smuts ....................... 108

5.2 Smuts se reorganisasie en aanstelling van Maritz as veggeneraal ............ 114

5.3 Maritz en Smuts veg saam ............. 118

5.3.1 Leliefontein ..................... 118

5.3.2 Operasies teen die myndorpe in Namakwaland ...................... 123

5.3.2.1 Aanval op Springbok ............. 126
5.3.2.2 Aanval op Concordia ............. 128
5.3.2.3 Aanval op Ookiep ................ 130

5.4 Die Vrede van Vereeniging ............. 143
5.5 Samevatting en waardering ............. 145

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN WAARDERING ................ 148-152

6.1 Ontwikkeling en milieu ................ 148
6.2 Sy rol in die Kaapkolonie ............. 148
6.3 Aanvoerder ............................ 150
6.4 Sy persoonlike dapperheid ............. 151
6.5 Sy belang vir die geskiedenis ......... 152

BRONNE .................................... 153

## *LYS VAN KAARTE*


| *NAAM* | *BY* |
|---|---|
| *Die Slag van Modderspruit* ........................ | *p. 7* |
| *Die Slag van Colenso* ............................ | *p. 9* |
| *Zarps by Colesberg* .............................. | *p. 17* |
| *Die T.V.K. en De Wet* ............................ | *p. 25* |
| *Maritz na Kaapland* .............................. | *p. 40* |
| *Optrede in die Noordweste en Eerste suidwaartse veldtog* ........................... | *p. 51* |
| *Tweede suidwaartse veldtog en optrede met Smuts* . | *p.101* |

*Foto's van Maritz e.a. in die omgewing van die myndorpe in Namakwaland - kyk teenoor p.106.*

# INLEIDING

Die Anglo-Boereoorlog is 'n baie belangrike deel van die geskiedenis van Suid-Afrika en is nie te isoleer van die res van ons verlede nie. Die oorlog was 'n uitvloeisel van 'n jarelange stryd tussen Afrikaner=nasionalisme en Britse imperialisme. Hoewel die oorlog in 1902 beëindig is, het dit vir baie jare daarna groot invloed op die Suid-Afrikaanse geskiede=nis gehad, soos in die geval van die Rebellie van 1914. Die Rebellie was 'n gevolg van die Anglo-Boe=reoorlog en Manie Maritz was, soos baie ander Boere=leiers van daardie tyd, een van die skakels tussen die Oorlog en die Rebellie van 1914.

In hierdie verhandeling word Manie Maritz se aandeel in die Anglo-Boereoorlog behandel, nie slegs ter wil=le van 'n vollediger beeld van die Oorlog nie maar ook om Maritz teen die agtergrond van Afrikanernasio=nalisme en -republikanisme uit te beeld.

Maritz se militêre loopbaan tot aan die einde van die Anglo-Boereoorlog is om twee redes as tema gekies. In die eerste plek het die keuse daarop geval vanweë skrywer se belangstelling in persone uit daardie era wat in hierdie verhandeling voorkom, wat die verge=stalting was van die Afrikaner se vryheidsideale. Tweedens is die tema gekies, omdat Maritz 'n besondere rol in die Anglo-Boereoorlog gespeel het en dit direk in verband gebring kan word met die Rebellie van 1914.

Gegewens wat daar oor Maritz in die bestaande geskie= denisboeke opgeteken staan, is ontoereikend om 'n ware beeld van sy aandeel aan die Oorlog te kry. Hierdie verhandeling se doel is om feite uit bestaan= de sekondêre bronne aan te vul uit primêre bronne, dit te sistematiseer en daaruit Maritz se rol in die Anglo-Boereoorlog te beskryf.

Die navorser was in groot mate afhanklik van sekondêre bronne sover dit die tydperk voor Maritz se leierskap in die westelike Kaap aangaan. Hierdie werke is ge= woonlik saamgestel deur persone wat saam met hom ge= veg het en die fokus is normaalweg nie op Maritz ge= stel nie. Daarom is daar getrag om oor die eerste tydperk van Maritz se krygsondervinding die omstandig= hede waarin hy hom bevind het te ondersoek en om daar= uit af te lei watter invloed dit op Maritz gehad het.

Namate Maritz se rol in die Anglo-Boereoorlog belang= riker word, vergroot ook die hoeveelheid primêre bron= ne sodat daar heelwat primêre bronne oor hom vir die tydperk April 1901 tot April 1902 bestaan. Omdat dit die tydperk is waarin Maritz die leierskap in die westelike Kaapkolonie geneem het en hy 'n gedugte re= bellemag teen die Britte op die been gebring het, be= staan daar ook heelwat stof in Engelse bronne en het die Britte vanweë Maritz se belangrikheid ook melding van hom begin maak. Dit geld ook die fase waarin Maritz saam met genl. Smuts gewerk het, omdat daar baie dokumente en geskrifte oor Smuts bewaar gebly het.

Argivale bronne wat direk op Maritz betrekking het, is skaars omdat dit grotendeels verlore gegaan het met sy vlug uit die land in 1902. Dit is wel moont= lik dat daar êrens in Europa, bv. Duitsland, België of Frankryk waar hy op besoek was, van sy dokumente te vind is.

# HOOFSTUK 1

# VUURDOOP

## 1.1 'n Biografiese oorsig

Salmon[1] Gerhardus (Manie) Maritz, 'n direkte na= saat van die Voortrekkerleier Gerrit Maritz, is op die 26 Julie 1876 te Kimberley gebore.[2]

Die jong Manie het op die diamantvelde grootgeword, waar baie mense na hulle fortuin gesoek het. Van= weë die feit dat dit nie altyd met die Maritz-fami= lie finansiëel rooskleurig gegaan het nie, het Ma= nie min formele opvoeding ontvang.[3]

Aangesien Maritz eksplisiet in sy biografie[4] mel= ding maak van sy afkoms, kan mens aanneem dat die wete dat hy 'n afstammeling van Gerrit Maritz was tot gevolg gehad het dat hy met soortgelyke vry= heidsideale vir die Afrikaner besiel was en dat dit hom in sy optrede tydens die Anglo-Boereoorlog

---

1) S.B. Spies: Maritz, Salomon Gerhardus. (In Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I: 535.) Spies gee die eerste naam van Maritz aan as Salomon, terwyl Maritz dit self as Sal= mon aangee. S.G. Maritz: My lewe en strewe, (1939), p.6.

2) Ibid.

3) Ibid.

4) Maritz, ibid.

kon sterk. Hoewel hy in sy latere lewe 'n sterk pleidooi tot die Afrikaner gerig het[5] kan daar nie duidelike bewyse hiervoor gevind word dat dit 'n definitiewe faktor in sy lewe was nie.

Daarbenewens sou die groeiende onrus in die jare na 1881,[6] wat in intensiteit toegeneem het met die stryd tussen Kruger en die Britse Ryk nie onge= merk by Maritz verbygaan nie. Dit was 'n breë nasionale stuwing waarin die republikeinse Afrika= ner gekonfronteer is met die Britse imperialistiese strewe. Brittanje as bedreiging vir die Z.A.R. sou by Maritz, soos by ander Afrikaners die wil versterk om nie die vryheid van die Republiek prys te gee nie. Maritz het juis in daardie spannings= volle jare sy Transvaalse burgerskap verwerf.[7]

Sy emosionele betrokkenheid by die oorlog tussen die Republieke en Brittanje het diep spore in sy lewe getrap. Maritz se aandeel in die vryheid= stryd het sy vaderlandsliefde só ingeskerp dat hy die vryheidsideaal daarna steeds baie hoog geag het.

---

5) Lees S.G. Maritz: Ontwaak Afrikaners, (1940).

6) F.A. van Jaarsveld: Die ontwaking van die Afri= kaanse Nasionale bewussyn 1868-1881, pp. 116-166.

7) Ibid.: Kyk ook: Maritz,(1939). Op cit., p. 6.

Tot met sy dood het hy hom beywer vir die herstel van die Republieke en toe daar in 1911 offisiere gesoek is om in die nuwe Unieverdedigingsmag lei= ding te neem, sou hy en ander oud-Boereoffisiere daarin die geleentheid sien om van die Britse oor= heersing ontslae te raak.[8] Hierdie gedagte, wat Maritz by die Rebellie van 1914 betrek het, was 'n direkte uitvloeisel van die Anglo-Boereoorlog en die Vrede van Vereeniging.[9]

Soos die geval was in 1902, sou Maritz weer in 1915, ná die Rebellie gesmoor is, die land verlaat in selfopgelegde ballingskap en eers in 1923 na die Unie teruggekeer het. Vir sy aandeel in die Re= bellie het hy tronkstraf ontvang, maar na 'n paar maande en met die bewindsaanvaarding van Hertzog en die Nasionale Party in 1924, is hy vrygelaat.[10]

Ook in sy lewe ná 1924 het Maritz hom met die poli= tiek bemoei en dit blyk uit sy deelname aan die Gryshempbeweging, die Ossewabrandwag en ander bewe= gings, dat hy hom vir Afrikaner republikanisme be= ywer het. Sy eie organisasie "Die Boerenasie" ge= tuig daarvan.

---

8) J.C.G. Kemp: Die pad van die veroweraar, p. 109.

9) Maritz: 1939, Op. cit., pp. 84-5.

10) E. Rosenthal: Ensiklopedie van Suidelika Afri= ka, p.313.

In 1940 is die omstrede lewe van Manie Maritz be= eindig in 'n motorbotsing in Pretoria.[11]

## 1.2 Lid van die Transvaalse polisie

Dit was onder ietwat ongewone omstandighede dat Ma= ritz by die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie, of Zarps, aangesluit het. Aan die einde van 1895, toe L.S. Jameson sy aanslag op die Transvaalse Re= publiek gedoen het, was die negentienjarige Manie juis op besoek by familie in Johannesburg. In geselskap van die familie, wat vir hul veiligheid uitgewyk het, het Manie by Vereeniging vir die eerste keer in sy lewe 'n gewapende Vrystaatse kommando, wat ter ondersteuning van president Paul Kruger en Transvaal teen Jameson opgeruk het, ge= sien. Die indruk wat hierdie kommando, as uiting van die Afrikaanse nasionalisme, op hom gemaak het, het hom 'n halfeeu bygebly.[12]

Hierdie gesig, die spanning van die tyd en die emo= sionele invloed van die Jameson-inval, het daartoe gelei dat Maritz hom vir diens by die Zarps aange= meld het.[13]


---

11) S.B. Spies: Op. cit., pp. 537-8.

12) Lees hieroor veral Maritz, (1939): Op. cit., p.6. Spies: Op. cit., p.535.

13) Mens kan ook aanvaar dat hy as negentienjarige moontlik op die uitkyk was vir 'n betrekking en dat die omstandighede verdere aanleiding was vir sy besluit om by die Zarps diens te aanvaar.

DIE SLAG VAN MODDERSPRUIT 30/10/1899



Hy het sy basiese opleiding in Johannesburg onder die vermaarde kmdt. G.M.J. van Dam deurloop. Kenmerkend van hierdie opleiding was dat dit sedert die Jameson-inval al meer 'n militêre karakter aangeneem het na gelang die spanning tussen Brittanje en die Zuid-Afri=kaansche Republiek opgelaai het. Kmdt. Van Dam het hom toegespits op sake soos fiksheid en dissipline en sy polisie in die militêre rol van infanterie en kaval=lerie ingeoefen, sodat die opleiding van die polisie van hoë gehalte was en die Zarps, naas die Staatsar=tillerie, as die enigste opgeleide soldate van die Republiek bestempel kon word.[14)]

Na sy opleiding is Maritz op Doornfontein en daarna op Boksburg gestasioneer[15)] en was, tot met die uit=breek van die oorlog in 1899, onder die wakende oog van Van Dam uit.

## 1.3 Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog

In die eerste fase van sy deelname aan die Anglo-Boereoorlog het Maritz kennis gemaak met heelwat fasette van moderne oorlogvoering en veral die teg=niek van stellinggevegte. Soos die groot meerder=heid van die Boere en selfs van hul generaals, het ook hy geen oorlogservaring gehad nie.[16)] Daarbe=

---

14) G.N. van den Bergh: Die polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 615-621 en 496.

15) S.G. Maritz: My lewe en strewe, pp. 6 en 10.

16) Ibid. Vgl. ook D.W. Krüger (red.): Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 407-8.

newens was dissipline, anders as by die Engelse sol= date, swak.[17]

Boksburg was destyds deel van die distrik Heidelberg en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899, bevind Maritz hom in die geledere van die Heidelbergse burgerkommando op die Natalse grens.

Met die inval in Natal in Oktober 1899 toe die bevel= voerder van die Heidelbergse kommando, genl. Lucas Meyer, teen genl. Yule by Dundee opgeruk het, is 'n klompie burgers, waaronder Maritz, onder vk. Dercksen op die nabygeleë Glencoestasie agtergelaat, waarskyn= lik om die vyand dop te hou in die rigting van Lady= smith om te verhoed dat die Boeremagte uit daardie rigting oorval word.[18]

Maritz se onervarendheid spreek uit die wyse waarop hy die eerste opdrag, wat hy hier van vk. Dercksen ontvang het, uitgevoer het. Hy moes teen 'n naby= geleë koppie uitry om verkenningswerk te doen. Halfpad teen die kop uit het hy mense in kakieklere ongeveer 270 meter links van hom bemerk,[19] maar om= dat hy verwag het dat die vyand rooi uniforms sou dra, soos in die Eerste Vryheidsoorlog, het hy hulle

---

17) Vgl. Van Dam-versameling, A.1044(2).

18) G.S. Preller-versameling, nr. 38, p.255. Vgl. ook Leyds-argief: 766-776. P.A. Nierstrasz. De oorlog in Zuid-Afrika 1899-1902, xv, p.409.

19) Maritz: Op. cit., p. 13.

nie as sodanig uitgeken nie. Toe hy aan sy veldkor=net rapporteer wat hy gesien het, is daar dadelik be=vel gegee dat hy en nog 'n paar man die vyand moet gaan vang.[20] Dit was sy eerste kennismaking met die uiters noodsaaklike verkenningswerk waarin hy later sou spesialiseer.[21]

Na die verowering van Dundee deur genl. Meyer, het Dercksen en sy paar burgers hulle weer by hom gevoeg en na Ladysmith vertrek, ter voorbereiding van die slag van Modderspruit wat op 30 Oktober[22] sou volg. Op wag het Maritz en 'n ander burger, die dag voor die slag, 'n Britse patrollie op 'n afstand van 540 meter gewaar en hy het eers later daarvan bewus ge=word dat dit moontlik die Britse bevelvoerder, genl. sir George White, kon gewees het,[23] wat besig was om die Boerestellings te verken.[24]

Waar Meyer se kommando by Modderspruit ingegrawe was,[25] het Maritz aan sy eerste veldslag deelgeneem. Uit sy optrede het geblyk dat hy nog nie 'n realis=

---

20) Ibid.

21) Vgl. hoofstuk 2 hieronder.

22) C.R. de Wet: De strijd tusschen Boer en Brit, p. 16. Vgl. ook J.C.G. Kemp: Vir vryheid en reg, hoofstuk II.

23) Maritz: Op. cit., p. 14.

24) L.S. Amery (red.): The Times history of the war in South Africa 1899-1902 II, p.111.

25) Maritz: Op. cit., p.14.


tiese beeld van stellinggevegte gehad het nie. Sy opvatting was dat die twee vyandelike magte mekaar bestorm en van naby bestook totdat die een oorgee. Omdat hy geen Brit voor hom kon sien nie, het hy ge= meen dat sy makkers sommer blindelings in die rand in skiet. In die hitte van die geveg het alles vir hom so vervelig geword dat hy selfs aan die slaap geraak het. Hy was gevolglik baie verbaas om, na afloop van die geveg, te sien hoeveel Engelse op sy front gedood is.

Die gebrekkige orde onder die Boerekrygers vroeg in die oorlog het geblyk uit Maritz se optrede toe hy aan die einde van die geveg op sy perd gespring het om die terugvallende vyand agterna te jaag en van hulle te vang. Twee ander burgers wat sy voorbeeld gevolg het, is in die proses gedood. Vir hierdie onbesonne en impulsiewe daad moes Maritz voor die krygsraad verskyn, maar blykbaar het hy slegs 'n teregwysing ontvang.[26)]

Met die slag van Modderspruit het die onervare en on= geskaafde kryger 'n duideliker beeld begin vorm van wat oorlogvoering in realiteit is. Sy dade het tel= kens getoon dat hy die ruwe vegter en nog ver van die afgeronde krygsman was. Die feit dat Maritz onge= dissiplineerd was, deur te lê en slaap tydens die ge=

26) Ibid., pp. 14-16. In die krygsraadnotule van die K.G. kan geen spoor gevind word van moont= like optrede teen Maritz in 'n krygshof nie. Kyk K.G. 353: 1, 1899-1902. Notule van die Krygs= raad.

# DIE SLAG VAN COLENSO 15/12/1899



veg en daarna na eie goeddunke die vyand te bestorm, kan toegeskryf word aan die feit dat hy direk na sy polisie-opleiding in Johannesburg, waar hy onder die strenge oog van kmdt. van Dam was, na ander polisie= stasies oorgeplaas is waar die dissipline en oplei= ding moontlik swakker was. Verder kan ook aange= neem word dat hy in die algemene onordelikheid van die burgerkommando's verval het.

Tog het hy goeie ondervinding van noodsaaklike aspek= te van die krygskuns, soos verkenning, wagstaan, stel= linggevegtegniek en dissipline opgedoen. Belangrik= ste van alles is dat hy geleer het dat die gewone kryger op bevele van sy offisier moet reageer en dat onverantwoordelike optrede gevaar kan inhou.

## 1.4 Lid van die Johannesburgse polisiekorps

### 1.4.1 Die Zarps by Colenso

Die Johannesburgse Zarps het op 26 Oktober 1899, onder bevel van kmdt. van Dam, uit Johannesburg ver= trek[27] om hul kragte by die ander Boeremagte in te werp en het hulle, soos Maritz, hulle vuurdoop by Modderspruit gehad.[28] Die polisie van Van Dam het

27) Nierstrasz: Op cit., p.407(a). J.H. Breytenbach: Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I, p.307.

28) C.R. de Wet: Op. cit., p.16.

uit 150 berede en 250 voetsoldate bestaan,[29] afkoms=tig uit die Randse dorpe Heidelberg, Boksburg, Kru=gersdorp, Florida en Doornkop. Die ander offisiere was 1te. P.R. Oosthuizen, F.H. Pohlman, M. Murphy, J. van Zyl en N. van der Westhuyzen.[30]

Die teenwoordigheid van hierdie Zarps was noodsaaklik vir die Boere aan die front, aangesien daar bloedwei=nig burgers was wat professionele militêre opleiding ondergaan het, soos die geval met die polisie en die Staatsartillerie was. Omdat die Zuid-Afrikaansche Republiek nie oor 'n uitgebreide staandemag beskik het nie, is daar met die opleiding van die polisie in Transvaal, sedert die Jameson-inval, toegespits op die noodsaaklikheid van staatsbeveiliging en is hulle vertroud gemaak met die take van infanterie en kavallerie. Weens hul opleiding en dissipline was die polisie in staat om te dien tot voorbeeld vir die onopgeleide burgers.[31]

---

29) Volgens van Dam-versameling A1044(2), p.64, is aanvanklik beplan dat 500 polisie saam met hom sou vertrek, maar dit is verminder na 400, 150 berede en 250 te voet, hoofsaaklik ongetroudes. Volgens L.A. Visagie: Kmdt. G.M.J. van Dam en die Johannesburgse polisie (In: Die Huisgenoot, 15/7/22 p.108), was daar 400 berede polisie. Dit wil voorkom of hierdie artikel gebaseer is op die Van Dam-manuskrip, maar die feite is nie korrek weergee nie.

30) Van Dam-versameling: Op. cit., p.64.

31) Van den Bergh: Op. cit., pp.804-5 en 853-8.

Maritz het hom ná Modderspruit by die Zarps gevoeg en sou voortaan saam met hierdie professionele kry= gers, sy ou makkers, optree.[32] Aan die begin van Desember 1899 het die Zarps na Colenso vertrek[33] waar Maritz kosbare ondervinding sou opdoen onder die uiters bekwame opperbevel van genl. Louis Botha.

Botha was in volle bevel van die Boeremagte met die Slag van Colenso, aangesien kmdt.-genl. Piet Joubert siek was. Die wyse waarop Botha sy slagveld gekies en die taktiek wat hy tydens die Slag gebruik het,[34(a)]

---

32) Maritz: Op. cit., p.16.

33) Ibid., p.17.

34(a) Genl. Botha het sy stellings goed gekies en be= hoorlik gebruik gemaak van die ligging van die heuwels en die rivier. Hy het in samewerking met kmdt.-genl. Joubert, wat aanbevelings na hom deurgestuur het, die volgende strategie aangewend:
(1) patrollies het die vyand se bewegings gedurig dopgehou;
(2) oor- en deurgange van die rivier is deeglik beskadig;
(3) hy het gepoog om soveel moontlik burgers by die slag te betrek;
(4) hy het nie op artillerie staatgemaak nie, maar wel op kleingeweervuur;
(5) hy het nie dadelik al sy krygers laat deel= neem nie maar vars troepe agtergehou om hulle later in te stuur;
(6) elke kommando moes hulpkommandante en -veld= kornette aanwys;
(7) die burgers moes wagstaan om nie oorrompel te word nie;
(8) die burgers moes hulself goed versteek om nie sigbaar vir die vyand te wees nie;
(9) die groot walaers is afgeskaf en slegs baie klein laers is opgestel, aangesien baie burgers in die walaers wou agterbly en nie veg nie;
(10) oor elke 25 man moes 'n vegkorporaal toesien dat elkeen sy plig tydens die geveg doen. Vgl. Breytenbach: 1971, Op. cit., II, pp.238-344.

het geen geringe bydrae gelewer tot die uitbouing van Maritz tot 'n volwaardige krygsman nie. Hy het later in die oorlog self gedeeltelik van die taktiek gebruik gemaak.[34(b)]

Hy was een van die ongeveer 80 man[35)] onder bevel van lt. Pohlman wat hulle naby Fort Wylie[36)] in die bog van die Tugela saam met die Krugersdorpkommando inge= grawe het.[37)] Hulle moes veral help om die stel= lings van kmdt. Josias Joubert op die Bosrand, oos van die rivierbog, en die trein- en wabruê na die weste te verdedig.[38)] Op die wyse sou Maritz in die brandpunt van die Slag van Colenso beland. Sy posisie was in die sentrum van die Boerestellings waar die Britte se aanvalle die hewigste sou wees.

Vir Maritz het die Slag op 15 Desember om 01h00 begin, toe daar beweging in die vyandelike kamp waargeneem is en genl. Botha sy kommando's op hul hoede gestel het.[39)] Teen 04h00 het die Britte hul opmars begin en sowat 'n uur later het hulle skeepskanonne op die

---

34(b) Kyk p.81 Nieuwoudtville-Gannabosch.

35) H.A. Mocke: Die Slag van Colenso, p.126.

36) Vgl. kaart van Colenso. Ibid.

37) Ibid.

38) Ibid., p.134.

39) Preller-versameling A.749. Herinneringe van Van Heerden; Breytenbach: 1971. Op cit., II, p. 263.

Boerestellings losgebrand. Op bevel het elke burger gewag op Botha se teken om vuur te open. Omdat daar geen reaksie van die Boere se kant teen die bombarde= ment en opmars gekom het nie, het die Britte foutiewe= lik gereken dat die vyand gedurende die nag sy stel= lings ontruim het. Met hierdie taktiek het Botha daarin geslaag om die vyand te verras en vir die Boere 'n morele voorsprong op te bou.

Die Britse aanmars het oor 'n front van ongeveer drie kilometer breed en anderhalf kilometer diep gestrek.[40)] Die meer as 20 000 Britte[41)] (teenoor die ongeveer 5 000 Boere)[42)] moes vir Maritz 'n oorweldigende ge= sig gewees het. Hy het dit jare later so beskryf:

> "Sover as mens kon sien was daar oorkant die rivier net kakies te sien; dit was kakies so= ver die oog gereik het. Dit wemel en krioel van die kakies. Hulle kom soos golwe aan, en probeer om die rivier en die brug te bereik. Maar golf op golf word terug en plat geskiet deur die Boere".43)

Vroeg die oggend het kol. Long met twee batterye ka= nonne, twaalf in getal, dit tot ongeveer 550 meter

---

40) Mocke: Op. cit., pp.112-4; Van Dam-versameling: Op. cit., p.92.

41) Breytenbach: 1971, Op. cit., II, p.240.

42) Mocke: Op. cit., p.70; Breytenbach: 1971, Op cit., II, p.240.

43) Maritz: Op. cit., p.17.

suid van die stelling waar Maritz hom bevind het, ge= waag, sy kanonne afgehaak en op die Boerestellings begin skiet.[44] Genl. Botha het Long toegelaat om sy kanonne behoorlik te ontplooi voordat hy die teken gegee het dat die Boere met kleingeweerspervuur op die vyand moes lostrek. Hierdie dodelike selfbeheer= sing wat Botha op sy krygers afgedwing het, het die voordeel wat die Boere gehad het as gevolg van die onsekerheid onder die vyand, nog verder vergroot. Die artilleriste van Long het na 'n kort en kragtige skermutseling teruggeval en kon dit nie weer naby hul kanonne waag nie.[45]

Teen 16h00 het Maritz gehelp om tien van Long se ka= nonne buit te maak toe lt. Pohlman met sy Zarps en ook kmdt. Emmet van Krugersdorp die vyand verdryf en 'n klompie gevange geneem het.[46] Twee van die twaalf kanonne is reeds vroeër die dag deur 'n paar baie dapper en waaghalsige Britte buite bereik van die Boere geneem.[47]

---


44) Mocke: Op cit., p.125; Van Dam-versameling: Op. cit., p.94; J.F. Naudé: Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp, p.71; Kyk ook Mary C. Borer: The Boer war, p.43. Lg. bron gee voor dat Buller op pad was na Ladysmith en by Colenso in 'n lok= val gelei is.

45) Leyds-argief 763, nr. 76. Verslag van lt. Thom= son; Mocke: Op. cit., p.125. Van Dam-versameling: Op. cit., p.94; A.C. Doyle: The great Boer war, pp.185-7.

46) Van Dam-versameling: Op. cit., p.94; Sien ook G.S Preller: Kaptein Hindon, p.84; Naudé: Op. cit., p.73.

47) Breytenbach: 1971, Op. cit., II, p.300.

# ZARPS BY COLESBERG JAN.- FEB. 1900



In sy boek gee Maritz sy ontevredenheid te kenne dat die Boere nie die sukses van die dag opgevolg en die Engelse agternagesit het nie, om die oorwinning des te groter te maak.[48] Aan die een kant moes hy daar=aan gedink het dat die relatief handjievol Boere teen die getalle-oormag Britte nie die mas sou opkom in 'n lopende geveg nie en dat dit vir die Boere groot ver=liese sou beteken wat hulle in erger mate sou bena=deel as getalsverlies vir die vyand. Aan die ander kant kon 'n beplande aanval teen die Engelse direk na 15 Desember hul gebreekte moraal verder verbrok=kel het en van beslissende aard gewees het vir die verdere verloop van die oorlog. Maar of Maritz op dié stadium van die oorlog, met sy beperkte kennis van oorlogvoering, die konsekwensies van sy agter=volgingsidee kon insien, is te betwyfel en dit is moontlik dat dit die resultaat van sy latere ryp denke is. Dat hy gevoel het dat die vyand agter=volg moes word, stem ooreen met sy optrede met die Slag van Modderspruit waar hy graag die vyand wou vang en hierdie idee van hom is verder versterk deur lt. Pohlman en kmdt. Emmet se optrede by Colenso.

Na afloop van die slag is gevind dat daar 'n verlies van ongeveer 2 000 Britte was,[49] wat beteken dat hulle in groot getalle op die slagveld gesaai moes

48) Maritz: Op. cit., p.18. Kyk ook: Preller: Hindon, Op. cit., p.84 aangaande opvolging van die oorwinning.

49) Kemp: Op. cit., p.260. Sien ook: Naudé: Op. cit., p.74.

gelê het. Die menslikheid in Maritz spreek uit sy beskrywing van die gesneuwelde en gewonde soldateby Colenso:

> "Daar was geen haat nie. Nou, tussen die ge= kreun van die gewondes en die sterwende, was daar geen Boer of Brit nie, daar is net mense wat gehelp moes word, en mense wat help".50)

Dié humane in Maritz sou ook later by verskeie ge= leenthede gedurende die oorlog uit sy optrede na vore kom.[51)]

Dit is ook nodig om daarop te wys dat hy in die pas afgelope veldslag in die geledere van die Zarps, wat as van die beste vegters van die Republiek bestempel is, geveg het. Die omstandighede waarin Maritz hom bevind het, was 'n betekenisvolle leerskool vir sy toekomstige rol in die oorlog.

## 1.4.2 <u>Die Zarps by Colesberg</u>

Op die Kaapse front het sake intussen skeef geloop vir die Republikeinse magte. Genl. French was van= uit Kaapland in opmars en die ongedetermineerde repu= blikeinse magte by Colesberg sou nie opgewasse teen die aanslae van die vyand wees nie.

---

50) Maritz: Op. cit., p.19.

51) Sien hieronder pp.78, 90.

Daarom was die Zarps in aanvraag om teen French te help veg en terselfdertyd te dien tot inspirasie vir die Boere.[52] Die welslae waarmee die polisie en die Staatsartillerie van Transvaal reeds opgetree het, moet toegeskryf word aan hul opleiding voor die oor= log en het van hulle gesogte eenhede gemaak.

Omdat die Britse magte in steeds toenemende mate die suidelike grens van die Vrystaat bedreig het, het pres. Steyn 'n versoek tot pres. Kruger gerig dat hy hulp moes verleen aan Schoeman, die bevelvoerder van die Vrystaters in die omgewing van Colesberg. Kruger het die Zarps vir dié doel afgesonder. Kmdt. van Dam, wat intussen na Johannesburg is, het op 23 De= sember 1899 per telegram 'n opdrag aan lt. Oosthuizen gestuur dat die Zarps, wat by Colenso was, dadelik na Johannesburg moes kom om vandaar, onder Van Dam se direkte bevel, na Colesberg te vertrek.[53]

Die feit dat Maritz lid was van 'n uitsoekkorps wat spesiaal gestuur is om vir ander as voorbeeld en in= spirasie te dien en alom geprys is, moes veel bete= ken het vir sy eie waardigheid en moraal.

---

52) Van Dam-versameling: Op. cit., pp.96-97; Vgl. ook: Van Dam-versameling, A788(1): Oorlogste= legramme Okt. 1899-April 1900, telegramme 22-23 Des. 1899.

53) Ibid. Lt. Oosthuizen was waarnemende bevel= voerder van die Zarps in afwesigheid van kmdt. van Dam.

Die taak om genl. French se opmars te stuit het op die skouers van genls. H.J. Schoeman, F. Grobler en hoofkmdt. Piet de Wet gerus.[54)]

Die rede vir die noodsaaklikheid van die Zarps se teenwoordigheid was daarin geleë dat Schoeman blyk= baar nie opgewasse was vir die taak wat hom opgedra is nie.[55)]

Hoewel kmdt.-genl. Joubert nie al die lede van die polisiekorps na die Kaap wou stuur nie, het hy, op sterk aandrang van Van Dam, uiteindelik toegelaat dat hulle op volsterkte vertrek. Hulle is per trein via Johannesburg na die Vrystaat en het op 29 Desem= ber 1899 in Edenburg, 80 kilometer suid van Bloemfon= tein en 150 kilometer vanaf die Colesberg-gevegsfront aangekom.[56)]

Die bevelvoerders van die Boere by Colesberg het in= tussen op 27 Desember besluit om hul stellings by Rensburgspoorweghalte, ongeveer 25 kilometer suid van Colesberg, weens die sterk aanslae van genl. French te ontruim en die koppe by Colesberg te beset.

---

54) Van Dam-versameling, A.1044(2): Op. cit., p.97; Amery: Op. cit., III, p.121.

55) Van Dam-versameling: Op. cit., pp.70, 94 en 97; Lees ook: W.K. Hancock: Selections from the Smuts Papers, I, p.575-576.

56) Van Dam-versameling: Op. cit., p.97.

Die Boere was op hul linker- en regterkante swak be= skerm en French het tydens die geveg op 30 Desember op daardie swak punte gekonsentreer.[57]

French se vasberade aanvalle het Schoeman genoop om weer eens dringend hulp aan te vra en 'n telegram is op 31 Desember aan die Zarps gestuur. Hulle was nog steeds op Edenburgstasie en op versoek van pres. Steyn het Van Dam onmiddellik met sy Zarps na Coles= berg vertrek en die Oranjerivier op 1 Januarie 1900 oorgesteek.[58]

Die aankoms van die Zarps het nuwe inspirasie vir die gedemoraliseerde Boere by Colesberg beteken, maar ook French se magte het aansienlike versterkings byge= kry.[59] Die polisie het met die intrapslag, op 4 Januarie, aan 'n geveg tussen Colesberg en Coleskop deelgeneem.[60] Schoeman se manskappe het reeds gou begin terugval, maar die Zarps het hul stellings be= hou en dapper voortgeveg, om met hul hewige vuurtempo die Britse kavallerie terug te hou ter beskerming van die terugvallende Boere. Dit is opvallend dat die polisie, wat in hul posisies gebly het, geen verliese

---

57) J. Oosthuizen: Jacobus Herculaas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.195(1); Sien ook: J. Selby: The Boer war, p.80.

58) Van Dam-versameling: Op. cit., p.97.

59) Amery: Op. cit., III, p.135.

60) Van Dam-versameling: Op. cit., p.101; Maritz: Op. cit., p.20.

gely het nie, terwyl van die terugvallendes ses ge= dood, 14 gewond en 21 gevange geneem is. Daarteen= oor het die Britte 22 man gewond en gedood afge= staan.[61]

Maritz en sy kamerade het met hierdie geveg aan die ander Boere getoon dat dapperheid meer sukses inhou as om die weg van die minste weerstand te volg. Af= gesien van die morele waarde van die Zarps het hulle ook verhoed dat French die Colesbergspoorwegstasie verower en vandaar verder noordwaarts na die wabrug kon deurdring.[62]

Genl. French was van plan om Grasheuwel, een van die talle heuwels noord van Colesberg, terwille van sy taktiese waarde in te palm.[63] Hy het daarom aan kol. Eustace opdrag gegee om op 6 Januarie teen die vyand op Grasheuwel te opereer, terwyl kol. Porter die sentrale Boerestellings sou aanval om te verhoed dat die Boere op Grasheuwel enige versterkings ont= vang. Eustace het in die uitvoering van sy taak aan kol. Watson opdrag gegee om die heuwel te bestyg en die werklike aanvalswerk te verrig. Vroeg die oggend van 6 Januarie het die Britse mag tot die aan= val oorgegaan.[64]

---

61) Van Dam-versameling: Ibid. Vgl. ook: Preller: Hindon, Op. cit., pp.47-48.

62) Oosthuizen: Op. cit., pp.195-6.

63) Ibid.

64) Amery: Op. cit., III, p.136; Oosthuizen: Op. cit., p.196.

Op Grasheuwel was ongeveer 200 Heilbronners ingegrawe met die polisie nie ver daarvandaan nie. Toe die eerste skote knal, het die Zarps hulle na die gevegs=terrein gehaas en gevind dat die Heilbronburgers reeds begin terugval het. Op die kruin van die heu=wel het lte. Oosthuizen en Maré die Zarps haastig laat stelling inneem. Hulle het onmiddellik met he=wige kleingeweervuur op die Britte losgebrand om hulle te stuit en die vlugtende Vrystaters 'n kans te gee om tot verhaal te kom en voort te gaan met die geveg.[65] 'n Halfuur later het lt. Maré 'n aanval op die regterflank van Watson se Suffolks ge=doen en na 'n verdere tien minute het die Britte be=gin vlug en oorgee, met agterlating van heelwat ge=sneuweldes en gewondes.[66] Die polisie van Van Dam het met die geveg op Grasheuwel verdediging in aanval omskep deur hul vasberadenheid en dapperheid en so=doende tot die redding van die ander Boere gekom. Terselfdertyd het hulle verhoed dat die Britte die belangrike heuwel beset.[67]

Na genl. Koos de la Rey se aankoms by Colesberg vanaf die Modderrivier op 8 Januarie, het hy kmdt. Van Dam gevra om met die polisie by sy kommando aan te sluit, maar Schoeman wou dit nie toelaat nie, aangesien sy manskappe onwillig was om die stellings by die Zarps

---

65) Oosthuizen: Ibid.

66) Van Dam-versameling: Op. cit., p.104; Amery: Op. cit., III, p.137-8.

67) Van Dam-versameling: Ibid.

oor te neem. Nieteenstaande die onwilligheid van Schoeman het Van Dam die polisie beveel om gereed te maak om hulle by genl. De la Rey te voeg.[68] Moont=lik wou De la Rey die Zarps gebruik om ook sy manskap=pe ten goede te beïnvloed deur vir hulle 'n voorbeeld te wees in gevegsomstandighede. Toe die polisie op 11 Januarie nog nie by hom opgedaag het nie, het die vasberade De la Rey aan Schoeman laat weet dat hy nog steeds op hulle wag.[69]

Die verdere gevegte waaraan die Van Dampolisie hierna deelgeneem het, was onder bevel van genl. De la Rey. Gesamentlik het hulle begin om die Britse opmars terug te dwing en op 11 en 12 Januarie French se aanval by Slingerfontein, ongeveer 20 kilometer suidoos van Colesberg, afgeweer. Daarna het De la Rey vir French op 23 Januarie teruggedryf tot by Bastersnek.[70] Teen die begin van Februarie 1900 het hy die situasie aan die suidelike grens van die Vrystaat beheer en tyde=like verligting vir die Boeremagte gebring.[71]

Genl. De la Rey het 'n groot indruk op Maritz gelaat, moontlik omdat die Generaal iets geopenbaar het van 'n groot militêre leier, streng was en nie gehuiwer het

---

68) Ibid., p.105.

69) Leyds-versameling 763: IV, p.33. Ferreira (se=kretaris van De la Rey) — Schoeman.

70) Van Dam-versameling: Op. cit., pp.105-8.

71) Ibid., p.109.

om dissipline, selfs met die sambok, te handhaaf nie:

> "Daar het ek gesien hoe mooi Genl. de la Rey lyk as hy in 'n geveg injae. Dit was 'n ge=sig soos van 'n arend, met baard aan weerskante van sy gesig verby. Onverskrokke jae hy on=der die koeëls in. Dit was hier nie nodig om te wag vir die sjambok om te begin nie. Sy oë was genoeg".72)

## 1.5 Samevatting en waardering

Tot dusver kan Maritz se optrede in die Anglo-Boereoorlog as twee voltooide fases beskou word. In die eerste geval was dit die onervare burger se toe=trede tot die stryd waarin hy vir die eerste keer met die realiteit van oorlogvoering kennis maak. In hierdie eerste fase is hy deur foute wat hy gemaak het, geskaaf en gevorm tot die kundiger kryger, hy het meer krygsman as vegter geword. In die tweede fase het hy hom in die polisiekorps onder Van Dam be=vind en is hy deur sy ondervindinge in hierdie uit=soekkorps saam met hulle verder geslyp tot 'n beter afgeronde soldaat wat gebruik is om vir andere tydens die oorlog as voorbeeld te dien.

Maritz het in dié twee fases met verskeie elemente van die krygskuns kennis gemaak. Kennis van die vyand se taktiek en verkenningswerk was van sy eerste ervaringe. Hy het deeglik kennis gemaak met die

---

72) Maritz: Op. cit., p.21.

hantering van stellingsgevegte en frontaanvalle, ver=al tydens die veldslae by Modderspruit en Colenso.


Ander elemente van die krygskuns wat deel van Maritz se skoling uitgemaak het, was die waarde van dissi=pline en orde, wat hom beïndruk het as uiters belang=rik vir suksesvolle optrede. Dat 'n soldaat beide dapperheid en deursettingsvermoë moet toon, het hy saam met die Zarps ondervind en die teendeel daarvan by die burgers van genl. Schoeman te Colesberg waar=geneem.

In kmdt. Van Dam het Maritz goeie leierskap kon waar=neem. Van Dam was bekend vir sy goeie hantering van die polisie en was verantwoordelik vir die goeie dissi=pline.

Die beeld wat genl. Louis Botha geskep het van 'n goeie strateeg wat betref gevegsbeplanning en krygs=taktiek moes bepaald tot Maritz se vorming as soldaat bygedra het. Ten slotte was daar ook genl. De la Rey wat 'n toonbeeld van vasberadenheid en 'n waardige leier was. Hy was bevoorreg om in so 'n kort tydperk van die oorlog met soveel vermaarde persoonlikhede aanraking te kon hê.

Hierdie fases het gedien tot die algemene vorming van Maritz as kryger en was terselfdertyd 'n deeglike fon=dament waarop hy sy verdere krygskennis kon bou. Voor=taan sou hy spesialiseer as verkenner van die vermaarde de Danie Theron.

## DIE T.V.K. EN DE WET



# HOOFSTUK 2

# VERKENNER VAN KOMMANDANT DANIE THERON

## 2.1 Stigting en organisasie van die Theron's Verkennerskorps (T.V.K.)

Die nuwe tydperk wat Maritz betree, val ongeveer saam met die ongunstige wending wat die oorlog vir die Republieke geneem het. Weens die oormag van die vyand kon die Boere nie volhou met 'n stelling=oorlog nie en moes hulle noodgedwonge 'n ander stra=tegie uitwerk. In die guerilla-oorlog wat sou volg, was die groot vereiste waaraan die republikei=ne moes voldoen, beweeglikheid. Om beweeglik te kon wees en om die vyand te kon verras moes die Boere deeglik kennis dra van die bewegings van die vyand en was behoorlike verkenningswerk nodig.

As lid van 'n verkennerskorps is Maritz in die ge=leentheid gestel om nie alleenlik baie goeie kennis van verkenningswerk te verkry nie, maar ook om heel=wat ondervinding van guerilla-oorlog in die geselskap van genl. C.R. de Wet op te doen.

Reeds voor die oorlog het Theron die "Wielrijders Rap=portgangers Corps der Zuid-Afrikaansche Republiek" gestig wat bedoel is om inligting oor die Britse mili=têre voorbereiding te kry. Hy het aan die begin van

die oorlog waardevolle werk by Colenso en Spioenkop gelewer en genl. Botha was ten gunste daarvan dat hy 'n korps moet stig met die uitsluitlike doel voor oë om verkenningswerk te verrig. Hy het in Februarie 1900 by die mag van genl. De Wet wat in die Vrystaat geopereer het, aangesluit, en het hy einde Februarie 1900 op heldhaftige wyse 'n boodskap van De Wet aan die vasgekeerde genl. Piet Cronje by Paardeberg oor= gedra.[1]

Theron het gevoel dat 'n goedgeorganiseerde verken= nerskorps, met die uitsluitlike doel om verkennings= werk te verrig 'n noodsaaklikheid vir die Boere ge= word het. In De Wet se laer het hy die Transvaalse Uitvoerende Raadslid, A.D.W. Wolmarans, ontmoet en die moontlikhede van die oprigting van so 'n korps met hom bespreek. Wolmarans sou op sy beurt toe= stemming van pres. Kruger verkry en Theron kon daar= na sy planne ten uitvoer bring.

By die aanstelling van lede vir die verkennerskorps het Theron vrywilligers self gekeur en voorrang ver= leen aan persone wat reeds hulle staal getoon het.[2] Ook het 'n paar van die Johannesburgse polisiemanne by die T.V.K.[3] aangesluit, nadat hulle na die Vry=

---

1) S.B. Spies: Theron, Daniël Johannes Stephanus. (In Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, II: 759.)

2) J.H. Breytenbach: Kommandant Danie Theron, pp. 142-5.

3) Maritz: Op. cit., p.23.

staat teruggekeer het.[4] Ander verkenners van wie ons later meer sal verneem, was Barnie Enslin, Wynand Malan, Naas van Wyk, Stoffel Schoeman, Victor Hugo en die vyftienjarige Piet Joubert (Joubertjie). Daar was ook heelwat uitlanders wat tot die T.V.K. toege= laat is. Strohlman, 'n Rus, en die Fransman Robert de Kersauson was die bekendstes onder hierdie groep.[5]

Met die samestelling van die korps was Theron waar= skynlik geneë om lede van die Zarps aan te neem van= weë hul opleiding en roemryke militêre optrede. Van sulke manne sou hy onmiddellik 'n hoë standaard van bekwaamheid kon verwag.

Voordat die verkenningskorps in rat gekom het, is Maritz, kort na sy aansluiting by die T.V.K., deur Theron saam met genl. S.P. du Toit gestuur om vanaf Veertienstrome na Klerksdorp verkenningswerk te doen.

---

4) De la Rey-versameling A.313: Dagboek van De la Rey, p.41. Vlg. De la Rey was die kommissari= aat van genl. Schoeman swak en het Schoeman ook nie behoorlik gesorg vir sy manskappe nie. Daarom het De la Rey baie van hulle, veral van die polisie, teruggestuur Vrystaat toe. Kyk ook: Van Dam-versameling: Op. cit., p.102.

5) R. de Kersauson: Ek en die Vierkleur, pp. 13-14. Vgl. ook: Breytenbach: Theron, Op. cit., p.183.

Nadat Maritz hierdie taak afgehandel het, het hy na Pretoria vertrek om hom by Theron en Enslin te voeg,[6] wat intussen in die Transvaalse hoofstad vir die T.V.K. gaan voorrade haal het. Die res van die T.V.K. was nog in die Vrystaat en gerugte van die groot Britse offensief onder lord Roberts, wat die Boeremagte in die O.V.S. wou platloop, het Theron daarheen laat te=rugkeer.[7] Aan die spits van sy korps het Theron gesorg dat inligting oor die Britte se bewegings en planne aan die Boeremagte bekend gemaak word, sodat hulle ordelik en sonder groot verlies, eers na Bloem=fontein en daarna na Pretoria, kon terugval.[8]

Kapt. Theron[9] en sy verkenners het aan die einde van Mei 1900 uit die Vrystaat in Pretoria aangekom en Maritz, wat nog steeds in die Hoofstad was, het hom by Eerstefabrieke by die T.V.K. gevoeg. Nadag hulle die nodige proviand ontvang het, het die verkenners na Middelburg (Transvaal) vertrek, waar Theron die korps kon reorganiseer.[10]

Die getal verkenners het van Februarie tot Mei 1900 tot 200 aangegroei en die drie luitenante van die

---

6) Maritz: Op. cit., p.23.

7) Breytenbach: Theron, Op. cit., pp.166-8; Amery: Op. cit., III, pp.553-5.

8) Spies: Op. cit., p.758.

9) Theron is aangestel as kaptein, hoewel die rang van majoor op veldkornet gevolg het. Lees: Brey=tenbach: Theron, Op. cit., p.144.

10) Theron-versameling, A.285, nr. 28: Versteeg - Van Tonder, 25/8/1939. Kyk ook Maritz: Op. cit., p.24.

korps sou nie al die werk langer kon behartig nie. Daarom het Theron vir Maritz en Strohlman as luite=nante aangestel.[11] Hierdie bevordering van Maritz is van besondere betekenis, aangesien die T.V.K. uit 'n klompie uitgesoekte manne bestaan het. Moont=lik hou sy aanstelling ook verband met die sending saam met genl. S.P. du Toit vroeër.[12] Sy wederva=ringe saam met die Zarps het sekerlik ook in sy guns getel.

Na die val van Pretoria is besluit dat die T.V.K. voortaan 'n aggressiewer rol sou speel en nie uit=sluitlik op verkenningswerk sou toespits nie.[13] Dit het beteken dat die verkenners ook as 'n gevegseen=heid sou optree en vir so 'n rol was Maritz op die stadium reeds uiters geskik. Tog sou die verken=ningsaspek van die T.V.K. se taak nie agterweë bly nie. Die integrering van hierdie dubbele rol sou mooi inpas by die nuwe guerilla-tegniek. Die ver=antwoordelikheid van die verkenners het grootliks toegeneem en die belangrikheid van hul taak kan moei=lik oorskat word.

---

11) Breytenbach: Theron, Op. cit., p.183; Vgl. ook: Spies: Op. cit., p.759. H. Verloren van Themaat: Twee jaren in den Boerenoorlog, pp. 97 en 104. Jan Theron, Barnie Enslin en Pretorius was reeds luitenante van Danie Theron.

12) Maritz: Op. cit., p.23.

13) Spies: Op. cit., p.759.

## 2.2 Die T.V.K. as verkenners van genl. De Wet

Aangesien die Britte die wêreld vir die Boere begin warm maak het, het Theron en sy verkenners op 6 Junie 1900, op versoek van genl. De Wet en pres. Steyn, uit Middelburg vertrek om hulle in die Vrystaat by De Wet se magte te voeg. Teen 14 Junie het hulle die Vaal=rivier in die omgewing van Villiers oorgesteek en die Vrystaatse regering by Frankfort ontmoet. Op 23 Ju=nie het die T.V.K. by De Wet, wat besig was om die Britte van genl. Paget in Lindley vas te keer, aange=sluit. Theron se poging om die dorpie stormender=hand in te neem, het misluk en die verkenners moes daarna help om die ontsettingsmag van kol. A.M. Brook=field te stuit.[14)]

Aan die begin van Julie het 'n aantal Britse magte kragte saamgesnoer onder genls. McDonald, Clemens, Hunter en Boadwood en teen genl. De Wet opgeruk. Genl. De Wet moes na die dorpie Bethlehem terugval en is in die proses bygestaan deur die verkenners, waar=onder ook Maritz. De Wet het die vroue en kinders suidwaarts na Fouriesburg laat gaan, sodat hy die plek kon verdedig.[15)]

---

14) Ibid.

15) C.R. de Wet: Op. cit., p.106. Op soortgelyke wyse het Maritz ook later gesorg dat burgerlikes beskerm word. Kyk hieronder: Hoofstuk 4.4 ens.

Die stryd om besit van Bethlehem het op 6 Julie ont= brand en De Wet kon die Britse oormag nie met welslae stuit nie. Met die terugval van die Boere het die T.V.K. harde bene gekou toe hulle die agterhoede moes beskerm.[16] De Wet het in die rigting van Retiefs= nek beweeg, waar die verkenners van Theron as die be= langrikste wagte van die Boerekommando's opgetree het.[17]

De Wet het besef dat die Britte besig was om hom teen die Witteberge vas te keer en met behulp van goeie verkenningswerk, o.a. deur die T.V.K., kry hy dit reg om in die omgewing van Slabbertsnek ongemerk tussen die Britse magte deur te trek.[18] Die T.V.K. het 'n leeue-aandeel in hierdie maneuver van De Wet gehad en die verkenners het weer eens die agterhoede van die Boere beskerm ingeval die vyand De Wet van agter sou aanval.[19]

De Wet het daarna noordwaarts beweeg om Transvaal te probeer bereik met die verkenningskorpse van Theron en die ewe vermaarde Gideon Scheepers, wat onderskei= delik die agter- en voorhoede gedek het.[20]

---

16) Breytenbach: Theron, Op. cit., pp. 192-4; Amery: Op. cit., IV, p.309. Spies: Op. cit., p.759.

17) De Wet: Op. cit., p.108.

18) Breytenbach: Theron, Op. cit., p.197.

19) Theron-versameling: Op. cit., nr. 41. J. Versteeg se verklaring.

20) C.R. de Wet: Op. cit., p.116; Vgl. ook: G.S Preller (red.) Scheepers se Dagboek, p.17; Preller: Hindon, Op. cit., p.149.

Theron se verkenners was in 'n groot mate verantwoordelik vir die beweeglikheid wat De Wet se magte aan die dag gelê het. Theron het gewoonlik sy manskappe in groepe van twaalf ongeveer 'n halfkilometer van mekaar laat stelling inneem, sodat hulle deur kwelvuur die vyand enersyds mislei het aangaande die werklike sterkte en bewegings van De Wet se hoofmang, en andersyds aan De Wet 'n groot mate van bewegingsvryheid verleen het.[21)]

Aangesien die Boere nie voorraaddepots gehad het nie, was hulle op buit van die Britse kommissariaat aangewys en Maritz sou van die praktyk om eie voorraad uit dié van die vyand aan te vul, waardevolle eerstehandse kennis opdoen.

Theron het seker gemaak dat De Wet veilig kon voorttrek en het op 22 Julie De Wet se magte verlaat om 'n Britse trein, vanaf Kroonstad, by Heuningspruit te oorrompel, die nodige buit te neem en die res met die trein te verbrand.[22)] Die dag daarop is Theron deur De Wet volgens besluit van die krygsraad, tot kommandant bevorder.[23)] Dié bevordering het nie alleen die aansien van Theron verhoog nie maar ook dié van die verkenners wat hom bygestaan het in sy werk.

---

21) H.J.C. Pieterse: Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan, pp.79-80.

22) Breytenbach: Theron, Op. cit., p.198.

23) Id., p.199; Kyk ook: Spies: Op. cit., p.759. Sien Preller: Hindon, Op. cit., p.154.

Nadat die Britte 'n paar van De Wet se waens, wat be= stem was om voorraad te kry, aan die einde van Julie gebuit het, het Theron besluit om weer 'n aanval op 'n Britse trein te doen, maar sy eerste poging op 28-29 Julie het misluk toe die dinamiet nie wou afgaan nie. Hy het onverrigtersake na Renosterkop terugge= keer en 'n paar dae later 'n suksesvolle aanslag op 'n trein by Holfonteinstasie gemaak. Na 'n hewige geveg het die Engelse die aftog geblaas en tagtig van hulle is deur die T.V.K. gevange geneem. Ongelukkig kon die Boere nie die trein deursoek of buit neem nie, omdat 'n Amerikaanse konsul-generaal die trein onder die vlag van die V.S.A. geplaas het.[24)]

Op 5 Augustus het De Wet voor die aankomende Britse magte deur die Vaalrivier getrek, terwyl die T.V.K. weer eens die vyand moes teëhou.[25)] Genl. De Wet is voorts na Ventersdorp en daarna na Rustenburg,[26)] terwyl die verkenners van Theron omgedraai het om vir 'n week langs die Mooirivier te rus.[27)]

Na die kort blaaskans het Theron en sy manne aan die einde van Augustus 1900 vanuit Wes-Transvaal 'n paar gewaagde en astrante aanslae op die vyand gemaak. By Roodepoort het hulle die spoorlyn onder die neuse

---

24) Breytenbach: Theron, Op. cit., pp.202-3; Amery: Op. cit., IV, p.421.

25) Breytenbach: Theron, Ibid.

26) C.R. de Wet: Op. cit., pp.124-6.

27) Breytenbach: Theron, Op. cit., p.204.

van die niksvermoedende vyand opgeblaas en daarna die tronk by Vanwyksrust aan die Kliprivier in die suide=like streke van Transvaal, beset en al die gevangenes vrygelaat. Na 'n skermutseling met 'n vyandelike afdeling, die Brabant's Horse, het die verkenners 'n trein tussen Meyerton en Kliprivierstasie verwoes.[28)]

Aan die begin van September 1900 het Theron en genl. Liebenberg ooreengekom om 'n Engelse mag, die 2nd Bat=talion Royal Dublin Fusiliers, halfpad tussen Potchef=stroom en Johannesburg in te wag en aan te val.[29)] Op 5 September het Theron, wat reeds op sy pos was, na genl. Liebenberg gaan soek en in die proses met die vyand slaags geraak, toe hy skielik op 'n klompie Engelse op 'n randjie afgekom het. Alleen het hy hulle aangedurf maar gesneuwel toe die Britte die kop=pie begin bombardeer het.[30)]

Vir die T.V.K. was die dood van Theron 'n groot terug=slag. Die korps het in sy leier die toonbeeld van dapperheid, vasberadenheid, moed, deursettingsvermoë en 'n man wat sy land met alle mening gedien het, verloor. Vir die verkenners moes dit 'n onpeilbare emosionele skok gewees het.

---

28) Preller: Hindon, Op. cit., pp.163-5.

29) Theron-versameling: Op. cit., nr. 34. Malan - Van Tonder.

30) Theron-versameling: Op. cit., nr. 32. Davidtz - Pieterse 26/3/1938.

Die verlies van Theron se samebindingsvermoë was we= liswaar so groot dat die korps na sy dood verdeeld ge= raak het en dat o.a. Jack Hindon, Slegtkamp en Mears weggebreek het.[31] Maritz het egter by die hoofgroep gebly wat genl. De Wet, in sy poging om die Kaapkolo= nie via die Vrystaat te bereik, vergesel het.[32]

Teen hierdie tyd was die algemene toestand onder die Boere haglik en die moraal laag. Aan die begin van 1901 het daar weer 'n oplewing in Boeregeledere plaas= gevind en met guerilla-strategie is die gevegsgebied aansienlik vergroot.[33]

## 2.3 Met De Wet en Malan na Kaapland

Maritz se rol as verkenner het nog nie ten einde ge= loop nie. Danie Theron is opgevolg deur sy broer Jan Theron en die T.V.K. het steeds gefungeer as verkenners vir De Wet.[34]

Die T.V.K, moes hom onder andere bystaan in 'n aanval op vyandelike magte by Welverdiend. Na 'n onbesliste botsing het die Boere in die rigting van Klerksdorp vertrek en daarna die Vaalrivier oorgesteek en koers

---

31) Pieterse: Op. cit., pp.123-4; Vgl. ook: Verloren van Themaat: Op. cit., p.191.

32) Maritz: Op. cit., p.27.

33) Krüger: Op. cit., p.426

34) Pieterse: Op. cit., p.125.

ingeslaan na Bothaville. Maritz en sy kamerade het soos gewoonlik die agterhoede teen die vyand beskerm.[3

Die Britte het met De Wet se terugkeer in die Vrystaat onmiddellik weer begin om hom te agtervolg. Genl. Knox het die wêreld vir die vermaarde Boeregeneraal warm gemaak en dit vir hom uiters moeilik gemaak om die Kaapkolonie te bereik.[36)]

Hoe moeilik Knox dit vir De Wet ookal gemaak het, het hy deur taktiese bewegings die vyand uitoorlê[37)] om vir 'n tweede keer die Kolonie te probeer bereik. Met 'n vol Oranjerivier suid van hom en 'n Britse linie noord van hom, het De Wet gevaar geloop om vas=gekeer te word. Hy het egter in die Britse linie, wat gestrek het van Bloemfontein, oor Thaba Nchu tot by Ladybrand, by Sprinkaansnek 'n bres geslaan en noordwaarts na Winburg beweeg.[38)]

Genls. Knox en Hamilton was in die Noord-Vrystaat gou weer op De Wet se spoor. Hy het die vyand onder die indruk gebring dat hy by Sprinkaansnek vir 'n tweede keer suidwaarts wou breek en het verkenningswerk in

---

35) Ibid., p.127.
36) C.R. De Wet: Op. cit., pp.157-9.
37) Pieterse: Op. cit., p.143.
38) C.R. De Wet: Op. cit., pp.163-171; Amery: Op. cit V, p.133.

daardie omgewing laat doen, maar breek toe by Sannas=pos deur. Op 10 Februarie 1901 het De Wet die Oranje=rivier oorgesteek en die Kaapkolonie betree.[39] Net so beslis as wat De Wet was om die Kolonie te bereik, net so beslis was die Britte om hom uit dié gebied te hou. Hoewel hy dit reggekry het om die Kaapkolo=nie te bereik het die vyand De Wet met fenomenale troepeversterkings gedwing om na die Vrystaat terug te keer.[40]

Slegs 25 man, hoofsaaklik van die T.V.K., waaronder lt. Maritz, is van die kommando's van genl. De Wet afgesny en het onder leiding van lt. Wynand Malan verder die Kolonie binnegedring, terwyl De Wet die Oranjerivier na die O.V.S. oorgesteek het.[41] Die groepie sou ook hulle bydrae lewer om die oorlog van=af die Transvaal en die Vrystaat na die Kaapkolonie te verskuif en die oorlogsterrein aansienlik te ver=groot.[42]

---

39) Amery: Op. cit., V, pp.132-3.

40) Pieterse: Op. cit., p.150; Kyk: L. Creswicke: South Africa and the Transvaal war, p.7.

41) Ibid., p.150. Maritz: Op. cit., p.27.

42) G.H.L. le May: British supremacy in South Africa, 1899-1907, p.100. Lees ook: C.J.S. Strydom: Kaap=land en die Tweede Vryheidsoorlog, p.145. Die Boere wou die stryd na Kaapland uitbrei omdat (a) prestige herwin sou word, (b) die brandpunt van die oorlog weg van Transvaal en die Vrystaat ver skuif sou word, (c) die Boere makliker kosvoorrade in die Kaap sou kon kry, (d) die verbindingsweë van die vyand afgesny moes word, (e) nuwe rekrute en vars perde noodsaaklik was en dit in die Kaap verkrygbaar was.

## 2.4 Samevatting en waardering

Lt. Manie Maritz se werk as verkenner van Danie Theron was betekenisvol vir sy oorlogskennis. Hy het direk onder Theron en De Wet gewerk en die invloed van die twee figure op sy vorming as krygsman kan nouliks oorbeklemtoon word.

Hy het, as verkenner van Theron, in hierdie fase ge=spesialiseer in die verkenningskuns en op dié wyse bygedra tot kennis van die vyand se planne en bewe=gings om genl. De Wet se optrede te vergemaklik.

Maar die verkenners, waaronder Maritz, het nie net De Wet se optrede vergemaklik nie maar sy kommando's in groot mate beskerm wanneer hulle gereeld die agter hoede gedek het teen agtervolgingsaanvalle van die vy and in hierdie hoofsaaklik verdedigingsfase. Die T.V.K. het dus meer gedoen as net verkenning en het as 'n baie effektiewe gevegseenheid opgetree.

Die guerilla-taktiek, veral soos dit deur genl. De Wet toegepas is, was 'n ander aspek van die oorlog waarin Maritz deeglik onderlê is. Om met die vyand in 'n stellinggeveg, waar die vyand goed ingegrawe is betrokke te raak was taboe. Maritz het geleer dat kennis van die vyand se bewegings noodsaaklik was en dat die vyand verras moes word met onverwagse aan=valle, in situasies wat nie ten gunste van die vyand sou wees nie. Aan die ander kant moes die beweeglik

heid van die Boeremag so goed wees dat die vyand in die duister gelaat moes wees aangaande sy planne.

In die geselskap van Theron en De Wet is genoemde be=ginsels van oorlogvoering by Maritz ingeskerp, maar daarmee gepaardgaande was leierskap van groot belang. In beide Theron en De Wet was daar vir hom nastrewens=waardige elemente van leierskap. Theron was die waaghalsige, dapper verkenner en vegter wat veeleisend was ten opsigte van homself en sy verkenners. Des=nieteenstaande het hy ook gesorg vir sy manskappe en hulle het vir hom groot agting gehad. Genl. De Wet se optrede het ook gespreek van 'n vasberade kryger wat altyd 'n plan gehad het, 'n moedige en uitmuntende guerilla-leier.

Maritz moes self reeds iets van 'n leier in homself getoon het, omdat Theron hom geskik geag het om as luitenant in sy korps te dien. Dit is teken genoeg dat hy as 'n rype krygsman beskou is en dat hy genoeg van die krygskuns te wete gekom het om as leier oor andere aangestel te word.

# HOOFSTUK 3

## ERVARINGS ONDER KOMMANDANT WYNAND MALAN

### 3.1 In die Kaapkolonie

In die volgende paar maande sou Maritz nader kennis maak met die omstandighede in die Kaapkolonie en in besonder met die Kaapse Rebelle.


Malan en sy patrollie is per toeval van die De Wet-mag afgesny en het nie pogings aangewend om weer by die Generaal aan te sluit nie, omdat hy verwag het dat De Wet wel later na die Kaapkolonie sou terug=keer. Daarom was Malan van plan om intussen op eie stoom die stryd in Britse gebied aan te knoop en daardeur 'n bydrae te maak tot die groter Boerestra=tegie, wat daarop gemik was om die brandpunt van die oorlog vanaf die Republieke na die Britse gebiede te verskuif.[1]

Aangesien Malan se mag klein was, sou hy hom op gue=rilla-oorlog moes toespits, soos reeds die gebruik by die Boeremagte was. Deur gevegte en belemmering van die trein- en telegraafverkeer sou sy manskappe 'n waardevolle bydrae lewer tot die verligting van Brit=se aanslae op ander Boeremagte. Sy mag het al veg=tende die Kolonie dieper en dieper binnegedring en

---

1) Pieterse: Op. cit., p.153.

## MARITZ NA KAAPLAND



in die proses was Maritz een van die bruikbaarste burgers.

Op 13 Februarie 1901 het Malan die eerste aanval teen die vyand geloods toe hy die District Mounted Troops in Philipstown in 'n skermutseling betrek het. Vir die aanval op die twintig Engelse het die Boere in drie groepe verdeel.[2)] Nege man het onder lt. Malan, nege man onder vk. Van der Merwe[3)] en vier man onder bevel van lt. Maritz die dorpie uit verskillende rigtings genader.

Malan sou vanuit die suide, Van der Merwe uit die wes= te en Maritz uit 'n noordelike rigting tot die aanval oorgaan. Maritz se groepie is deur 'n paar Britte bemerk wat op 'n tronkdak stelling ingeneem het, en hy moes gou beskerming soek teen die vyandelike klein= geweervuur. Ongelukkig vir hom kon hy nie verder aan die geveg deelneem nie, aangesien hy in 'n riool= gat beland het. Engelse versterkings wat daar opge= daag het, het die Boere, wat slegs 'n paar perde kon buit, die wyk laat neem.[4)] Hoewel die aanval misluk het, het die klompie manne van die T.V.K. die aandag van die vyand op hulle getrek, wat daartoe sou meehelp

---

2) Leydsargief 94: Dagboek van C.A. Steuerwald, III, p.101.

3) Blykbaar was Van der Merwe een van genl. De Wet se veldkornette, aangesien die T.V.K. die rang luitenant gebruik het.

4) De Kersauson: Op. cit., p.23.

dat die Britte gedwing sou word om die oorlog op eie bodem te voer.

Na hierdie eerste aanval sou lt. Malan, omdat sy man=skappe van De Wet se mag afgesny was, as plaaslike kommandant van die verkenners optree[5] en het hulle sodoende as selfstandige gevegseenheid begin werk.

Met 'n eie kommandant het dié paar Boere die vyand waar moontlik verras en op 14 Februarie 1901 drie Australiërs en twee Bantoes, wat onder bevel van ene lt. Cole was, by Tooverwater gevange geneem. Deur dié optrede het die Boere ses perde met saals en tooms, asook drie gewere gebuit.[6]

Maritz het by geleentheid weer eens gehelp om voorrad van die vyand te verkry toe hulle op 17 Februarie 'n Britse transportwa tussen Hanover en Philipstown ge=buit het. Malan se burgers het by die skermutseling met vasberade aanval ongeveer 19 Engelse op die vlug laat slaan. Die buit het bestaan uit vier gewere, 'n paar saals en twaalf kiste patrone.[7]

Malan se kommando'tjie het reeds in 'n suidelike rig=ting dieper die Kaapkolonie begin binnedring en in

5) Ibid., p.24.
6) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.101.
7) Ibid.

die omgewing van Hanover, op ene Batt se plaas, vyf transportwaens wat deur Kleurlinge vir die Britte vol voer gelaai is, aan die brand gesteek.[8]

Op dieselfde plaas het twee jong manne hulle by Malan se kommando aangesluit en het die Boere hul eerste vrywilligers verwelkom.[9] Hulle was nie alleen aan=gewys op die voorrade van die vyand nie, maar was ook, wat getalle betref, aangewese op vrywilligers uit die geledere van die Kolonialers.

Afgesien van die verkryging van voorrade en troepe het Malan se manne 'n spesifieke opdrag van genl. De Wet gehad wat uitgevoer moes word. Hulle moes naamlik die spoorweg- en telegraafverbindings van die vyand waar moontlik buite werking stel, sodat troepebewe=gings en -versterkings belemmer kon word. Daarbene=wens sou beskadiging van die vyandelike verbindings=weë die voorraadtoevoer van die vyand in die wiele ry.

Met dié doel voor oë het die kommando die spoorlyn op Batt se plaas by 'n dieperige uitgrawing, waar herstel=werk moeilik gedoen kon word, voorberei vir 'n ontspo=ring van 'n trein deur twee spoorstawe te verwyder. Toe 'n trein sowat 'n uur later opdaag, het die Boere op die trein begin skiet, sodat die masjinis die trein

---

8) De Kersauson: Op. cit., pp.25-26.

9) Ibid., p.26.

moes laat versnel, waardeur die ontsporing onafwend= baar gemaak is. Dit het treinverkeer van die Britte op die Kaapstad-De Aar-trajek vir 'n paar dae tot stilstand gebring.[10)]

Die kommando waarin Maritz hom bevind het, het steeds dieper in die Kolonie ingedring en op 22 Februarie die telegraaflyn tussen Hanover en Richmond buite werking gestel. Daarna het hulle in die rigting van Richmond self beweeg.[11)]

Die tydperk het aangebreek waarin die klein Boerekom= mando gedurig deur die Britse troepe agtervolg is en sporadies in ligte gevegte betrokke geraak het. Op 25 Februarie het die Britte tussen Richmond en Victo= ria-Wes op die plaas Klipkraal met die groepie manne van die T.V.K. en die paar Kaapse rebelle onder Malan slaags geraak.

Ongeveer 90 tot 'n 100 vyandelike troepe is deur Malan en Maritz vanuit die solder van die plaaswoning dopge= hou. Van die 37 burgers het tien saam met Malan en ses man onder bevel van Maritz posisies ingeneem terwyl die res van die kommando in die vrugteboord moes skuil totdat verdere bevele hulle sou bereik. Nadat die

---

10) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.104; Vgl.: De Kersauson: Op. cit., pp.26-27.

11) Ibid., p.105.

Boere op die vyand begin skiet het, het Malan en Maritz uit twee rigtings na dieselfde heuwel as die vyand gejaag. Na 'n geveg van ongeveer 'n halfuur het die Engelse die aftog geblaas.

Hierdie geveg was tot op daardie stadium die suksesvolste van Malan, aangesien hy en sy kommando twaalf Engelse gedood en 21 lig gewond het en 70 perde, 120 saals, 120 gewere, 6 000 patrone en vyf karre buit gemaak het. Hulle het 'n ambulans vanaf Victoria-Wes ontbied om die gewondes te help.[12] Die waens en karre het hulle verbrand, aangesien dit nie by hul beweeglikheid sou inpas nie. Die kenmerkende beweeglikheid van die guerilla-taktiek was deurgaans by Malan se kommando aanwesig.

Na afloop van die geveg op Klipkraal het die kommandootjie, wat steeds in getalle toegeneem het, al verder in 'n suidwestelike rigting beweeg en aan die begin van Maart 1901 het hulle hulself tussen Murraysburg en Victoria-Wes bevind.[13(a)]

In hierdie omgewing het lt. Maritz en 'n paar man gepoog om die treinspoor by Drie Susters te beskadig, maar hul poging het skipbreuk gely weens die aanwesigheid van 'n sterk Australiese mag.[13(b)]

12) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.107; Kyk ook: De Kersauson: Op. cit., pp.29-30.

13(a) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.108; De Kersauson: Op. cit., p.31.

13(b) De Kersauson: Op. cit., p.32.

By geleentheid het Malan se manne meer sukses gehad, soos toe hulle op 5 Maart 'n Engelse patrollie op die plaas Tygershoek tot oorgawe gedwing het.[14] Dit blyk dat Malan hom slegs bepaal het by die aanval op klein vyandelike magte, veral patrollies.

Maar op 6 Maart het hy op 'n volgende plaas sy kry= gers laat stelling inneem om 'n verrassingsaanval in die vorm van 'n lokval op die 500 troepe van maj. Williams te doen.[15] Die voorhoede van die vyand is onder die lood gesteek met die gevolg dat hulle na die hoofmag terug beweeg het. Dit het Malan se manskappe kans gebied om pad te gee. Dit was blyk= baar Malan se voorneme om op die voorhoede te skiet slegs om die vyand te verras en nie om met sy klein mag die groot vyandelike mag deur omsingeling tot 'n volskaalse geveg uit te lok nie. Williams het dit waarskynlik besef en Malan dadelik agtervolg. 'n Kort skermutseling wat tussen die twee magte plaasge= vind het, het geringe verlies aan beide kante veroor= saak.[16]

Hierdie gevegte waarin Malan se mag betrokke was, het hom sodanig onder die aandag van die vyand gebring dat die Britse inligtingsdiens van verspreide klein Boeremagte onder Kritzinger, Fouché, Scheepers en Ma= lan melding gemaak het. Hierdie Boeremagte het ge=

---

14) De Kersauson: Op. cit., pp.31-32.
15) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.109.
16) De Kersauson: Op. cit., p.35.

woonlik in onbegaanbare gebiede beweeg, sodat die vyand hulle nie maklik kon oorval nie.[17] Hulle sou hul aanvalle loods wanneer dit hulle pas en die vyand verras kon word.

Hoewel die Britte daarin geslaag het om die groter magte van genls. De Wet en Hertzog na die Vrystaat terug te dwing was Kitchener verplig om 'n aantal troepemagte onder bevel van genl.-maj. H. Settle, lt.-koll. Herbert, Parsons, Codrington, Henniker, Gorringe, Crabbe, Lindsell, Crewe, Grenfell, De Lisle en Lowe in Kaapland teen die Boere en rebelle in die veld te stoot.[18] Dit beteken dat die Boere daarin geslaag het om die oorlog na die Kaapkolonie uit te brei en in hierdie breëre Boerestrategie het Malan se kommando sy deel bygedra.

Malan het al dieper die Kolonie binnegedring en teen die helfte van Maart 1901 het Wilson en Grenfell daar=in geslaag om sy kommando op die plaas Poortje tot 'n geveg te dwing. Maar die beweeglike 45 man van Malan het op die vlug geslaan en in aanraking gekom met die kommando's van kmdt. Fouché en kapt. Gideon Scheepers.[19] Die Britte was blykbaar bewus van die feit dat die klein Boeremagte op 20 Maart op die plaas

17) Cd. 605, Pretoria, 8th May, 1901. Despatch of Kitchener, p.13.

18) Amery: Op. cit., V, p.241-2. Kyk ook: M.H. Grant: History of the war in South Africa IV, p.174.

19) De Kersauson: Op. cit., pp.35-40. Vgl. ook: Grant: Op. cit., IV, p.175-6.

Bloukrans aan die Sondagsrivier sou ontmoet en Britse kolonnes onder majj. Scobell, Mullins en Williams asook 'n afdeling onder bevel van kapt. Stapleton-Brotherton het uit die rigting van die plaas Uitkomst teen die Boeremagte opgeruk.

By dié geleentheid het die drie Boeremagte, soos genl. De Wet gewoonlik gedoen het, gesorg dat hulle van ag= ter teen die vyand beskerm word. Malan en Scheepers se magte sou die voorhoede hou, terwyl Fouché die ag= terhoede moes beskerm. Met die vlug deur die Son= dagsrivier het die Boere 'n paar man verloor as gevolg van die volgehoue agtervolging van die vyand.[20)]

Nadat die vyand afgeskud is, het Scheepers en Fouché vanaf Aberdeen suidwaarts koers gekry en Malan het verkies om vir 'n paar dae in die Kamdebooberge te gaan rus.[21)] Hierdie rus was van korte duur, aange= sien die Britte hulle aan die einde van Maart weer begin agtervolg het, en aan Graaf-Reinet se kant teen die berge afgedwing het.

Aan die begin van April 1901 was Malan nog nie vry van die volgehoue Britse agtervolging nie en raak hy be= trokke in 'n hewige geveg met die Seventeenth Lancers en die Lancashire Yeomanry, met kapt. Stapleton-Brothe ton as bevelvoerder. Die Britte het 'n gevoelige ve

---

20) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.111-115; Vgl.: H.J.C. Pieterse: Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan, p.181.

21) De Kersauson: Op. cit., pp.42-44; Kyk ook Pieters Op. cit., p.185.

lies van 16 gewondes en vyf gesneuweldes gely. Hulle moes ook 90 perde, 18 muile, vier waens, een maxim, ammunisie en kosvoorraad aan Malan en Scheepers af=staan. Daarteenoor het die Boere geen verliese ge=ly nie.[22]

## 3.2 Samevatting en waardering

In die tydperk waarin Maritz onder Malan in die Kaap=kolonie bedrywig was, het hy seker 'n geringer mate van vorming as krygsman ondergaan as wat die geval onder Danie Theron, De Wet en Van Dam was. Tóg kan die tydperk as die afrondingsfase van Maritz as krygs=man en in besonder as guerilla-vegter beskou word. Malan het hom nuttig gebruik as leier wanneer die kommando'tjie in groepe moes verdeel om die een of ander taak te verrig. Hy het dus heelwat ondervin=ding opgedoen van leierskap en moes reeds 'n goeie begrip van 'n offisier se pligte gevorm het.

Afgesien van sy militêre vorming het Maritz deur daadwerklike optrede meegehelp om die oorlogsterrein te vergroot. Dit het gehelp om die stryd in die Britse kolonie sodanig te versprei dat die Britte noodwendig aansienlike aandag aan die Boere en rebelle in die gebied moes bestee.


---

22) Leydsargief 94: Op. cit., III, pp.111-7; De Kersauson: Op. cit., pp.47-8; Kyk ook: Pieterse: Op. cit., pp.188-192.

Vir Malan was Maritz se aandeel in sy kommando so= danig bevredigend dat hy hom aangewys het om die be= vel oor die Noordwesters in die distrikte Calvinia en Kenhardt te gaan neem. Dit bring ons by 'n vol= gende fase in Maritz se krygsloopbaan waarin hy in leiershoedanigheid optree.

Maritz se rol sou voortaan drieledig wees: In die eerste plek sou hy as bevelvoerder van 'n rebelle= mag optree en daarmee 'n groot verantwoordelikheid op hom neem. Tweedens sou hy die rol van diplomaat speel met die werf van rebelle op Britse bodem om vir die republikeinse ideaal te veg. Derdens sou hy as instrukteur die onervare rebelle deur gevegsopleiding in die krygskuns touwys maak.

# OPTREDE NOORDWESTE EN EERSTE SUIDWAARTSE OFFENSIEF



# HOOFSTUK 4

# REBELLEAANVOERDER IN DIE WESTELIKE KAAPKOLONIE

## 4.1 Opstand in die Noordweste

Teen die einde van 1900 het daar 'n herlewing in die krygsoptrede van die Boeremagte gekom nadat daar gedurende 1900 groot agteruitgang in hul geledere in= getree het. Die nuwe strydgees het eers in die Vry= staat en daarna in Transvaal posgevat.[1] Genl. J.B.M. Hertzog, 'n Vrystaatse regter, het teen die einde van 1900 die Kaapkolonie vanuit die Vrystaat binnegeval en gedurende Januarie 1901 Calvinia en Vanrhynsdorp bereik. Hy het sover hy gegaan het, deur sy gevegsaktiwiteite 'n opwelling van nasiona= lisme onder die Kaapse Afrikaners veroorsaak. Sy inval het ingepas by die besluit van die Republieke om die oorlog ook op Britse bodem, d.w.s. ook in die Kaapkolonie te voer. Hertzog het egter nie 'n volskaalse stryd in die Kolonie aan die gang gesit nie en het aan die einde van Januarie 1901 sy be= soek aan die gebied beëindig toe hy van De Wet se voorgenome plan om die Kolonie vanuit die Vrystaat in te val hoor. Hy het hom na De Wet gehaas om hom tot hulp te wees met die tog deur die Oranjerivier.[2]

---

1) D.W. Kruger (red.): Geskiedenis van Suid-Afrika, p.425.

2) C.M. van den Heever: Generaal J.B.M. Hertzog, pp. 78-81; C.J.S. Strydom: Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog, p.161; Vgl. ook: Grant: Op. cit., IV, p.224.

Afgesien van Hertzog se kort besoek is die gedagte aan opstand onder Kaapse Afrikaners versterk deur die onderdrukkende maatreëls en krygswet wat Milner, die Britse Hoë Kommissaris, afgekondig het.[3] Hert= zog se vertrek het hulle leierloos gelaat en weens die gebrek aan ervare gevegsleiers was die klompie opstandelinge, wat hulle in die omgewing van Brand= vlei bevind het, nie by magte om krygsoperasies aan te pak nie. Die Britse owerheid het gewere en perde in die Kolonie gekonfiskeer, en baie mense het hul wapens begrawe en hul perde versteek.[4]

Die rebelle by Brandvlei in die Noordweste het aan die begin van 1901 onder leiding van ene Froneman 'n afvaardiging na genl. Hertzog, wat op daardie stadium reeds weer in die Vrystaat was, gestuur om geskikte offisiere en wapens te vra. Wat die wapens be= tref, het hy hulle daarop gewys dat dit by die Boeremagte gebruiklik was om sodanige voorrade by die Britte te buit. Hy kon hulle ook nie van of= fisiere voorsien nie en het hulle na genl. De Wet verwys, wat hulle op sy beurt ook nie kon help nie en hulle na Malan, wat in die omgewing van Aberdeen bedrywig was, gestuur het.[5] Dit blyk dat De Wet

---

3) Cd. 420, 1900, Martial Law by Governor Sir. A. Milner, pp. 1-29; A. de Wet: Im Kampf um Züd= afrika, p.159.

4) Strydom: Op. cit., p.163.

5) Leydsargief 94: Op. cit., III, pp. 117-9. Op die stadium was De Wet weer terug in die Vrystaat

vertrou het dat daar in Malan se groepie T.V.K.-manne wel 'n geskikte leier sou wees, waarskynlik as gevolg van die hoë standaard van krygsmanskap wat die T.V.K. reeds aan die dag gelê het.

## 4.2 Rebelle-aanvoerder

Manie Maritz, een van die luitenante van die T.V.K., is deur Malan uitgesonder om die opstandelinge in die Noordweste aan te voer, omdat hy reeds heelwat ondervinding in die krygskuns gehad het en as luite= nant van die T.V.K. ook bewys gelewer het van sy leierseienskappe. Malan het ook, blykbaar doelbe= wus, vir C. Steuerwald, Piet Joubert, (die vyftien= jarige "Joubertjie"), Robert de Kersauson, die Fransman, Helgaard Steyn, Victor Hugo en Naas van Wyk afgesonder om Maritz by te staan en die kern van sy mag, wat hy in die Noordweste moes opbou, te vorm. Vir die doel was hulle geskik, aangesien ook hulle oor goeie krygservaring beskik het en om= dat hulle reeds geruime tyd Maritz se gereelde en vertroude strydmakkers was.[6)]

Die gehegtheid van die paar man aan Maritz is te bespeur in die feit dat Joubertjie, Steyn en Hugo daarop aangedring het om hom te vergesel nadat hulle

---

6) De Kersauson: Op. cit., p.49-50; Maritz: Op. cit., p.32; H.J.C. Pieterse: Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan, pp.193-4.

aanvanklik nie by die groep ingesluit is nie.[7] Dit blyk dat Maritz, benewens sy besondere krygsvermoëns oor die geaardheid beskik het wat goeie verhoudinge met sy meerdere en onderhorige mede-krygers geskep het. Malan het dit in sy afskeidsboodskap op 7 April 1901, toe Maritz na die Noordweste vertrek het, so gestel:

> "...Ek moet erken dat ek baie hartseer is om te skei van my dierbare kameraad Manie Maritz, en my gebed is dat die Almagtige God vir hom en sy maats onder Sy goddelike bewaring sal neem, dat hy spoedig 'n einde sal maak aan ons lyding en ons volk tot oorwinning oor ons vyande sal lei en ons sal toelaat om ons ideaal van vryheid en onafhanklikheid - waartoe ons almal gereed is om ons lewens op te offer - te verwesenlik. Mag die seën van God met julle wees".[8]

Die opdrag wat Malan o.a. in sy afskeidsboodskap aan Maritz gegee het[9], is ietwat vaag en het ingehou dat hy bevel moet voer oor die Kaapse rebelle in die distrikte Calvinia en Kenhardt. Moontlik was Malan se onbekendheid met die omstandighede in die Noord=weste die rede vir die ongedetailleerde opdrag. 'n Ander faktor wat moontlik verantwoordelik was hier=voor, is die vertroue wat hy in Maritz se krygsver=moë gehad het en daarom speling gelaat het vir inisi=atief.

---

7) De Kersauson: Op. cit., pp.50; Pieterse: Op. cit. pp.193-4.

8) Ibid. Vry weergegee.

9) Ibid.

## 4.3 Die tog na Brandvlei

Maritz, sy makkers, die drie Noordwesters, Burger, Smits en Van Loggerenberg,[10] asook ses Kleurling-agterryers, het met dertig perde[11] in die omgewing van Aberdeen en die Kamdebooberge van Malan afskeid geneem en die lang tog van 400 km na Brandvlei aan=gepak.

Hulle moes by hul vertrek onmiddellik rekening hou met die Britse magte wat in die sentrale dele van die Kolonie onder die opperbevel van genl.-maj. H.H. Settle gestaan het en wat in die bergagtige gebiede rondom Aberdeen teen die klein maar lastige Boere- en Rebellemagte geopereer het. Daarom moes hulle elke nag gedurende die tog na Brandvlei, nougeset wagstaan om oorrompeling deur die Britte te voorkom.[12]

Op Ouplaas, suid-oos van Nelspoort, het hulle 'n Britse patrollie gevange geneem, maar 'n botsing met 'n groot vyandelike mag, die van Grenfell,[13] ver=my en hulle tog na Brandvlei waar die rebelle op hul

---

10) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.117; Vlg. Pie=terse: Op. cit., p.193 het die afvaardiging uit 2 man bestaan, maar die werk is eers in 1941 gepubliseer toe Malan se geheue waarskynlik nie meer so helder was nie.

11) De Kersauson: Op. cit., p.51.

12) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.118.

13) Amery: Op. cit., V: p.244; Kyk Grant: History of the war in South Africa IV, p.173.

koms gewag het, voortgesit.[14)]

Hoewel hulle die Britse magte, waarskynlik dié van koll. Grenfell en Scobell, probeer vermy het, het hulle tog op 10 April 1901 twee lede van die Cape Colony Cyclist Corps van kol. B. Doran se mag, wat net noord van Nelspoort in hulle pad gekom het, gevange geneem. Maritz het die fout begaan om die twee Britte weer vry te laat en die Britse magte in daardie omgewing daardeur bewus gemaak van hulle teenwoordigheid en beweging. 'n Britse patrollie onder bevel van lt. Trail het dadelik op Maritz se spoor gekom en in sy nek begin blaas. Op 17 April 1901 het Maritz die plaas Blaauwcijfer van ene Cloete, ongeveer 80 km wes van Carnarvon, bereik en daar halt geroep om te rus.[15)] Die vinnige tempo waarteen hulle getrek het, was nie vinnig genoeg om die vyandelike patrollie af te skud nie. Gevolglik is hulle deur die Britte se aankoms op die plaas verras en moes Maritz groot krygsvernuf aan die dag lê om sy manne veilig uit dié situasie te kry.[16)]

Toe die Boere die vyand gewaar, het sommige van hulle agter 'n kraalmuur skuiling gesoek. De Kersauson en Joubertjie het op Maritz se bevel die burgers

---

14) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.118.

15) Ibid., P.119; De Kersauson: Op. cit., pp.52-6. Cape Times, April 20, 1901, p.7 (Kol. 2). Vgl. ook: Amery: Op. cit., VII: p.95; L. Creswicke: South Africa and the Transvaal War VII, p.xvi.

16) De Kersauson: Op. cit., pp.57-8.

wat die perde in die landery opgepas het, met die handperde na die plaas Klipkloof laat vlug. Saam met De Kersauson en Joubertjie het ook Steuerwald en Burger hulle na die kraalmuur gehaas om Maritz by te staan wat reeds 'n skietgeveg met die vyand op tou gesit het.[17] Hierdie optrede herinner aan die gebruiklike taak van die T.V.K. wat gereeld die agterhoede van De Wet se magte teen die vyand moes beskerm om De Wet kans te gee om weg te kom. Net so het Maritz ook by Blaauwcijfer sy paar man by die perde kans gegee om pad te gee deur die Britse pa= trollie met kwelvuur te stuit. Maritz het gemerk dat agt Britte besig was om 'n omsingelingsbeweging uit te voer om hom en sy paar manskappe agter die kraalmuur van die res van die groep te probeer afsny. Daarom het hy die vier man by hom beveel om hulle te gaan vang, maar ses van die agt Britte het ont= vlug. Die buit was drie perde en twee geweers.[18] Joubertjie het vir Maritz, wat sonder perd was, een aangebring, sodat hy saam met die ander kon wegkom. Tydens die vlug het Maritz selfs nog 'n geslaagde poging aangewend om soveel moontlik van die Britte se perde dood te skiet en te vang om agtervolging te bemoeilik,[19] en dadelik verder getrek na Klip= kloof en Klein Reeboksrivier, suid-oos van Brandvlei.[20]

---

17) De Kersauson: Op. cit., pp.57-8.

18) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.119.

19) De Kersauson: Op. cit., p.58; Maritz: Op. cit., p.35.

20) Ibid.; Leydsargief 94: Op. cit., III, p.119.

Hoewel die Britte hom as gevolg van hul perdeverliese moeilik kon agtervolg, het Maritz en sy burgers tog vinnig voortgetrek. Op 18 April is hulle vanaf Klein Reeboksrivier oor die Groot Reeboksrivier tot by Biesjes en van daar oor Jobsput, suid-oos van Brandvlei.[21] Op 20 April het hulle die Zakrivier oorgesteek en Brandvlei, hul eindbestemming, bereik. 'n Paar ruiters van ene Oosthuizen het hulle verwel=kom en Maritz het 60 rebelle onder leiding van Frone=man daar ontmoet.[22(a)]

Maritz se verskuiwing na die Noordweste was die begin van 'n nuwe bedeling van die oorlog wat reeds soos be=plan,[22(b)] vanaf die Republieke na die Kaapkolonie uit=gebrei het. Die stryd wat tot sover hoofsaaklik in die sentrale en oostelike dele van die Kolonie gewoed het, het na die onherbergsame en droë noordweste ver=skuif en tegelyk ook na die westelike dele van die Kolonie. Dit sou meebring dat die Britte ook aan die nuwe verwikkeling aandag sou moes skenk en 'n algemene rebellie ten alle koste moes verhoed, omdat die oorlog dan oor die lengte en breedte van die uitgestrekte Kaapkolonie sou uitbrei. So 'n verspreiding sou die Boeremagte bevoordeel, omdat dit die Britse militêre krag sou laat desentraliseer, wat 'n verswakking van die Britse konsentrasie op die Republieke tot gevolg sou hê.

---

21) De Kersauson: Op. cit., p.60; Leydsargief 94: Op. cit., III, p.119.

22(a) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.120; De Kersauson: Op. cit., p.62.

22(b) Kyk voetnoot 42, hoofstuk 2.3.

## 4.4 Organisasie en eerste optrede

In die distrik Calvinia en omstreke was daar heelwat opstandelinge wat hulle in Maritz se koms verheug het. Vir hulle het dit beteken dat hulle 'n leier gekry het met baie ondervinding van die krygskuns en goeie leierskap, aangesien hy onder die vermaarde Botha, Van Dam, Theron, De Wet en De la Rey geskool is. Maritz was goed toegerus om die rebelle te or= ganiseer, op te lei en aan te voer in hulle stryd teen die Britte.

Terwyl Scheepers, Malan, Fouché en Kritzinger se klein Boerekommando's en rebelle in die sentrale de= le van die Kolonie geopereer het en deur kol. D. Haig beveg is, het Maritz in die Noordweste die wiel aan die rol gesit en genl.-maj. H.H. Settle is deur die Britse opperbevel afgesonder om hom aan bande te lê.[23] Settle het maj. H.S. Jeudwine vanaf De Aar met 'n troepemag van 500 wat onafhanklik van die ander Britse magte opgetree het, teen Maritz laat optrek.[24] Dit is 'n aanduiding dat die Britse opperbevelvoerder, Kitchener, bekommerd was oor die uitbreiding van die oorlog oor die grootste deel van die Kaapkolonie. Hoewel die Boeremagte, wat reeds in die Kolonie be= drywig was, baie klein was, kon hulle tog baie lastig

---

23) Amery: Op. cit., V, pp.244-5.

24) J.H. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, (1949) p.235; Amery: Op. cit., V, p.311; Vgl. ook Grant: Op. cit., IV, p.225.

word en kon hulle ook die vonk wees wat die droë hooi van opstand onder die Kaapse Afrikaners aan die brand sou steek.

### 4.4.1 Die leierskap in gedrang

Op 21 April, 'n dag na sy aankoms, het Maritz sy paar man en dié van Oosthuizen en Froneman na Nelskop, on= geveer 25 km suid van Brandvlei laat trek met die oog op die aanstelling van offisiere en om te bepaal wie die bevel oor die rebelle sou voer.[25)] Froneman het blykbaar die gedagte gekoester dat Maritz tweede in bevel was en dat hy self as die kommandant van die rebelle sou optree,[26)] maar omdat Froneman 'n alkoho= lis was, het Maritz nie sy selfaanstelling aanvaar nie.[27)] Omdat Maritz deur Malan na die Noordweste gestuur is om op versoek van die rebelle as leier op te tree het Froneman se aanspraak op die leierskap dit 'n netelige saak gemaak.

Steuerwald het die ongemaklikheid van die situasie aangevoel en voorgestel dat die leierskapsaangeleent= heid bygelê word deur al die rebelle daaroor te raad= pleeg. Maar Maritz het Froneman geheel en al oor die hoof gesien en hom nie eens as offisier aangestel

---

25) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.120; De Kersau= son: Op. cit., p.63.

26) Leydsargief 94: Op. cit., I, p.40, Steuerwald- De Wet 30/4/1901.

27) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.120; De Kersau= son: Op. cit., p.62.

nie. Hy het hom na Kakamas aan die Oranjerivier gestuur,[28] waarskynlik om heeltemal van hom ontslae te wees.

Maritz het die opperbevel oor die rebelle geneem en sou as hoofkommandant fungeer, maar teen die helfte van Mei 1901 het Edwin Conroy by die rebelle opge= daag om in opdrag van genl. Hertzog die rebelle aan te voer.[29] Genl. Hertzog was blykbaar onbewus van die hulp wat Malan aan die Noordwesters gestuur het en het gereageer op hul versoek van vroeër om aan hulle leiers en wapens te verskaf.[30(a)] Conroy se aanspraak op die leierskap het die situasie meer delikaat gemaak as wat die geval met Froneman was, maar ook Conroy moes vir Maritz terugstaan as leier, nie omdat Maritz hom opgedring het nie, maar weens die feit dat hy reeds tydens gevegte aan die rebelle sy staal getoon het.[30(b)] Conroy was nie in dieselfde gunstige posisie as Maritz nie en toe daar op die gebruiklike demokratiese wyse 'n bevelvoerder aan= gewys moes word, het die rebelle hul steun aan Ma= ritz toegesê.[31]

Hoewel Maritz voor die verkiesing reeds die aanvaar= de leier van die rebelle was, het hy nogtans gewys dat hy bereid is om hom aan die keuse van die rebel= le te onderwerp en sy leierskap ten gunste van Con=

---

28) Leydsargief 94: Op. cit., I, p.40.

29) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.123.

30(a) Kyk p.52.

30(b) Kyk pp.66 en 67.

31) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.124.

roy op die spel te plaas. Dié optrede van hom moes respek by die rebelle en Conroy afgedwing het.

Die hele leierskapsaangeleentheid is deur goeie ge= sindheid en onderlinge verstandhouding afgehandel en Maritz het vir Steuerwald opdrag gegee om Conroy na Kenhardt te vergesel en hom daar aan die plaaslike rebelle te gaan voorstel, waarna hy eenparig as kom= mandant verkies is.[32] Maritz se besluit om Conroy nie as onderhorige offisier aan te stel nie maar hom die geleentheid te gee om die rebelle van Kenhardt te lei, weerspieël sy diplomatiese aanvoeling dat hy Conroy nie van 'n bevelvoerdershoedanigheid moes ont= neem nie en Conroy het kompensasie gevind as komman= dant van die rebelle by Kenhardt.

Dit blyk dus uit die voorgaande dat Maritz se optrede teenoor Froneman en Conroy ten opsigte van dieselfde saak verskillend was, veral omdat Froneman se drank= verslaafdheid in Maritz se oë 'n outomatiese diskwa= lifikasie was. Daarom dat hy Froneman ferm behandel het, maar 'n inskiklike houding teenoor Conroy se ge= val geopenbaar het.

### 4.4.2 Organisasie en voorbereiding

Maritz het onmiddellik aan die werk gespring om die rebelle te organiseer, maar van die vergadering wat

32) Ibid.; Vgl. ook Maritz: Op. cit., p.40; Grant: Op. cit., IV, p.352.

hy vir 21 April belê het, het nie veel tereg gekom nie as gevolg van 'n geveg wat met 'n vyandelike pa=trollie ontstaan het.[33] Weens wonde wat Maritz opgedoen het, het hy die bevel tydelik aan lt. Oost=huizen opgedra. Maritz het ook vir Jan Louw na Pella aan die Oranjerivier gestuur om rebelle te ver=samel.[34] Steuerwald, De Kersauson en nog twee oud-lede van die T.V.K. is met die rebelle na Klawervlei gestuur, terwyl Maritz op die plaas T'Boop in die sorg van Steyn, Hugo, Van Wyk en die Nels gelaat is, sodat hy van sy wonde kon herstel.[35]

Nadat hy weer op die been was, het hy uit 'n inspek=sieparade van die voorrade en wapens van die rebelle gesien dat hulle swak toegerus was, veral as gevolg van die feit dat hulle geweers grotendeels van ver=skillende kaliber en fabrikaat was, wat ammunisie=voorsiening nog meer bemoeilik het. Daarenteen was die prentjie t.o.v. perde rooskleurig en het dit die rebelle aan beweeglikheid nie ontbreek nie.[36] Omdat die Boeremagte nie oor voorraaddepots vir kom=missariaat en wapens beskik het nie, was hulle, soos genl. Hertzog dit by geleentheid aan hulle gestel het, aangewys op die voorraad van die vyand.[37]

---

33) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.120.

34) De Kersauson: Op. cit., p.65.

35) Ibid.

36) Ibid., p.66.

37) A. de Wet: Im Kampf um Züdafrika, pp.159-160. Kyk ook voetnoot 5 hierbo.

Maritz het besef dat hy alles moontlik in werking moes stel om vir 'n uitgerekte oorlog gereed te wees. Hy het voorrade laat opberg vir moeiliker tye wat kon kom en het daarom soveel moontlik graan en vee noordwaarts gestuur waar dit in Boesmanland, noord van Brandvlei, by geheime voedseldepots bewaar sou word.[38)]

Benewens die insameling van voedsel het Maritz ook die taak gehad om die rebelle in 'n krygsmag te or= ganiseer. Vir die doel het hy op 6 Mei 1901 'n vergadering op Klawervlei belê en diegene wat reeds bevelsrange beklee het, gevra om daarvan afstand te doen, sodat hy opnuut offisiere kon aanstel.[39)] Na ongeveer twee weke in die geselskap van die rebelle was Maritz beter bekend met hulle en was dit 'n deurdagte stap wat hy geneem het om self die nuwe aanstellings te behartig. Hy het as opperbevelvoer= der die rebelle in twee kommando's verdeel maar tot en met die koms van Conroy as enigste kommandant op= getree. Maritz het voorts sy makkers wat saam met hom van die T.V.K. afkomstig was, aangestel as in= strukteurs om aan die rebelle gevegsopleiding te bied. Hy het hulle nie as veldkornette, soos ge= bruiklik by die Boeremagte elders, aangestel nie, maar as luitenante, soos Danie Theron dit ook gedoen het. Hy het wel aan sekere rebelle die rang van

38) De Kersauson: Op. cit., pp.66-7.

39) Ibid., p.67.

veldkornet toegeken.[40] Die rede vir die onderskeid wat Maritz hier in die range getref het, is waarskyn= lik die groot aansien wat die T.V.K. geniet het en die idee wat hy gekoester het dat hy en die paar T.V.K.-burgers hul name aan die Verkennerskorps ge= koppel wou hou. Die feit dat hy steeds in korres= pondensie "T.V.K." agter sy naam geskryf het, is be= wys daarvan dat hy dit as 'n soort eretitel beskou het.[41]

4.4.3 Eerste gevegsopleiding

Maritz het in die Noordweste 'n klompie rebelle aan= getref wat van die krygskuns geen ondervinding ge= had het nie en omdat daar geen opleidingskampe vir die Boeremagte was nie, was hulle op gevegsopleiding aangewese en was dit een van die belangrikste aspek= te van Maritz se aktiwiteite in die Noordweste. Hy en sy burgers wat van die T.V.K. afkomstig was, het die taak op hulle geneem om as instrukteurs vir die rebelle op te tree. Om die rebelle te kon oplei was dit dus nodig dat hulle in gevegte met die vyand betrokke sou raak.

Op 21 April, die dag waarop die eerste organisasiever= gadering by Nelskop gehou sou word, het die eerste

---

40) De Kersauson: Op. cit., p.67, Kyk ook hoofstuk 2 hierbo.

41) Leydsargief 94: Op. cit., I, p.43 en pp.114-6.

geleentheid hom voorgedoen toe die rebelle 'n vyan= delike patrollie van 13 man in die rigting van Swart= kop, suid-oos van Nelskop, bemerk het. Hoewel 'n groot aantal dadelik bereid was om die Britte te gaan oorrompel, het Maritz beveel dat slegs 13 rebel= le die taak onder sy persoonlike leiding sou aanpak. Toe die patrollie van lt. Tidmarsh Maritz en sy man= ne gewaar, wou hulle so gou moontlik teen Swartkop stelling inneem, maar Maritz het besef dat hy die vyand nie genoegsame geleentheid moes gee daarvoor nie en het bevel gegee dat hulle stormenderhand aan= geval moet word. Só 'n aanval sou die taktiese voordeel van die vyand verminder.[42)]

Maritz het die vinnigste in die geveg ingestorm en toe hy van sy perd afspring om op die vyand te skiet het hy 'n skoot deur die arm gekry. 'n Tweede skoot het hom deur die arm en rug getref, maar Joubertjie het hom weer op sy perd gehelp en ten spyte van Marit se verwonding die bestorming na die kop voortgesit. Hy wou seker maak dat die geveg in die rebelle se guns beklink word, sodat hul beginmoraal nie geknak sou word nie. Die hele patrollie het oorgegee nadat twee van hulle, onder wie Tidmarsh self, gewond en

---

42) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.120; Maritz: Op. cit., pp.36-7. Dit is onseker tot watter mag die patrollie behoort het, hoewel dit met sekerheid aangeneem kan word dat dit nie van Jeudwine was nie, wat mens laat dink dat dit 'n plaaslike tuiswagpatrollie was.

nog twee gedood is. Met 'n buit van 13 perde, 13 geweers en ammunisie is die rebelle voort na die plaas T'Boop, ongeveer 80 km noordwes van Brandvlei, waar Maritz vir sy wonde behandeling sou ontvang. Die gevange Britte is as krygsgevangenes na Kakamas gestuur,[43] blykbaar omdat dit 'n gebied was waar die Britte weens die afgesonderdheid daarvan, nie maklik sou kom nie. Die eerste vuurdoop van die rebelle is dadelik deur Maritz vir die doel van ge= vegsopleiding benut en hulle het gou agtergekom dat daar eers bevele deur 'n offisier uitgereik moes word voordat die manskappe tot die aanval kon oorgaan.

Tydens Maritz se verblyf op T'Boop het Steuerwald en De Kersauson gedurig verkenningspatrollies uitge= stuur om die vyandelike bewegings in die omgewing vas te stel. Nog voordat hulle dus op groot skaal begin veg het, moes hulle die verkenningsaspek met beide offensiewe en defensiewe oogmerke, onder die knie kry.

Na die reorganisasievergadering van 6 Mei was Maritz op 8 Mei gereed en hy het met sy klein mag vanaf Klawervlei oor Bitterkamas na Loeriesfontein ver= trek en op 12 Mei 'n patrollie onder bevel van kapt. Bertram by Vogelvlei, ongeveer 25 km suid-wes van Brandvlei, teengekom. Met die kort skermutseling

43) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.120; Maritz: Op. cit., p.37. Vlg. die Cape Times van 30/4/1901, p.7 (kol. 2) was daar 80 tot 'n 100 Boere.

tussen die 15 man van Bertram en die rebelle is een Brit gedood en twee gewond. Almal, behalwe Bertram wat ontvlug het, is gevange geneem.[44]

Uit rapporte wat by die patrollie gevind is, het Maritz die Britse planne teen hom te wete gekom en kon hy sy bewegings daarvolgens bepaal. Die patrol= lie van Bertram was deel van 'n groter Britse offen= sief teen die Kaapse rebelle. 'n Tweede patrollie van 75 man, onder bevel van lt. Soames, sou vanaf Tontelboschkolk teen die rebelle verkenningswerk doen, terwyl Bertram dieselfde uit die rigting van Loeries= fontein sou doen. Agter die twee patrollies sou 'n hoofmag van 400 man vanaf Carnavon onder aanvoering van kol. White volg om die rebelle die stryd aan te sê. White se mag was blykbaar deel van Settle s'n.[45] Die Britte was dus nie besig om gras onder hulle voete te laat groei nie en het 22 dae na Maritz se aankoms in die Noordweste reeds gevegseenhede teen hom in die veld gestoot. Dit aksentueer die erns waarmee die Britse opperbevel die uitbreiding van die oorlog na die Westelike Kaapkolonie bejeën het.

Maritz se eerste reaksie op die rapporte was om hom onmiddellik op Soames se patrollie toe te spits om

44) F.K. 803 C.O. 48/552, 1901, "Colonial Office" se weeklikse verslae oor die verloop van die oorlog, V, p.840; De Kersauson: Op. cit., p.68; Cape Times, 21/5/1901, p.5 ( kol. 2).

45) F.K. 803: Op. cit., V, p.841; Grant: Op. cit., IV, p.351.

die Britse planne die nek in te slaan.[46] Soames was, soos afgespreek, op 13 Mei 1901 op sy pos by die plaas Lekkeroog en is daar deur die rebelle-kom= mando aangetref en oorrompel. By die geleentheid is 30 Britte gevange geneem.[47] Maritz het eiehan= dig vir Soames gevange geneem toe hy probeer ontvlug het. Hy en Helgaard Steyn het ook drie ander voort= vlugtendes agterna gesit en in 'n skermutseling wat ontstaan het, het Steyn die lewe gelaat. Twee van die drie Engelse het gesneuwel, maar die derde een het ternouernood ontkom.[48]

Aangesien daar van die werk van die twee patrollies niks tereg gekom het nie, was White se groot oormag nie in staat om Maritz te vind nie[49] en omdat laas= genoemde se mag te klein was om dié van White aan te druf het hy op 14 Mei na Klawervlei teruggekeer[50] en die gevangenes losgelaat.[51]

Van Maritz se terugkoms by Klawervlei skryf Robert de Kersauson soos volg:

---

46) F.K. 803: Op. cit., V, p.841; Vgl. ook: Amery: Op. cit., V, p.309.

47) Ibid.; Leydsargief 94: Op. cit., III, p.124.

48) Maritz: Op. cit., p.39; De Kersauson: Op. cit., p.69.

49) F.K. 803: Op. cit., V, p.841.

50) Leydsargief 94: Op. cit., III, p.124.

51) Cape Times, 21/5/1901, p.5 (kol. 2).

"Kmdt. Maritz wat agt dae gelede na Loeriesfon=
tein opgetrek het, het triomfantelik terugge=
keer. Terwyl ons 'n erewag vorm en hulle luid=
rugtig verwelkom, kon ons nie help om met trots
vervul te wees nie. Agt dae gelede het hy van
ons vertrek met 40 rebelle, swak bewapen, met
swak perde en ongeoefend in guerilla-oorlog=
voering, nou keer hy terug aan die hoof van 'n
afdeling rebelle op goeie perde met splinter=
nuwe saals toegerus met nuwe gewere en dubbele
bandeliere. Onder die buit was daar ook vier
transportwaens wat elk deur 12 muile getrek is,
agt karre, elk deur vier muile getrek, en laas=
te maar nie die minste nie, 'n volledig toege=
ruste ambulans".[52]

'n Voorraadopname het ook die volgende buit aangedui:

Rantsoene vir 3 dae vir 100 man;
60 Lee Metford-gewere;
22 000 patrone;
45 perde;
68 muile;
90 saals en tooms;
'n aantal wolkomberse;
verskeie koffers met geheime dokumente;[53]

As gevolg van die sukses van Maritz en die groot buit kan aanvaar word dat sy aansien by veral die rebelle, wat hom nog nie goed geken het nie, baie gestyg het. Met die optrede het hy sy leierskapvermoëns onteen=seglik bewys en vertroue by die rebelle ingeboesem. Daarby is die probleem van verskillende kaliber ge=weers in groot mate opgelos met die buit van die aan=

52) De Kersauson: Op. cit., p.70.

53) Ibid.; Vlg. Grant: Op. cit., IV, p.351 was dit 15 000 rondes patrone

tal Britse Lee Metfords en patrone. Die saals en tooms was eweneens belangrike en onmisbare uitrusting vir die berede rebellemagte. Soos in die geval van die geveg by Nelskop het Maritz weer beslis en blits=vinnig opgetree om vir die rebelle 'n groot slag te slaan, maar hy het ook besef dat die rebelle beperkte krygsvermoëns het en nie teen 'n oormag Britte be=stand sou wees nie.

## 4.5 Britse krygsoperasies teen Maritz

### 4.5.1 Maj. Jeudwine se optrede teen Maritz

Die belangrikste vonds wat Maritz uit die buit by Soames en Bertram gemaak het, was die dokumente wat geheime militêre inligting bevat het aangaande die aanwesigheid van maj. Jeudwine in die geweste.[54)]

Die Britte het gelyktydig met Maritz se eerste gevegs=aktiwiteite 'n algemene gekoördineerde plan opgestel om die rebelle-bedreiging dwarsoor die Kaapkolonie op georganiseerde basis aan te pak. Aan die einde van Mei 1901 het die Britte met 'n nuwe krygstrate=gie in die Kolonie begin wat saamgeval het met Settle se vertrek na Brittanje. Die Kolonie is in nege ge=vegsgebiede verdeel, waarvan vyf, dié van maj. Jeud=wine (Prieska, Kenhardt, Gordonia), kol. du Cane

---

54) De Kersauson: Op. cit., pp.70-1; Cape Times, 10/5/1901, p.5 (Kol. 2).

(Calvinia, Vanrhynsdorp, Ceres, Clanwilliam, Piket=berg en Malmesbury), kol. Shelton (Namakwaland) kol. Cooper (Kaapstad) en kol. Verner (Hopetown, Hanover, Philipstown, Britstown, Richmond, Carnarvon, Murrays=bury ens. tot Stellenbosch), op Maritz se krygswerk betrekking gehad het.[55]

Genl. French het bevel oor die hele Kaapkolonie ge=neem en dit was sy doel om die invallers en rebelle in die gebied noordwaarts terug te dryf tot oor die Oranjerivier. Hierdie voorneme van hom het aanvank=lik slegs beperk gebly tot die sentrale en oostelike dele van die Kolonie en het Maritz in die Noordweste nie ten deel geval nie.[56] Die Britte het dus die oorlog in die Kolonie in ernstige lig beskou, omdat hulle in Transvaal en die Vrystaat met 'n nuwe en meer vasberade krygspoging van die Boere te doene gekry het en hulle nie kon toelaat dat daar 'n groot=skeepse rebellie in die Kolonie ontstaan nie. Dit sou hul aandag in 'n te groot mate verdeel en teen die nuwe Boerestrategie met die guerilla-taktiek sou verdeelde kragte fataal wees.

Jeudwine het sy mag van ongeveer 500 troepe aan die einde van April 1901 gemobiliseer en teen Maritz op=getrek. Op 14 Mei, toe Maritz ná sy gevegte teen Soames en Bertram na Klawervlei teruggekeer het, het Jeudwine met sy mag, wat hoofsaaklik uit Kaapse

---

55) Amery: Op. cit., V, pp.312-3.
56) Ibid.

Kleurlinge bestaan het, in Brandvlei aangekom.[57) ] Dit blyk dat, terwyl die Britse planne in die res van die Kolonie teen rebellemagte in werking gestel is, Jeudwine voorlopig teen Maritz moes veg en dat die Britse planne eers later in die weste toegepas sou word.

Op hierdie stadium het Maritz dit gerade geag om nie met sy klein rebellemag teen die groot oormag onder Jeudwine in 'n botsing betrokke te raak nie. Trouens, omdat hy geweet het dat die vyand 'n aanval op Klawervlei beplan het, het Maritz die plek ont= ruim en die inwoners noordwaarts Boesmanland in ge= stuur om hulle uit die pad van Jeudwine en die Kleur= linge te hou.[58)] Dit onderstreep 'n ander aspek van sy krygsleierskap wat by hierdie bepaalde geleent= heid na vore getree het. Vroeër in die oorlog het hy nog nooit as ondergeskikte offisier dergelike sake moes hanteer nie, wat beteken dat hy op dié stadium, as opperbevelhebber van die Noordweste, 'n groot ver= antwoordelikheid op hom geneem het en ook vir die veiligheid van die burgerlikes moes sorg.

De Kersauson is met vier transportwaens na Klawervlei gestuur om die graan en voer wat daar was te gaan haal, en met sy terugkoms het baie manne van die omlig= gende plase, uit vrees vir die troepe van Jeudwine, by Maritz se kommando aangesluit.[59)] Die vrees was nie on=

---

57) De Kersauson: Op. cit., p.68; Grant: Op. cit., IV, p.351.
58) Ibid., p.73; Grant: Op. cit., IV, p.351.
59) Ibid.

gegrond nie, aangesien Maritz berig ontvang het dat Jeudwine Brandvlei as 'n smeulende ashoop agterge= laat het en dat diegene wat daarheen terug is om te kyk of hulle nog van hul besittings kon red, met leë hande teruggekeer het.[60]

Daar het nou 'n tydperk aangebreek waartydens Jeud= wine gedurig gepoog het om Maritz tot 'n geveg te dwing, maar dit sou moeilik gaan om die uiters-be= weeglike rebellemag te skaakmat. Jeudwine het op 16 Mei 1901 vanaf Brandvlei na Tontelboschkolk ver= trek maar Maritz nie daar gevind nie.[61] Maritz het op sy beurt, met behulp van deeglike verkenning, gesorg dat hy goed op hoogte was met die vyandelike bewegings.[62] Dit wil voorkom of Jeudwine op 'n stadium digby die rebelle verby moes beweeg het toe hy vanaf Tontelboschkolk na Klawervlei getrek het. Maritz het weer van Klawervlei na Kansvloer verskuif en daarna na Ogarabie-Oos. Jeudwine het sy soektog vanaf Klawervlei na Katkop en Brandvlei voortgesit[63] en dit was duidelik dat hy nie besef het waar Maritz hom bevind nie, 'n feit wat nie soseer aan Maritz se taktiek toegeskryf moet word nie maar eerder tot dis= krediet van Jeudwine, wat beslis nie oor deeglike ver= kenning beskik het nie, gestrek het. Tog is hier die

---

60) De Kersauson: Op. cit., p.74.

61) Grant: Op. cit., IV, p.352.

62) De Kersauson: Op. cit., p.74.

63) Ibid., pp.74-5.

eerste tekens te bespeur van die soort oorlog wat Maritz sou voer op dié stadium toe sy mag nog nie groot genoeg was nie. Die berede rebellemag se be=wegings was vinnig en hulle het op doeltreffende wyse uit die pad van die Britte gebly. Maritz kon egter moontlik meer aggressie getoon en Jeudwine in tipiese guerilla-styl verras het, maar dit is waarskynlik dat Maritz nie té waaghalsig wou optree nie weens die ge=vaar van groot lewensverlies en omdat dit die diplo=matieke aspek van sy optrede - om die Kaapse Afrika=ners tot rebellie oor te haal - sou benadeel. Dit was vir hom uiters noodsaaklik om die samewerking en ondersteuning van die Kaapse Afrikaners te geniet, omdat hy vir die verskaffing van perde, voer en re=krute op hul goedgesindheid en meelewing aangewys was.

Aan die begin van Junie het Maritz verneem dat Jeud=wine verplig was om na Loeriesfontein terug te val weens 'n groot verlies aan perde en dat baie van die vyandelike troepe sonder rydiere was. Dit was win=ter en mens kan aanvaar dat voer in die droë wêreld=deel skaars begin word het en dat Jeudwine weens sy gedurige agtervolging van Maritz, aan mobiliteit moes inboet as gevolg van maer perde. Dit sou Jeudwine tydelik laat afsien het van pogings om Maritz op te spoor,[64] maar die vraag is of Maritz nie die situa=sie tot sy eie voordeel moes uitbuit deur 'n verras=

64) Ibid.; Grant: Op. cit., IV, p.352.

singsaanval op Jeudwine se mag te doen nie. Maritz het voortgegaan om mense in die omgewing van Ogara=bie-Oos hul plase te laat ontruim en hulle noord=waarts te stuur vir groter veiligheid. Hierdie be=veiliging van die burgerlike bevolking deur hom herinner aan soortgelyke optrede deur genl. De Wet, toe die T.V.K. nog saam met hom opgetree het.[65)]

Terwyl die rebelle in die omgewing van Calvinia werksaam was, het Maritz vir De Kersauson, Steuerwald vk. Kampher en nog een of twee man op 12 Junie na 'n winkeltjie op Middelkraal, ongeveer 25 km noord-oos van Calvinia, gestuur om benodighdhede vir die man=skappe te koop.[66)] Die ligging van die winkel was sodanig dat uitsig beperk was en 'n Britse patrollie van kapt. J.A.P. Feltham van die Western Province Mounted Rifles het die paar krygers daar maklik ver=ras.[67)] 'n Geveg het ontstaan en die paar rebelle het die Britte met hul geweervuur teruggehou terwyl een van hulle, Petrus Steenkamp, ongeveer 14 km ver gehardloop het om Maritz en die res van die kommando te ontbied.[68)]

---

65) De Kersauson: Op. cit., pp.74-5; Kyk ook hoof=stuk 2.2 hierbo.

66) Ibid., p.76; Maritz: Op. cit., p.41.

67) Cape Times, 17/6/1901; De Kersauson: Op. cit., p.76-7.

68) P.A. Nierstrasz: De oorlog in Zuid-Afrika XV, p.1209 (In Leydsargief 766-776): Maritz: Op. cit., p.41; De Kersauson: Op. cit., p.78.

Teen 17h00 het Maritz tot hulp van die vasgekeerdes opgedaag en die troepe van Feltham het sonder aarse=ling oorgegee.[69] Aan rebellekant is ene Nel dood en Steuerwald swaar gewond. Vir die Britte was daar drie gesneuweldes, twee swaar gewondes, twee lig gewondes en 21 gevangenes.[70] Onder die gevange=nes was daar, benewens Feltham, nog 'n offisier lt. André Joubert.[71] 'n Uur na die gebeure by Middel=kraal, het Maritz berig ontvang dat 'n klompie vyan=delike troepe vanaf Brandvlei in aantog was. 'n Paar rebelle wat in die rigting uitgestuur is, het na 'n kort skermutseling met 'n transportwa vol ammu=nisie en voorrade asook twee Kleurlinggevangenes teruggekeer. In die kort geveg is slegs 'n Kleur=ling gedood.[72]

Maritz het waardevolle dokumente in die besit van Feltham gekry, waaronder 'n telegram wat daarop ge=dui het dat Jeudwine hom op daardie moment te Loe=riesfontein bevind het.[73] Maritz was goed bekend met die planne van die Britte en kon sodoende ver=seker dat hy hom nie in Jeudwine vasloop nie.

---

69) Nierstrasz: Op. cit., XV: p.1209; Cape Times, 18/6/1901, p.5 (kol. 2).

70) De Kersauson: Op. cit., p.79: F.K. 805 C.O. 48/552, 1901, VII, p.1168.

71) F.K. 805: Ibid.; Cape Times, 17/6/1901, p.7 (kol. 2).

72) Nierstrasz: Op. cit., XV, p.1209.

73) De Kersauson: Op. cit., p.80. Kyk voetnoot 69 hierbo.

Met die vyandelike mag op Loeriesfontein het hy noordwaarts na Klipfontein en daarna weer suidwaarts beweeg en op 13 Junie het hy met sy 150 man op Drie=kuilen net noord van Middelkraal aangekom. Die swaargewonde Steuerwald is op 'n wa met 'n dik laag strooi vervoer en by die aankoms op die plaas in 'n gerieflike bed neergelê. Nogtans het hy gesterf en het Maritz en sy makkers emosie-belaaide oomblik=ke deurgemaak met die verlies van hul getroue makker. Na die dood van Steyn en Steuerwald was daar nog net vyf van die oorspronklike T.V.K.-lede van Maritz se kommando oor.[75]

Die twee gevange Britse offisiere, Feltham en Jou=bert, is saam met 'n patrollie na Brandvlei gestuur, blykbaar om die twee offisiere as krygsgevangenes te laat opsluit, terwyl die ander gevangenes losge=laat is. Jeudwine het steeds nie daarin belangge=stel om die rebelle op te spoor nie, maar het na Calvinia gegaan, moontlik om vars perde en voorrade vir sy troepe te bekom. Maritz en sy burgers is vanaf Driekuilen na Welbedagt en Groottoring ten noorde van Calvinia waar hulle oornag het en is op 17 Junie weer verder in die rigting van Loeriesfon=tein. Hy het manskappe uitgestuur om perde in die gebied noord van Calvinia op te koop voordat Jeudwine die kans kon kry om dieselfde te doen en daarmee ge=

---

74) De Kersauson: Op. cit., p.80.

75) Lees p.69.

poog om sy beweeglikheid te kortwiek. Op die plaas Ouhoek het Maritz se kommando oornag en vir die volgende drie dae het hulle deur die Brakrivier, Granaatbosch, Slagberg en Doornrivier tot by Uithoek[76] ongeveer halfpad tussen Loeriesfontein en Nieuwoudtville, getrek. Sy bewegings was blykbaar daarop gemik om die vyand oor sy posisie te verwar. Hy het nie verder van hulle wegbeweeg nie, maar juis nader.

In die omgewing van die Bokkeveldberge het Maritz verneem dat daar vyandelike troepe in Nieuwoudtville was, maar hul getalsterkte kon nie vasgestel word nie. Op 22 Junie het hy met Hugo, De Kersauson en nog tien man die ware toedrag van sake gaan vasstel. Dit was 'n reënerige dag en toe die reën ophou, het 'n digte mis die dorpie omhul. By die eerste huis het hy verneem dat daar slegs tien Britte in die dorp was Dit het hom laat besluit om die plekkie te beset.[77] Dog byna gelyktydig het Jeudwine vanaf Calvinia met 'n mag van 250 man daar aangekom.[78] Maritz en sy manne was in 'n benarde posisie, aangesien die vyand hul die pad versper het. Daarom het hy sy manne op 'n stap reg in die rigting van die aankomende Engelse laat ry, terwyl hy vir hulle wuif om hulle onder die indruk te bring dat hulle ook Britte is. Hy het so volgehou tot by 'n afdraaipad en vlak voor die vyand skielik afgeswaai en weggejaag sonder om verliese te ly. Deur sy teenwoordigheid van gees, deur kalme

76) De Kersauson: Op. cit., pp.81-3.

77) Ibid., p.83.

78) Nierstrasz: Op. cit., XV, p. 1213.

en tog waaghalsige optrede het Maritz homself en sy makkers met blufspel van gevangeneming gevrywaar en het hy waarskynlik weer bewondering by sy onderhori= ges afgedwing.[79)]

Aan die ander kant het Jeudwine nou ten ene male die ontwykende Maritz opgespoor en sou voortdurend op sy spoor bly. Teen 23-24 Junie is die rebelle oor Willemsrivier na Grasberg en het tot by die Gemsbok= rivier, noord-wes van Nieuwoudtville, getrek. Van= daar het hulle in die rigting van Nieuwoudtville ver= ken en gevind dat daar 50 Britte, die voorhoede van Jeudwine, na die dorpie op pad was, met die hoofmag wat agterna kom. Maritz het 40 man van Gemsbokri= vier ontbied om 'n verrassingsaanval op die 50 Brit= te te doen. Na die geveg kon Maritz nie die vyan= delike verlies bepaal nie, aangesien Jeudwine se hoofmag reeds vinnig in aantog was om sy voorhoede by te staan.[80)] Voor sy aankoms het Maritz en sy patrollie dus na die kommando te Gemsbokrivier te= ruggekeer.[81)]

Maritz het hierna 'n aggressiewer houding ingeneem en besluit om Jeudwine te verras. Hy het met 'n ompad om Nieuwoudtville getrek en vroeg die oggend van 25 Junie by die Doornrivier aangekom, maar Jeud= wine was op die stadium bewus van die rebelle se be=

79) De Kersauson: Op. cit., pp. 84-5.

80) Ibid., pp.85-6.

81) Ibid., p.86.

wegings en het ook na die Doornrivier opgeruk. Van Maritz se voorgenome verrassingsaanval het niks te= reg gekom nie,[82] aangesien die verrassingselement ver= lore was. Hy het hom egter nie van stryk laat bring nie en twee dae later het Maritz wel 'n lokval vir Jeudwine op die plaas Gannabosch, 'n paar kilometer noord van Nieuwoudtville, opgestel. Hy het sy man= ne in drie groepe verdeel en hulle in die vorm van 'n hoefyster laat stelling inneem. Een groep het die kraal aan die suid-oostelike kant van die pad beset, 'n tweede groep het by die opstal direk langs die pad gewag en 'n derde groep het aan die noord-westelike kant van die pad teen Slagberg stelling ingeneem, sodat die rebelle oor ongeveer anderhalf kilometer versprei gelê het. Die Britse voorhoede van 25 man, was teen 10h00 in sig, gevolg deur 50 man met twee kanonne en die hoofmag van 600 man, met 'n lang ry transportwaens agterna.[83]

Die plan van Maritz was om die Britte tot op 150 meter te laat nader voordat hy op die vyand sou losbrand, maar een van die rebelle se geweer het afgegaan toe die vyand nog op 'n veilige afstand van 400 meter in aantog was. Onder dié omstandighede moes die ander rebelle ook begin skiet en soveel moontlik skade aanrig voordat die voorhoede van die Britte tot by

---

82) Ibid.; Grant: Op. cit., IV, p.353.

83) Nierstrasz: Op. cit., XV, p.1216; Grant: Op. cit., IV, p.353.

die hoofmag teruggeval het. Maritz se manne kon slegs twee Britte dood en drie verwond.[84)] Jeudwine het gou tot verhaal gekom en met sy kanonne op die opstal losgetrek, maar die rebelle het dadelik padgegee en na Adamsfontein, noord van Calvinia, vertrek.[85]

Hierdie ontmoeting wat op 'n fiasko uitgeloop het, moes vir beide Jeudwine en Maritz 'n teleurstelling gewees het. Vir Jeudwine omdat hy reeds geruime tyd op die rebelle se spoor was en hulle nie tot 'n botsing kon uitlok of dwing nie. Aan die ander kant was Maritz takties baie goed daaraan toe en uit sy goeie stelling kon hy vir 'n eersterangse verrassing gesorg het en Jeudwine 'n gevoelige hou toegedien het.

Tot sover was Jeudwine geensins by magte om sy doel te bereik, naamlik om Maritz op te spoor en sy mag te breek nie. Dit kan toegeskryf word aan die groter beweeglikheid en goeie verkenningswerk van die rebellemag, aangesien hulle nie met waens en swaar konvooie getrek het nie maar elke man te perd was.[86)] Hierdie beweeglikheid, wat kenmerkend is van die beproefde guerilla-oorlogvoering wat Maritz in sy optrede saam met genl. De Wet aangeleer het, tesame

---

84) Nierstrasz: Op. cit., XV, p.1216. Hierdie taktiek en afloop daarvan herinner aan die Slag van Boomplaats in 1848 toe A. Pretorius vir sir Harry Smith wou verras.

85) De Kersauson: Op. cit., p.88.

86) Ibid., p.81.

met die voordeel van goeie verkenningswerk, soos hy onder Danie Theron leer ken het, het van die klein rebellemag soms 'n baie doeltreffende gevegseenheid gemaak. Dit was ook die mees logiese optrede van klein Boeremagte om nie 'n stellingoorlog teen die groot getalsoorwig van die Britte te voer nie, maar om die vyand telkens deur guerilla-taktiek te verras, soos reeds sedert die slag van Dalmanutha[87] algemeen gebruiklik geword het by die Boeremagte. Daarteen=oor sou 'n stellingoorlog die Britte beter pas, aan=gesien hulle op hul groter troepemagte en beter wa=pens kon staatmaak.

Die oorlog in die Noordweste het nog nie veel om die lyf gehad nie, veral weens die feit dat die beweeg=liker mag van Maritz nie veel pogings aangewend het om die Britte in gevegte te konfronteer nie. Dit kan enersyds toegeskryf word aan die kwantiteitsver=skil tussen die rebelle en Britte, of ook aan gebrek aan inisiatief, wat by tye by die rebelle moontlik was. Maritz se diplomatieke rol mag ook nie geheel buite rekening gelaat word nie, waarin hy geleidelik die oorlog by die Afrikaners in die Kolonie moes laat wortelskiet. Tog het hy sy burgers by kleiner skermutselings betrek, moontlik met die oog daarop om hulle geleidelik in die krygskuns touwys te maak met behulp van gevegsopleiding en op so 'n wyse dat die oorlog hulle nie te gou afskrik nie.

87) Kyk D.W. Kruger: Geskiedenis van Suid-Afrika, p.423.

Kmdt. Manie Maritz het van die guerilla-taktiek nut=tig gebruik gemaak en buite bereik van die Britte ge=hou. In die opsig het die Cape Times berig:

> "The enemy are being closely pursued by Major Jeudwine, who has hitherto been unable to force the enemy into an engagement".[88)]

In lord Kitchener se Julieverslag[89)] maak hy ook mel=ding van die gekompliseerdheid van die Boere en re=belle se bewegings in die Kaapkolonie en beskryf hy dit as 'n reeks los bewegings van klein Boeremagte wat min of meer onafhanklik van mekaar optree. Kitchener het voorts berig dat in die weste van die Kaapkolonie daar twee Boeremagte van ongeveer 100 man elk onder Maritz en Conroy rondbeweeg en dat hulle verskeie kere suksesvol deur die Britse magte beveg is.[90)] Wat Maritz se bewegings betref, was die Britte nie so suksesvol as wat Kitchener se ver=slag wou voorgee nie en op die oog af blyk dit dat sy twee genoemde verslae mekaar weerspreek. Tog kon Kitchener die feit dat die rebelle dikwels nie vir 'n geveg kans gesien het nie, as sukses vir sy troepe beskou het.

Maritz se verdere werk in die Noordweste aan die begin van Julie 1901 het nie veel noemenswaardig

---

88) Cape Times, 18/6/1901, p.5 (kol. 2).

89) Cd. 695. 8 Julie 1901. Rapport van lord Kit=chener aan die sekretaris van oorlog in Londen, p.15.

90) Ibid., p.16.

opgelewer nie en na die teleurstellende ontmoeting met Jeudwine by Gannabosch het hy op 1 Julie met sy kommando op Williston gearriveer. Jeudwine was warm op sy spoor, maar dit het nie verhoed dat Maritz daar beslag gelê het op 'n paar gewere en daarna die tronkbewaarder en andere in die tronk opgesluit het nie.[91)]

Hy het dadelik in die rigting van Calvinia padgegee en daarna na Sutherland beweeg, waar hy aan die be= gin van Julie persoonlik die oggend om 04h00 na die slaapvertrek van die Britse bevelvoerder van die gar= nisoen gegaan en die nog-slapende offisier gevang het.[92)] Die oorspronklikheid en waaghalsigheid van die Rebelle-aanvoerder het hom 'n onvoorspelbare teenstander van die Britte gemaak. Tot nog toe was die Britse optrede teen Maritz slegs op klein skaal aangepak en was dit slegs Jeudwine wat spesifiek op hom jag gemaak het.

### 4.5.2 Kol. Capper opereer teen Maritz

Jeudwine is na Grahamstad verplaas en die agtervolg= ingswerk teen Maritz sou voortaan deur sy opvolger kol. T. Capper, behartig word. Soos die geval met Jeudwine,[93)] was dit ook vir Capper moeilik om Maritz

---

91) F.K. 807 C.O. 48/553, Verslag van magistraat W.H. Gie. 1901, II, p.347.

92) Ibid.; Maritz: Op. cit., p.43.

93) F.K. 810 C.O. 48/553. 1901 V, p.732.

se rebelle vas te trek.[94] Vir die grootste gedeel= te van Julie het Maritz in die nabyheid van Fraser= burg en Sutherland rondbeweeg en teen 20 Julie was hy in die Roggeveld, ongeveer 50 km wes van Suther= land.[95] Teen 25 Julie rapporteer die Britte dat Maritz tussen Fraserburg en Sutherland was,[96] en dat hy daarna 60 km oos van Clanwilliam met ongeveer 160 man by hom opgemerk is.[97] Op 27 Julie het hy 31 man van 'n patrollie van die Yeomen te Doornri= vier, 60 km noord-oos van Clanwilliam, gevang.[98] Met die skielike verskuiwing in die rigting van Clanwilliam was die Britte van mening dat Maritz 'n aanval teen die dorp beplan het, moontlik om wapens en ammunisie te kry,[99] maar hiervan het niks gekom nie en hy het aan die einde van Julie met sy rebelle noordwaarts in die rigting van Vanrhynsdorp en die Bokkeveldberge beweeg.[100]

Hy het gepoog om Capper, wat agter hom aangekom het af te skud deur vinnig te trek, maar het nogtans in die omgewing van Vanrhynsdorp teen die Bokkeveldberge met hom slaags geraak. Capper het hom teen die ber= ge vasgedruk en Maritz was verplig om die nag van

---

94) Grant: Op. cit., IV, p.354.

95) F.K. 808 C.O. 48/553. 1901, III, p.439; Grant: Op. cit.,

96) F.K. 810 C.O. 48/553. 1901 V, p.732.

97) F.K. 809 C.O. 48/553. 1901 IV, p.544.

98) Nierstrasz: Op. cit., XV, p.1216.

99) F.K. 809 C.O. 48/553. 1901 IV, p.548.

100) Nierstrasz: Op. cit., XV: p.1235.

5 - 6 Augustus onder gevaarlike omstandighede die vy=
and te ontwyk, en heelwat van die rebelle se perde
het in die ontvlugtingspoging teen die styl berghang
afgerol, dog hy het daarin geslaag om Capper te uit=
oorlê. Maritz het sy kommando aan die voet van die
berg in digte bosse versteek en die volgende aand,
7 Augustus 1901, na Vanrhynsdorp vertrek.[101]

Hy het reeds die vorige dag, terwyl hulle in die digte bos by die rivier op die plaas Grootdrift, noord-oos van Vanrhynsdorp skuilgehou het,[102] die nodige verkenningswerk laat doen[103] en sodoende presies geweet waar die woonkwartier van kmdt. Ros=ton,[104] bevelvoerder van die Western Province Mounted Rifles (W.P.M.R.) was, hoewel dit slegs 'n paar nagte vantevore verskuif is.[105] 'n Analogie van die gebeure by Sutherland het hom hier afgespeel. Maritz het om 04h00 die verbaasde Roston se slaap=vertrek binnegestap en hom en die luitenant in die kamer langsaam gevange geneem.[106] Die twee is onder bewaking van 'n sterk rebellewag geplaas.[107]

---

101) A. de Wet: Op. cit., pp.170-1; Maritz: Op. cit., p.43; Grant: Op. cit., IV, p.355.

102) A. de Wet: Op. cit., p.170.

103) Nierstrasz: Op. cit., XV: p.1241.

104) A. de Wet: Op. cit., p.171. Vgl. ook: Cape Times, 16/8/1901, p.5 (kol. 2).

105) Cape Times, 16/8/1901, p.5 (kol. 2).

106) Ibid.; Maritz: Op. cit., p.43.

107) Cape Times, 30/8/1901, p.5 (kol. 2); Maritz: Op. cit., pp.43-4.

Die ander Britte het onmiddellik alarm gemaak en in 'n fort daar naby stelling ingeneem vanwaar hulle op die rebelle begin skiet het. Die geveg het etlike ure geduur voordat die Britte die witvlag gehys het.[1(

Die rebelle kon hulle voorraad uit die groot buit aanvul. Hulle het 40 gewere, 6 kiste ammunisie, baie klere en 65 perde bekom. Daarby is ook 29 Britte, almal lede van die Western Province Mounted Rifles, gevange geneem. Capper, wat so vinnig moontlik agter Maritz aangegaan het, het vier dae later eers op Vanrhynsdorp aangekom.[109)]

Die eerste koerantberig oor die voorval in die Cape Times het Maritz in 'n swak lig gestel, as sou hy sy gevangenes baie sleg behandel het. Daarvolgens is die ou heer P.B. van Rhyn, voorheen lid van die Kaapse Wetgewende Raad (1885), gevange geneem en is die kommandant van die plaaslike Western Province Mounted Rifles in 'n vuil latrine vir etlike ure ge=vange gehou en ander offisiere op soortgelyke wyse behandel.[110)]

---

108) Cape Times, 30/8/1901, p.5 (kol. 2); Maritz: Op. cit., p.44.

109) F.K. 810 C.O. 48/553, 1901, V, p.811; Vgl. ook: Grant: Op. cit., IV: p.355.

110) Cape Times, 16/8/1901, p.5 (kol. 2).

'n Paar dae later het dieselfde koerant die valse feite gerepudieer deur 'n volle vervangende berig te plaas volgens nuwe inligting van 'n ooggetuie. In hierdie berig is die ware feite aangaande die ge=siene heer P.B. van Rhyn, die tronkbewaarder, en Maritz se optrede gegee.

> "Their first act was to proceed to the bedroom of the Commandant, whom they placed and kept during the day under arrest in his own appart=ments. He was, however, subjected to none of the indignities mentioned in the account fur=nished you by a previous correspondent .......
>
> .... After taking what they required, the enemy did not indulge in any want on destruction of property. None of the stores of foodstuff were burnt, and none of the prisoners in goal, of whom there were six, were liberated. Neither was the goaler arrested. The Hon. P.B. van Rhyn was never taken prisoner by the invaders, nor were any of the inhabitants of the village molested by them. A small patrol of the enemy entered the town next day for purpose of comman=deering some additional supplies. Having ob=tained these, they left.
>
> On Friday morning the entire commando had aban=doned their laager, and left in a north easterly direction".[111)]

Soos in bogenoemde berig gestel, het Maritz die vol=gende dag 'n paar man gestuur wat nog drie waens met voorrade gaan haal het [112)] en uit die laaste berig

---

111) Cape Times, 30/8/1901, p.5 (kol. 2). Vgl. ook: P.L. Scholtz: Van Rhijn, Petrus Benjamin. (<u>In</u> S.A.B.W. 1: 873).

112) Ibid.; A. de Wet: Op. cit., p.173.

is Maritz se integriteit bo alle verdenking geplaas. Hy het weer eens getoon dat hy selfs in haglike om= standighede inisiatief kon neem, as in aanmerking geneem word dat hy sy manskappe uit die vasgekeerde posisie teen die Bokkeveldberge gelei het en dat hy die swak situasie waarin hy hom bevind het op bril= jante wyse omskep het in 'n wins met die aanval op Vanrhynsdorp. Hy het ook oorspronklikheid aan die dag gelê deur by twee geleenthede op waaghalsige wyse die vyandelike bevelvoerders in hul woonkwartiere vas te trek en hulle as gyselaars aan te hou.

Die kommando is net na die geveg by Vanrhynsdorp in 'n noord-oostelike rigting, en teen die einde van Augustus het die kommando hom op die plaas Brandwacht, 60 km noord-oos van Calvinia, bevind. Weens die uitbreek van masels onder die manne moes Maritz daar vertoef sodat hulle kon herstel.[113] Hy was bedag op enige optrede van die vyand uit die rigting van Calvinia en het 'n paar verkenners geneem om hul be= wegings dop te hou.[114]

Kol. Capper het op 31 Augustus na Brandwacht gegaan om die Boere daar te verras, nadat hy op Calvinia verneem het dat die Maritzkommando hom op die plaas bevind.[115] Capper het waarskynlik oor 'n redelike

---

113) F.K. 813 C.O. 48/554, 1901 II, p.229; Maritz: Op. cit., p.47.

114) Nierstrasz: Op. cit., XV, p.1269; Maritz: Op. cit., p.47.

115) Grant: Op. cit., IV: p.356; F.K. 873; Op. cit., II: p.229.

goeie verkenningsdiens beskik en was op hoogte van Maritz se bewegings. Dit is ook moontlik dat hy sy inligting by boere in die distrik Calvinia ontvang het.

Ongeveer drie km vanaf Brandwacht het 'n patrollie van Maritz vars perdespore vanaf Calvinia gevind en dit was vir hulle duidelik dat die vyand uitgevind het van hul teenwoordigheid en met 'n ander pad op die siektegekluisterde kommando by Brandwacht afge=stuur het. Aanvanklik het hy probeer om met die hele patrollie na die laer terug te jaag, maar omdat al die ruiters nie met hul swak perde kon byhou nie, het hy beveel dat Thys Boonzaaier, David de Villiers, C. Rudolph en ene Nel so vinnig moontlik na die komman=do moet jaag om hulle deur die Sakrivier na veilig=heid te laat vlug terwyl die res van die patrollie stadiger agterna sou kom.[116)]

By die plaas aangekom, het Boonzaaier en sy makkers gesien dat die Britte reeds op die plek was waar die rebellewagte behoort te gewees het. Die vyand het Boonzaaier en sy manne tot halt geroep, maar na=dat hulle gehoorsaam en die vyandelike gewere laat sak is, het hulle weer spore gegee en gevangeneming vrygespring. De Villiers se perd is onder hom dood=geskiet, maar hy het tog daarin geslaag om die bosse

---

116) Ibid.

in te vlug en in die berg skuil te hou totdat hy la= ter, soos Maritz en die res van die patrollie, weer by die kommando kon aansluit. Ook Rudolph se perd is onder hom doodgeskiet en hyself deur die kuit ge= kwes, maar hy het nogtans die kommando bereik.[117)]

By die plaas aangekom het Boonzaaier die rebelle gou laat opsaal en voor die aankomende Britte uitgevlug. Drie van die rebelle het wonde opgedoen en twee van hulle wat te siek was om te vlug, het in die hande van die vyand geval.[118)] Daarbenewens het Maritz ook 50 perde verloor.[119)]

Ongelukkig vir Capper en gelukkig vir Maritz kon eersgenoemde nie daarin slaag om hom 'n verplette= rende nederlaag toe te dien nie, hoewel die omstan= digheid hom daartoe geleen het.

Vanaf Brandwacht het die rebelle in die rigting van Gannabosch die wyk geneem en daarna wes van Loeries= fontein en noord van Vanrhynsdorp verbybeweeg.[120)] Gedurende die eerste drie weke van September 1901 het Maritz sy kommando 70 km noord van Vanrhynsdorp laat rus om die siekes 'n kans te gee om te herstel.[1]

---

117) Maritz: Op. cit., p.47; Grant: Op. cit., IV: p.356.

118) Nierstrasz: Op. cit., XV, p.1269; F.K. 813 C.O. 48/554, 1901, II, p.229: Maritz: Op. cit., p.48

119) F.K. 813 C.O. 48/554, 1901, II, p.229.

120) Ibid.; Grant: Op. cit., IV: p.35.

121) F.K. 814 C.O. 48/554, 1902, III, p.372.

Op 11 September het 'n gedeelte van die kommando on= der F.C. Rudolph 'n aanval op Garies gedoen, moontlik om perde te bekom voordat Maritz sy eerste tog suid= waarts aangepak het.[122)]

Op hierdie stadium het die oorlog in die Noordweste hoofsaaklik bestaan uit snelbewegende rebellemagte wat nie maklik deur die Britte in gevegte gedwing kon word nie. Maritz het aanvanklik hoofsaaklik uit die pad van die vyand probeer bly maar het teen Sep= tember in al hoe groter mate aanvallend begin optree. Die wyse waarop hy moeilike situasies hanteer het, het van hom 'n gedugte vyand vir die Britte, en 'n baie gewilde aanvoerder vir die rebelle gemaak.
Die oorlog in die Noordweste het stadig maar seker sy beslag gekry en die Britte sou algaande verplig wees om die oorlog in die geweste op groot skaal aan te pak en die stryd teen die rebelle te verskerp.
Maritz self het as 'n taktiese krygsman ontpop wat by die dag meer inisiatief in die stryd in Kaapland geneem het.

## 4.6 Eerste suidwaartse offensief

Aan die begin van Oktober 1901 het die konsentrasie van die oorlog in die Kaapkolonie na die weste ver= skuif en het Maritz daarin 'n baie groot rol gespeel.

---

122) F.K. 815 C.O. 48/554, 1902, IV, p.611.

Hy het die toneel in die westelike dele van die Ko= lonie oorheers met sy vinnig-bewegende rebellemag wat reeds tot 'n gedugte guerilla-gevegseenheid ont= wikkel het. Die oorlog in die westelike Kaapkoloni het stadig maar seker 'n meer gekompliseerde karakte verkry. Met die eerste suidwaartse veldtog het Ma= ritz vir 'n positiewe wending van die oorlog in die weste gesorg. Hy het afgesien van die negatiewe beleid van gedurige vlug en klein skermutselings en self tot die offensief oorgegaan. Die positiewe optrede kon sy taak om 'n sterk rebellemag en daar= deur 'n aansienlike weerstand teen die vyand op te bou, slegs ten goede kom. Dit sou nie net aan hom wapens besorg nie, maar vir diegene wat opstand teen die Britte oorweeg het maar nog getwyfel het aan die moontlikheid op sukses vir die rebellemag, oortuig dat hulle ook moes aansluit. Dit sou dus Maritz se diplomatieke taak vergemaklik. Terselfdertyd het hy die rebelle in die geleentheid gestel om nie soos vroeër hoofsaaklik defensief op te tree nie maar om hulself tot die offensiewe te oriënteer.

Die veldtog sou verder ook tot gevolg hê dat die Britse aktiwiteite teen Maritz verskerp word en dat hulle daarvoor meer magte in die veld sou plaas. In hul verslag oor die militêre situasie van die week eindigende 29 September 1901 het die Britte ge= meen dat dit te betwyfel is of Maritz in die omgewin van Vanrhynsdorp is, of selfs verder noord in die om=

gewing van Garies.[123] In werklikheid was hy reeds op 27 September heelwat verder suid direk noord van Clanwilliam, as eerste fase van sy grootskeepse aan= val suidwaarts.[124] Dit is duidelik dat hy die Britse militêre owerhede steeds aan die gis gehad het.

Die Britte het nogtans verwag dat hy vroeër of later Piketberg of Hopefield sou aanval, aangesien daar in dié gebiede groot Britse voorraaddepots was en ook heelwat potensiële rebellerekrute.[125]

Maritz se aanval op Piketberg aan die begin van Ok= tober het die Britse vermoede bevestig en was dus nie 'n verrassing nie. Daarna het aanvalle op Mal= mesbury en Porterville gevolg,[126] en hoewel die vyand 'n vermoede van sy planne teen Malmesbury ge= had het,[127] kon hy nogtans nie suksesvol gestuit word nie. Die regeringsamptenare van Hopefield is op 10 Oktober opgesluit en die telegraafkantoor ver= nietig toe Maritz en sy rebelle die plekkie aangeval het.[128] Die beskadiging van die telegraafstelsel

---

123) F.K. 816 C.O. 48/554, 1902, V, p.797.

124) Nierstrasz: Op. cit., XV, p.1289.

125) F.K. 815 C.O. 48/554, 1902, IV, p.616-7.

126) A. de Wet: Op. cit., p.177: Grant: Op. cit., IV, p.358.

127) F.K. 818 C.O. 48/554, 1902, V, p.802.

128) F.K. 818 C.O. 48/554, 1902. VII, p.1158-9. Ook 'n vlugtige besoek aan Hoedjesbaai en Vredenburg - Leydsargief 94, I, p.115; M.H. Grant: Op. cit., IV: p.358.

sou meebring dat verdere inligting oor die rebelle se doen en late op die betrokke tydstip vertraag is en dat omvangryke Britse optrede teen Maritz daar= deur in die wiele gery is.

Tydens die aanval op Hopefield het 'n paar rebelle onder leiding van Thys Boonzaaier met hul geweers op 'n Britse kruiser wat in Saldanha voor anker ge= lê het, losgebrand. Die kruiser het op sy beurt met kanonvuur gereageer. Die rebelle het betyds pad gegee, maar die skeepskanonne het 'n hele ruk= kie verwoesting gesaai op die ontruimde Boerestel= ling.[129)] Hierdie voorval, hoewel 'n geïsoleerde en inferieure gebeurtenis, was waarskynlik ook die enigste waarin 'n Boeremag die Britte ter see las= tig geval het.

Met die aanval op Piketberg op 13 Oktober, het Ma= ritz 27 gewere en ammunisie gebuit[130)] en twee dae later ewe suksesvol Moorreesburg aangeval.[131)] Die aanvalle wat Maritz geloods het, het snel opmekaar gevolg en binne twee weke het hy sewe suksesvolle gevegte afgehandel, wat bewys is van sy militêre vermoë en die vasberadenheid waarmee hy die suid= waartse offensief aangepak het.

---

129) A. de Wet: Op. cit., p.177.
130) F.K. 819 C.O. 48/555, 1901 I, p.96.
131) Grant: Op. cit., IV: p.356.

Maar hy was nie sonder teenspoed in hierdie eerste suidwaartse veldtog nie, want by Vierentwintigriviere het hy hom op 19 Oktober 1901 in 'n gedetermineerde troepemag , deel van die vergrote Britse aktiwiteite, onder bevel van genl. T.E. Stephenson vasgeloop. Dit was 'n gekombineerde mag bestaande uit die een= hede van koll. Capper, Wyndham en maj. Wormald,[132)] wat weer 'n deel van French se veldmagte was wat in die westelike Kaapkolonie geopereer het.[133)] Na rotsvaste verdediging deur die Britte het Maritz teruggeval en is noordwaarts gedryf.[134)]

Drie Britte, waaronder kapt. R.W.D. Bellew van die 16th Lancers, is tydens die geveg gedood en drie an= der is gewond.[135)] Maritz se verlies was vyf ge= wond, waarvan een later dood is,[136)] terwyl sy wins uit die geveg 48 perde met saals en 5 karre was.[137)]

Met die gevegte waarin Maritz hom met die suidwaart= se tog begeef het, kon hy nie die gebruiklike gueril= la-taktiek toepas nie, aangesien hy aanvallend opge= tree het teen die vyand wat in hul stellings op sy koms gewag het. Ook by Vierentwintigriviere moes hy die soort oorlog voer wat die Britte gepas het.

---

132) F.K. 819 C.O. 48/555, 1901. I: p.153; Grant: Op. cit., IV: p.359.

133) Amery: Op. cit., V: p.541.

134) Grant: Op. cit., IV: p.359. Leydsargief 94: Op. cit., I, p.115; Steuerwald-De Wet, 30/4/1901.

135) Ibid.

136) F.K. 819: Op. cit., I: p.153; Leydsargief 94: Op. cit., I: p.115.

137) Leydsargief 94: Op. cit., I: p.115.

Die indruk wat hierdie suidwaartse tog laat, is dat Maritz dit met mag en mening aangepak het en dat dit hom 'n redelike mate van sukses besorg het. Dit is nie soseer in die lewering van groot veld=slae geleë nie, omdat geeneen daarvan groot in om=vang was nie, maar daarin dat hy gebied betree het wat tot op daardie stadium nog nie oorlogsterrein was nie, en dat hy dit weldra as sodanig omskep het en grootskaalse Britse defensiewe optrede ontlok het. Maritz het vir die grootste gedeelte van Oktober die een aanval na die ander op Britse stel=lings gedoen en baie uitgerig. Met die suidwaarts veldtog het hy groot inisiatief aan die dag gelê.

Hy het nou heelwat gewondes asook 'n groot buit van perde, karre en ander voorrade gehad en was verplig om na veiliger oorde en buite bereik van die vyand noordwaarts te trek. Hy is begryplikerwys ook deu die verskerpte Britse teenstand en die feit dat daa nie veel sin in sou wees om nog verder suid tot by Kaapstad te probeer deurdring nie, gedwing om noord=waarts om te draai. Nadat hy sy kommando in ver=skillende groepe verdeel het, het hy 100 man onder bevel van vk. Piet van der Merwe met die gewondes en buit na die Noordweste gestuur.[138] Maritz het me

---

138) Leydsargief 94: Op. cit., I: p.115; Maritz: Op. cit., p.48.

die oorblywende deel van sy kommando noordwaarts be= weeg en het hom op 25 Oktober 1901 op die plaas Kloudskraal in die distrik Calvinia[139] bevind. Die Britse magte in die westelike Kaapprovinsie, veral dié van Wormald, Wyndham en Capper het op die tyd= stip 'n suidnoord dryfjag uitgevoer, as deel van 'n verskerpte Britse veldtog, soos French dit oor die hele Kolonie laat doen het, en was aan die einde van Oktober 1901 in die gebied tussen Lambertsbaai en Clanwilliam.[140] Dit wil voorkom of French stadig= aan 'n groot mag in die weste begin opbou het, wat beteken dat die oorlog in die dele verskerp is.

In September en Oktober 1901 het die Boeremagte in die Republieke weer eens heelwat offensiewe teen die Britte op tou gesit en het die Britte ook daar hul hande vol gehad met veral Botha, De la Rey en De Wet se magte.[141] Maritz se suidwaartse veldtog in die= selfde tydvak van die oorlog het dus baie mooi saam= geval met die hernieude offensiewe in die res van die land en die Britte sou dus nie al hul magte op die Republieke kon konsentreer nie. Sodoende het dié werk van Maritz wel 'n invloed op die Boeremagte el= ders gehad.

---

139) Leydsargief 94: Op. cit., I, p.115.

140) Cd. 823, 8/11/1901. Verslag van Kitchener aan staatsekretaris in Londen, p.10. Vgl. ook: Amery: Op. cit., V: pp.538-544.

141) Krüger (red.): Op. cit., p.430.


As gevolg van die feit dat French die sentrale dele van die Kolonie redelik warm gemaak het vir die Boere- en rebellemagte, het heelwat van hulle weswaarts be= gin opereer en het kommandante Jan Theron, Pijper met Scheepers se mag van 100 man, Van Reenen en A. Louw met 70 man elk en kapt. Smit met 250 man na Maritz in die Calvinia-distrik beweeg. Op 25 Oktober 1901 het hulle 'n krygsraadvergadering te Kloudskraal ge= hou en by die geleentheid het die kommandante en an= der offisiere Maritz tot tydelike assistent-hoofkom= mandant verkies,[142] wat beteken dat hulle aan hom ondergeskik sou wees. Op dieselfde vergadering is ook besluit dat Van Reenen in Namakwaland, Pijper in Calvinia en Maritz, Theron en Smit in die rigting van Malmesbury krygsoperasies sou aanpak.[143] Dit wil voorkom of die vergadering self, ten spyte van Maritz se opperbevel, die besluit ten opsigte van die voorgenome operasies geneem het. Dit was tipies van die Boere-gebruik.

Die feit dat hy bo Jan Theron e.a. tot hoofkomman= dant verkies is, is bewys daarvan dat hy uitgestyg het bo manne wat voorheen sy meerderes was. Maritz se dinamiese optrede, veral met die pas afgelope veldtog, en sy krygsvernuf het hom die onbestrede

142) Leydsargief 94: Op. cit., I, pp.114-115; Vgl. ook Grant: Op. cit., IV, pp.279-284 en p.359.

143) Ibid. Pijper was die opvolger van Gideon Scheepers.

# TWEEDE SUIDWAARTSE OFFENSIEF EN OPTREDE MET SMUTS



leier van die westelike Kaapse rebelle gemaak.

## 4.7 Tweede suidwaartse offensief

Na die sukses van die eerste suidwaartse tog en die verdere versterking van sy krygsmag het Maritz genoeg rede gehad om so 'n veldtog te herhaal. Hy het op die stadium oor 'n mag van ongeveer 500 man beskik, waarvan 356 gewapend was.[144] Hoewel hy groot hoe= veelhede Lee Metfords by die Britte gebuit het, kon hy aan die einde van Oktober nog nie al sy krygers van geweers voorsien nie.[145]

Die Britse magte onder bevel van genl. French het blykbaar nie verwag dat Maritz onmiddellik weer 'n suidwaartse veldtog in gedagte sou gehad het nie,[146] moontlik vanweë hul teenwoordigheid en sukses by Vier= entwintigriviere waar Maritz teruggedryf is.[147]

Maar so onvoorspelbaar as wat Maritz in die verlede was, só was hy ook ná hierdie eerste suidwaartse veldtog, want aan die einde van Oktober 1901 het die gekombineerde kommando's van Maritz, Smit en Theron vanaf die gebied direk noord van Vanrhynsdorp suid= waarts koers gekry en op 29 Oktober 'n konvooi tus=

---

144) Leydsargief 94: Op. cit., I, p.114.
145) Ibid.
146) Grant: Op. cit., IV, p.359.
147) Kyk voetnoot 140 hierbo.

sen Lambertsbaai en Clanwilliam oorrompel en die voorraad gebuit terwyl die magte van Capper en Wormald van ongeveer 800 troepe in die omgewing teenwoordig was. Van die 35 District Mounted Troops wat die konvooi begelei het, is 14 na 'n kort skermut seling gewond en gedood, waaronder lte. De Kock en Wilson wat gesneuwel het.[148]

Maj. Wormald van die 12th Lancers het op Bovendam van dié voorval te hore gekom en in aller yl gepoog om Maritz in te haal, maar hy was reeds vinnig op pad om vir 'n tweede keer in die rigting van Kaapstad aanval le te loods.[149] Hierdie astrante optrede van Marit het genl. Stephenson[150] genoop om dadelik al sy beskikbare magte, dit is die van Wormald, Capper, Wyndham, Kavanagh en Crabbe, op Maritz te konsentreer.[151] Na Maritz se vorige sukses in die suide het Stephenson waarskynlik besef dat daar gou en beslis 'n einde aan die tweede offensief van Maritz gemaak moes word. Die rebelleleier se koene optrede het groot reaksie by die Britte ontlok en deur soveel Britse troepe op hom te trek het hy dus reeds 'n groot mate van sukses behaal, aangesien dit op die stadium wat die Boeremag te in die Republieke hernieude verskerpte aanvalle ge loods het noodsaaklik was dat die Britte in die Repu=

148) Cape Times, 14/11/1901, p.5 (kol. 2); Grant: Op. cit., IV, p.359.

149) F.K. 822 C.D. 48/555, 1901, IV, p.609; Grant: Op. cit., IV, pp.359-360.

150) Genl. Stephenson het bevel oorgeneem by genl. French, wat na Middelburg (Kaap)vertrek het. Grant: Op. cit., IV, p.359

151) Grant: Op. cit., p.360.

bliek nie hulp van elders moes ontvang nie.[152) ]Daar is egter nie bewyse daarvoor dat Maritz op hoog= te was van die algemene toestand in die Boeremagte elders nie, sodat sy invloed elders onbewustelik plaasgevind het.

Maritz het na die voorval met die gebuite konvooi tot aan die Groot Bergrivier getrek en daarvandaan 'n paar manne met heelwat van die buit na die Noord= weste teruggestuur.[153)] Op 4 November was sy mag op Rietfontein, 30 km noord-wes van Piketberg vanwaar hy Theron gestuur het om die dorpie op 7 November aan te val.[154)] Die Britse Town Guard, Western Province Mounted Rifles, District Mounted Police en ander troepe onder bevel van maj. A.F. Pilson, was goed ingegrawe en na 'n daglange aanval kon Theron nie daarin slaag om die vyand tot oorgawe te dwing nie.[155)] Die verlies was drie dood en vyf gewond aan Britse kant en twee dood en sewe gewond in The= ron se geledere.[156)]

Na die mislukte aanval op Piketberg, het Maritz be= sluit om Moorreesburg en Porterville gelyktydig aan te val. Vir die doel het hy die kommando in twee verdeel en self bevel geneem oor die groep wat Moor=

---

152) Kyk voetnoot 149 hierbo.

153) F.K. 821 C.O. 48/555, 1901, III, p.367.

154) Ibid., p.368; Grant: Op. cit., IV, p.360.

155) Grant: Op. cit., IV, p.361.

156) Cape Times 16/11/1901, p.7 (kol. 2.)

reesburg sou aanval.[157)] Op 9 November 1901 het hy die Groot Bergrivier oorgesteek en sy mag op Honig=berg, 20 km suid-oos van Piketberg saamgetrek.[158)] Hy het Moorreesburg maklik verower, die telegraaf=toestelle vernietig[159)] en direk daarna na Darling vertrek om dit op 10 November aan te val.[160)]

Crabbe se troepe is tegelykertyd op Piketberg van die trein afgelaai, vanwaar hy Maritz agtervolg het.[1]

Weens Maritz se teenwoordigheid in Darling en sy pa=trollies se aanwesigheid verder suid tot by Mamre, het die Britte in Kaapstad hul kanonne ontplooi en gereed gemaak vir 'n Boere-aanval teen die stad.[162)] Hoewel die Britte allerweë verwag het dat Maritz tot by die hoofstad sou deurdring en hulle vanweë sy suk=ses rede gehad het om so te dink, het hy dit nie ge=doen nie. Dit was die verste wat enige Boeremag suidwaarts deurgedring het en dit ten spyte daarvan dat Stephenson alles in die stryd gewerp het om Ma=ritz te stuit.[163)] Maritz se mag was groot genoeg om Kavanagh by Malmesbury te verslaan maar nie om

---

157) Cape Times, 19/11/1901, p.5. (kol. 2);; Grant: Op. cit., IV, p.360.

158) F.K. 822 C.O. 48/555, 1901, IV, p.609.

159) Cape Times, 19/11/1901, p.5 (kol. 2).

160) Grant: Op. cit., IV, p.361.

161) Ibid.

162) F.S. Crafford: Jan Smuts, pp.58-9; Lees ook: G.S. Preller (red.): Scheepers se dagboek, p.155; Kyk ook: Grant: Op. cit., IV, p.361.

163) Grant: Op. cit., IV, p.361.

die groot mag van kol. H. Cooper, wat ongeveer 1 000 man sterk was, by Kaapstad die stryd aan te sê nie. 'n Tekort aan wapens en rydiere het hom verhoed om verder as Moorreesburg te gaan,[164] en so 'n aanval sou vrugteloos gewees het.

Weens die agtervolging van Crabbe en Wormald wat in= tussen by die gevegsgebied opgedaag het, het Maritz teen 14 November oor die Groot Bergrivier getrek en aan die einde van November in die omgewing van Cal= vinia aangekom.[165] Maritz het besef dat dit 'n groot krygsmag sou verg om in die suidweste van die Kolonie stand te hou teen al die eenhede van Stephen= son en het ingesien dat die Britte hom met grootskaal= se dryfjagte teen vol riviere kon vaskeer.[166] Met inagneming van die groot getal rebelle wat by Maritz se mag aangesluit het en die feit dat baie van hulle nie gewapen was nie,[167] was dit wys van hom om eers weer na 'n rustiger en veiliger oord te gaan. Dat verskeie Britse troepemagte, die van Capper, Wyndham, Wormald, Kavanagh en Crabbe nie daarin kon slaag om Maritz vas te keer nie, is bewys van die briljante wyse waarop hy sy rebellemag se beweeglikheid gebruik het. Met sy terugkeer na die Noordweste het Maritz 'n suksesvolle tweede suidwaartse offensief afgesluit

---

164) Grant: Op. cit., IV, pp.360-362.

165) Ibid., IV, pp.361-362; F.K. 821 C.O. 48/555, 1901, III, pp.494-5.

166) The Smuts Archives, XCVI, Nr. 38, p.15-16. Lees ook: W.K. Hancock (red.): Selections from the Smuts Papers I, p.440.

167) Grant: Op. cit., IV, p.360.

en het dit waarskynlik verder bygedra tot die inten= sivering van die stryd in Kaapland. Maritz het vir homself naam gemaak en het 'n stadium bereik waarin hy onder die vermaarde veldhere van die Boeremagte sou tel. Gedurende die tweede helfte van 1901 het sy veldheerskap tot volle ontplooiing gekom.

## 4.8 Samevatting en waardering

Vanaf sy aankoms in die Noordweste en sy eerste geve by Swartkop[168)] tot en met sy tweede suidwaartse vel tog[169)] het Maritz 'n aansienlike rebelle-teenstand vir die Britte in die westelike Kaapkolonie opgebou. Sy leierskap het ook in die tydperk tot volle ontplo ing gekom. Hy was nie alleen militêre leier nie ma het ook 'n diplomatieke rol gespeel in die nie-repu= blikeinse gebied. Aanvanklik was sy mag so klein dat hy hom hoofsaaklik op rebellewerwing en organi= sasiewerk toegespits het. Met die besef van sy on= mag om die Britte op daardie stadium te beveg het hy uit hul pad gebly soos en wanneer dit hom gepas het. In die proses het hy bewys dat hy in staat is om sy kommando baie beweeglik te maak en dat hy daarmee goed sou aanpas by die toe veralgemeende guerilla-strategie van die Boere.

168) Lees voetnoot 42 hierbo.

169) Kyk 4.7 hierbo.



V.l.n.r. Genl.J.L.van Deventer, Genl.J.C.Smuts, Genl.S.G.Maritz
(in die Noordweste by die myndorpies).



*Staande v.l.n.r.:* Vk.C.Brink, Kmdt. B.D.Bouwer, Vk.A.G.Boshoff, Genl.J.L. van Deventer, B.D.Bouwer (snr.), Vk.W.Kotzé, Genl. S.G. Maritz, Kpl. H. Vermaas, Vk. Van Brummelen, Kmdt. S. Schoeman, J.Brink, Vk. A. Stander.

*Voor sittende v.l.n.r.:* Vk. J.van den Berg, Vk. P. Visser, Genl. J.C. Smuts (op rots) C.T. Möller, Lt. Robert de Kersauson, Vk. Ben Coetzee.



*Staande v.l.n.r.:* *Piet Joubert, -, Kmdt. S. Schoeman, Genl. Maritz (op rots), R. de Kersauson, C.T. Möller.*
*Voor sittende v.l.n.r.:* *-, -, -, Ben Coetzee, -.*



*Sittende:* *Genl. M. Maritz, Kmdt. S. Schoeman*
*Staande :* *Kmdt. B.D. Bouwer, C.T. Möller, vk. B. Coetzee.*

Maritz het nie nagelaat om dan en wan verrassingsaan=valle op die vyand te doen nie, maar dit was gewoon=lik ligte gevegte en hy het die inisiatief groten=deels in die hande van die Britte gelaat. Dog met die twee agtereenvolgende invalle teen die suidelike dele van die Weskaap het hy die inisiatief by die vyand oorgeneem en baie ondernemingsgees aan die dag gelê. Met sy blitsvinnige beweeglikheid en onvoor=spelbaarheid het Maritz al hoe meer ontsag by die vyand ingeboesem en het hy vyf Britse magte wat ge=samentlik uit ongeveer 2 300 troepe bestaan het, op hom getrek.[170] As in ag geneem word dat Maritz op die stadium oor slegs sowat 356 gewapende rebelle beskik het[171] en die gevegsmag in stand gehou het, was hy baie suksesvol in sy stryd teen die Britse oormag in die westelike Kaap. Hy het geslaag in sy drieledige rol van leier, instrukteur en diplo=maat waarin die invloede van genls. Botha, De la Rey en De Wet asook van kmdte. Van Dam en Danie Theron gesien kan word. Maritz het binne die bestek van een jaar van die onbekende Zarp gevorder tot Boere-veldheer en gedugte vyand van die Britte in die Kaap=kolonie.

---

170) Grant: Op. cit., IV, p.474.

171) Kyk voetnoot 15 hierbo.

# HOOFSTUK 5

# VEGGENERAAL

## 5.1 Saam met Smuts

Genl. J.C. Smuts se koms na en aktiwiteite in die Noordweste sou Maritz se krygsloopbaan verander in sowel krygsmetodes as rang en leierskap. As gevolg van Maritz se bydrae gedurende die oorlog en veral sy baie belangrike werk in die westelike Kaapkolonie sou hy tot veggeneraal bevorder word en sodoende die status van veldheer ontvang. Tegelyk sou hy ook sy bevel aan Smuts, wat hoër in rang was, oordra en voortaan as ondergeskikte van hom optree. Die feit dat hy nie die opperbevel meer sou hê nie, het ver= der meegebring dat die krygsmetodes van die rebelle in die Weskaap en die karakter wat Maritz daaraan verleen het, sou verander.

Uit telegramme wat kmdt. Maritz gevind het by 'n pos koets wat hy onderskep het, het hy verneem van genl. Jan Smuts se aankoms in die Noordweste.[1] Hy het sonder versuim met 'n lyfwag van tien man na die Generaal en sy kommando's gaan soek en sy kommando beveel om agterna te kom na Calvinia.[2]

---

1) S.G. Maritz: My lewe en strewe, p.48.

2) Ibid.; Kyk ook: F.K. 822 C.O. 48/555, 1901, Weeklikse verslae van Kitchener aangaande die oorlog, IV, p.600.

Smuts het in September 1901 uit Wes-Transvaal via die Vrystaat na die Kaapkolonie vertrek met die oog daarop om die oorlog in die gebied te gaan voer, om= dat die invalle, afgesien van Maritz se sukses, in die Kolonie as geheel tot op daardie stadium nog on= bevredigend verloop het. Dit het vir die Republieke noodsaaklik geword om die gevegsterrein na Britse gebied uit te brei, omdat hulle geen hond haaraf kon maak teen die houvas wat die Britte in die twee Re= publieke gekry het nie.[3)]

Smuts het ten tye van sy aankoms in die Noordweste die rang van "waarnemende assistent kommandant-gene= raal" wat op 23 Desember 1900 deur De la Rey aan hom toegeken is,[4)] behou in die vorm van assistent kommandant-generaal van die Boeremagte.[5)] Maritz wat met die rang van assistent-hoofkommandant die opperbevel in die westelike Kaapkolonie gehad het,[6)] het dit as vanselfsprekend aanvaar dat Smuts die bevel moet neem weens die hoër rang wat hy beklee het.

Maritz het nie dadelik vir Smuts ontmoet nie maar het eers by Van Deventer, een van Smuts se kommandante ongeveer 80 km noord-oos van Calvinia uitgekom. By

---

3) P.A. Pyper: Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, pp. 60-63.

4) Ibid., p.43.

5) Ibid., pp.89 en 94.

6) Grant: Op. cit., IV: p.359.

hom was ook kmdte. Malan, Pijper en Van Reenen.[7] Dit wil dus voorkom of heelwat van die Boeremagte in die Kolonie saam met Smuts weswaarts verskuif het en hulle by Maritz gevoeg het.[8] Dit het tot gevolg gehad dat die Boeresterkte in die weste onnodig ver= groot is ten koste van die res van die Kaapkolonie.

Hierdie weswaartse beweging van Boerekommando's het veroorsaak dat ook die magte van koll. W. Doran, C.E. Callwell, D. Haig en maj. F.T. Lund met alte= saam 1 000 troepe vanuit die sentrale dele na die westelike dele van die Kolonie verskuif het.[9] Kitchener het ook meer aandag aan die Weskaap gegee en in die tyd 'n reeks blokhuise vanaf Lambertsbaai tot Victoria-Wes opgerig om die suidelike dele van die Weskaap van verdere Boere-aanvalle te vrywaar.[10]

Maritz, Van Deventer en andere sou nie sonder meer oorgaan tot grootskeepse veldtogte teen die Britte nie en Maritz het voorgestel dat hulle voorlopig 'n aanval op Tontelboschkolk moet loods om vars perde by 'n Britse depot te buit, aangesien die rydiere van die aangekome Boeremagte in 'n baie swak toestand was. Hy was van mening dat hul aanvanklike plan om Calvinia aan te val nie veel aan buit sou oplewer ni

---

7) M.H. Grant: History of the war in South Africa 1899-1902 IV, p.363. Malan en Van Reenen het bly baar hul magte by die van Smuts gevoeg op sy tog deur Kaapland.

8) Ibid.

9) Grant: Op. cit., IV, pp.363-4.

10) Ibid.

en dat Tontelboschkolk 'n beter proposisie sou wees. Sy voorstel is aanvaar.[11)]

Daar is besluit dat Malan die bevel sou voer in die aanval waar twee Britse forte die taak van die Boere na verwagting aansienlik sou bemoeilik. Die aanval sou uit drie rigtings met Van Deventer uit die weste, Malan uit die ooste en Maritz uit die suide geloods word.[12)]

Die eerste aanslag op 27 November het misluk vanweë rotsvaste verdediging deur die 86 troepe en drie offisiere onder bevel van kapt. R.M. Bertram van die Western Province Mounted Rifles en Kleurlinge vanuit die ses forte.[13)] Nadat 'n paar van Van Deventer se manne gesneuwel het, het sy groep die aftog geblaas en kon die Boere met verskeie aanvalspogings niks uitrig nie.[14)]

Na 'n paar dae se gesukkel het Maritz en 'n paar man met groot vasberadenheid besluit om 'n aanval te loods. Op die aand van die vierde dag het hulle na die kraalhek gesluip maar is naby die hek deur 'n wag halt geroep. Die wag het dadelik op Maritz en

---

11) Maritz: Op. cit., p.49.

12) Ibid.; H.J.C. Pieterse: Oorlogsavonture van generaal Wynand Malan, p.301.

13) Military Governor Pretoria. Summary of week ending 8th Dec. 1901, p.7; F.K. 825 C.O. 48/555, 1901, VII, p.1156; Grant: Op. cit., IV, p.363.

14) Pieterse: Op. cit., p.301.

sy manne begin skiet en 'n skoot het hom in sy regter=sy getref. Hoewel hy deur die geweld van die skoot teen die grond geslinger is, het hy tog daarin geslaa om weer regop te kom en met sy Mauserpistool die wag te dood en die slot aan die kraalhek stukkend te skiet sodat dit kon oopswaai en die perde kon uitkom. Die skietwerk moes hy weens sy verwonde regterarm met sy linkerhand verrig.[15] Met hierdie dapper po=ging het Maritz ongeveer 400 perde vir die Boeremagte in die geweste besorg.[16]

Dit is opvallend dat hy in dié geval soos by ander geleenthede[17] weer eens tydens die aanval op die voorpunt was en nie geskroom het om hom aan gevare bloot te stel nie. Ons het dus hier te doen met die gevegsleier wat onverskrokke die voorbeeld stel en by twee geleenthede gewond is.[18] Ten spyte van die wonde het Maritz by albei geleenthede die taak van die oomblik voltooi en daarmee sukses gehad.

Hy is na die aanslag op die perdedepot by Tontel=boschkolk na 'n naby geleë plaashuis geneem, waar hy vir sy wond behandel is. Volgens Deneys Reitz, van genl. Smuts se staf, was dit 'n groot wond:

---

15) Martiz: Op. cit., p.50; Lees ook: Pieterse: Op.cit., p.301; en Grant: Op. cit., IV, P.363.

16) Leydsargief 94: Smuts se verslag 16/12/1901, II, p.19; Lees ook: L.S. Amery: The Times his=tory of the war in South Africa, V, p.543.

17) Lees oor gevegte hoofstuk 3 en 4.4.

18) Lees hoofstuk 4 die geveg by Swartkop op 21/4/19

> "Ek vind hom op 'n stoel in 'n plaashuis met twee van sy manne besig om sy wond te verbind, 'n akelige skeur onderkant die regter armholte wat sy longe blootlê, 'n letsel waarvan weinig mense sou herstel het, maar hy is so sterk soos 'n bul en hy skyn hom min te bekommer".19)

Die feit dat hy ook sterk van gees was,[20(a)] het hom na slegs 'n paar dae weer op die been gebring en was hy bereid om dadelik met die krygswerk voort te gaan.

Intussen het die Britte in die fort verseg om oor te gee en hoewel die plek reeds etlike dae deur die Boere beleër is, het van die Kleurlinge tog daarin geslaag om water vir die forte te gaan haal. Oor die swak dissipline wat in die kommando's by Tontel=boschkolk geheers het, het Maritz hom sterk uitge=laat.[20)] Die feit dat die beleg op 5 Desember af=gelas is,[21)] onderstreep Maritz se siening. Die=selfde mening is deur Grant gehuldig:

> "Maritz's six allies brought between them less than 400 men, and these bands were as spiritless as they were weak".22)

Met kol. Doran vanaf Sutherland in aantog[23)] het Malan, Van Deventer en Maritz na Calvinia verskuif.

---

19) D. Reitz: Kommando, p.276.

20(a) S.B. Spies: (S.A.B.W. I: 538)

20(b) Maritz: Op. cit., pp.50-51; Vgl. ook Pie=terse: Op. cit., p.302.

21) Grant: Op. cit., IV, p.363.

22) Ibid.

23) Cd. 824: Verslag van Kitchener aan Londen, 8/2/1901, p.11.

Hulle sou genl. Smuts opsoek vir verdere optrede. Maritz het ook weer by sy kommando, wat sedert sy tweede suidwaartse offensief nie by hom was nie maar agter hom aan na Namakwaland getrek het, aangesluit.[24)]

## 5.2 Smuts se reorganisasie en aanstelling van Maritz as veggeneraal

Aan die einde van Desember 1901 was die militêre situasie van die Boere nie baie rooskleurig nie en hulle het die een na die ander neerlaag gely. Die Britte het op die stadium hul blokhuislinie met groot erns gebou en op Oujaarsdag die reeks tussen Lamberts baai en Clanwilliam voltooi,[25)] wat die roete suid= waarts reeds in groot mate versper het en die Britse strategie goed te pas gekom het. Hulle was van plan om die Boere weg te hou uit die suid-westelike dele van die Kolonie.[26)]

Met die groot konsentrasie van Britse magte in die weste, die verskuiwing van die oorlogstoneel daarheen en die swakkerige stand van sake vir die Boere, het daar 'n antiklimaks ingetree ná Maritz se opwindende sukses in dié gewes. Die gravitasie en bepaalde strategie wat Maritz aan die oorlog in die westelike

---

24) Maritz: Op. cit., p.51.

25) Grant: Op. cit., IV, p.363-6.

26) Lees p.110.

Kolonie gegee het, het verlore gegaan met die konsen=trasie van soveel addisionele Boeremagte en Britse magte. Smuts het weliswaar 'n positiewe uitkyk op sake gehad en het die toekoms as belowend vir die Boere beskou.[27)]

Smuts was van mening dat die oorlog in die Kolonie en spesifiek in die weste op 'n groter skaal aange=pak moes word en dat, indien dit vir De la Rey moont=lik sou wees om die burgers in Wes-Transvaal onder bevel van iemand anders te laat om na die Kolonie te kom, hy dit graag sou wou voorstel.

Hy het gereken dat die invloed van 'n man soos De la Rey onder die koloniste grootskaalse opstand teen die Britte tot gevolg kon hê.[28)] Dit is moontlik dat die optrede van Smuts se kommando's teen die Britte nie dieselfde positiewe invloed op die kolo=niste gehad het as die geslaagde veldtogte van Maritz net voor Smuts se koms nie. Maritz het deur sy krygswelslae rebellerekrutering nie as 'n nypende probleem gevoel nie, aangesien daar meer koloniste by sy mag aangesluit het as wat hy van wapens en perde kon voorsien.

Dit is moontlik dat Smuts oor inligting beskik het dat daar in die Noordweste heelwat steun vir die Re=

27) W.K. Hancock (red.): Selections from the Smuts Papers 1966, I, p.439.

28) Ibid., pp.439-440.

publieke was,[29] maar indien Smuts die oorlog in die Kolonie oor die hele gebied sou versprei, sou die Boere waarskynlik meer sukses behaal het, omdat hull dan groter beweeglikheid aan die dag kon lê. In di Republieke het daar agteruitgang vir die Boeremagte ingetree weens die uitputting van voedselvoorrade en die gebrek aan perde. Daarby was die sterftesyfer in die konsentrasiekampe baie hoog. De Wet is as militêre faktor in die eerste maande van 1902 deur verskeie dryfjagte van die Britte in die Vrystaat feitlik uitgeskakel maar in Wes-Transvaal was De la Rey aan die begin van 1902 besonder aktief en suksesvol.[30] Omdat hy sy magte slegs in die weste ontplooi het, was dit vir die Britte moontlik om hulle met 'n blokhuissisteem tot sekere gebiede te beperk.

Ten spyte van die toestand in die res van Suid-Afrik het Smuts sy kommando's na Kersfees 1901 op die plaa Soetwater in die distrik Calvinia byeengeroep en sy planne ten opsigte van krygsake uiteengesit.[31] Hy wou die Boeremagte, waarby inbegrepe die rebelle, verdeel om minstens in Weskaapland te ontplooi. Met die oog daarop het hy besluit om Jaap van Deventer, Hendrik Lategan, Manie Maritz en Wynand Malan tot

---

29) G.N. van den Bergh: Die polisiediens in die Z.A.R., p.899 e.v.

30) D.W. Krüger (red.): Geskiedenis van Suid-Afrika pp.430-431.

31) Pieterse: Op. cit., p.305.

veggeneraals te bevorder.[32)]

Smuts het die kommando's aan die verskillende genemraals onder hom toegeken[33(a)] en ook die gevegsgebiede vir elkeen afgebaken. Malan sou op Fraserburg, Hopetown, Carnarvon en Victoria-Wes konsentreer, d.w.s. die oostelike deel van die blokhuislinie van die Britte. Van Deventer moes volgens plan naby Kaapstad, Worcester en omgewing optree, maar die uitvoerbaarheid van hierdie opdrag kan beslis in twyfel getrek word omdat Maritz daar geen hond haaraf kon maak nie.[33(b)] Lategan sou ver noord in die Oranjeriviergebied veg en Maritz moes die stryd in Namakwaland voortsit:

> "Ik heb hem (Maritz) dus ook tot Vechtgen. bevorderd en met eenige commandantschappen gezonden in die richting van de kopermynen en Port Nolloth, om te trachten het gebied achter mijn rug van vyand schoon te maken".34)

Smuts het blykbaar minstens twee kommando's, Maritz se eie kommando inkluis, onder leiding van kmdte. Kampfer en Schoeman tot Maritz se beskikking gestel.[35)] Maritz het beplan om die dorpies in Namakwaland te verower en dan die rebelle teen die Boland te lei.[36)]

---

32) Leydsargief 94: Op. cit., Smuts-Leyds, II, pp. 107-8. Lees ook Hancock (1966): Op. cit., I, p.440 (v).

33(a) Pieterse: Op. cit., pp.305-6.

33(b) Kyk hoofstuk 4.6 en 4.7 hierbo.

34) Leydsargief 94: Op. cit., II, pp. 106-8; Lees ook: Hancock 1966: Op. cit., I, p.497.

35) Maritz: Op. cit., pp.52-3.

36) Ibid., p.51.

Omdat, soos die Britse hoëkommissaris Milner, dit ook erken het, Smuts in beheer van ongeveer een derd van die Kaapkolonie was,[37] was dit deurdagte strate gie van hom om sy magte eweredig oor daardie uitge= strekte gebiede te ontplooi. Dit sou die Britte 'n mate van desentralisering van hul magte dwing, so= dat die Boere 'n beter kans op sukses teen hulle kon hê. Smuts het ook die gedagte gekoester om die noord-westelike dele van die kolonie in die sak te kry en daarna suidwaarts te keer, soos blyk uit sy bevele aan Maritz en Van Deventer.[38]

Smuts het ook daadwerklike pogings aangewend om die dissipline en bevelstruktuur in sy magte te verbeter en het 'n aantal instruksies in die verband uitge= reik.[39]

## 5.3 Maritz en Smuts veg saam

### 5.3.1 Leliefontein

Genl. Manie Maritz het in Januarie 1902 na die ter= rein van sy verantwoordelikheid vertrek. Nadat hy opdragte aan Kmdt. Kampfer gegee het oor hoe om met

---

37) Grant: Op. cit., IV, p.454.

38) Pieterse: Op. cit., pp.305-6.

39) The Smuts Archives: Algemeene Instructie, XCVI nr. 330, pp.1-13; Vgl. ook: Hancock: 1966, Op. cit., I, pp.445-453.

sy kommando na die myndorpe vanuit Koerlandskloof te trek het hy self met sewe man na die sendingstasie op Leliefontein vertrek om aan die Kleurlinge daar sekere voorbehoude te stel ten opsigte van hul gedrag gedurende die oorlog. Hy het hulle verbied om aan die oorlog deel te neem en hulle die versekering ge=gee dat enigiemand wat hulle molesteer of kwaad aan=doen ten strengste gestraf sou word.[40] Hy het daar=deur klaarblyklik gepoog om die Kleurlinge wat op groot skaal vir die Britte tot hulp was, uit die stryd te hou, maar die leier van die Kleurlinge, ene Barna=bas Links, het Maritz brutaal geopponeer en selfs met 'n kierie op hom losgetrek, waardeur 'n algemene hand=gemene geveg tussen die Kleurlinge en die Boere losge=bars het. Maritz en sy burgers het daarin geslaag om die aanvallers af te skud en te vlug nadat agt ge=sneuwelde Hottentotte agtergelaat is. Twee van die Boere se geweers het ook in die slag gebly.[41]

Maritz het die optrede van die Leliefontein-gemeen=skap met 'n volskaalse aanval, met die kommando van kmdt. Kampfer beantwoord.[42] Toe Maritz op 28 Janu=arie met die kommando op Leliefontein aankom, het hy gevind dat die Kleurlinge hulle voorberei het vir 'n aanval. In die kort geveg wat ontstaan het, het hy

---

40) The Smuts Archives: CI, nr. 37, p.1-3, Maritz-Smuts. Vgl. ook: Maritz: Op. cit., pp.51-2.

41) Ibid.

42) Maritz: Op. cit., p.53.

nog 22 Kleurlinge laat sneuwel, maar daar was geen verlies vir die Boere nie. Nadat die mans gevlug het, het Maritz die Kleurlingvroue en -kinders na Garies gestuur.[43] Ook die gewondes, waaronder Bar=nabas Links, is op 'n wa gelaai en na Garies gestuur, sodat die Britse troepe vir hulle kon sorg.[44]

Hierdie voorval by Leliefontein het in later jare 'n omstrede kwessie geword. Deneys Reitz het beweer dat Smuts die optrede van Maritz afgekeur het, aange=sien dit dan nie beleid van Smuts sou gewees het om oorlog teen die Kleurlinge te voer nie,[45] en dat Maritz deur sy optrede by Leliefontein dus nie Smuts se beleid uitgevoer het nie. Dit val moeilik om Reitz se relaas van Smuts se houding te aanvaar as mens Smuts se gelukwensing[46] aan Maritz lees. Daar=in praat hy van Maritz se ontkoming en wens hy hom daarmee geluk. Indien hy dit afgekeur het, kon en sou hy dit teenoor hom betuig het, aangesien hy die opperbevel gehad het, maar van so 'n optrede is daar geen getuienis nie.

---

43) The Smuts Archives: Op. cit., CI, pp.1-3, nr. 37. Volgens F.K. 837 C.O. 48/558, 1902, III, p.358 het die voorval op 27 Januarie plaasge=vind, maar die verslag van Maritz en Smuts kan as betroubaarder aanvaar word, aangesien Maritz direk by die saak betrokke was.

44) Maritz: Op. cit., 54.

45) Reitz: Op. cit., p.295.

46) The Smuts Archives: Op. cit., pp.1-3, CI, nr. 13.

Ten opsigte van Smuts se beleid rakende die Kleurlinge se betrokkenheid by die oorlog, lei Pyper af dat dit nie die Boere se beleid was om teen Nie-Blankes te veg nie, aangesien slegs die Britte as die vyand beskou is. Maar in Smuts se rapport aan genl. De la Rey het hy dit pertinent gestel dat dié wat deur die vyand onder die wapen geplaas word, hetsy Kleurling of Blanke, beveg sal word.[47)]

Maritz weer het beweer:

> "Volgens Reitz sou genl. Smuts dit eerder goedgekeur het as hy ons lyke daar gesien het".48)

Hierdie stelling van Maritz is ongegrond, aangesien Reitz nie so 'n mededeling gedoen het nie. Die beskuldigings oor en weer moet toegeskryf word aan die politieke klimaat wat in Suid-Afrika op die stadiums toe Maritz en Reitz hul boeke geskryf het[49)] geheers het.

---

47) The Smuts Archives: Smuts-De la Rey, p.10, CI, nr. 43; Vgl. ook: Pyper: Op. cit., p.130 (voetnoot 55). Kitchener het teen Maart 1902 altesaam 10 053 Kleurlinge bewapen, hoewel "with the strong disapproval of the Colonial Office" - G.H.L. le May: The British supremacy in South Africa 1899-1907, p.101.

48) Maritz: Op. cit., p.54.

49) Reitz se boek is in 1930 geskryf toe hy blykbaar 'n ondersteuner van Smuts was terwyl Hertzog met die Pakt-regering aan bewind was. Maritz se boek het in 1939 die lig gesien toe Smuts aan bewind gekom het en Maritz 'n politieke teenstander van Smuts en Reitz was.

Na die Leliefontein-voorval het Smuts aan Maritz opdrag gegee om met sy kommando's na Calvinia te trek en vandaar tot by Clanwilliam konvooie te onderskep. Hy moes ook 'n deel van sy krygers in Namakwaland agterlaat om voer uit die gebied na die Bokkeveld aan te ry,[50] moontlik vir opberging vir latere gebruik en om terselfdertyd die Kleurlinge se graanvoorrade te verminder en sodoende te ver= hoed dat hulle graan en voer aan die Britte verskaf. Dit sou as aanvulling dien in Maritz se poging om die Britte se voorradetoevoer af te sny deur die onderskepping van konvooie.[51]

Deur sy opmerksaamheid het Maritz bevind dat die Britte hulle strategie in Namakwaland verander het en in plaas daarvan om dryfjagte op die Boere uit te voer, hulself in forte teruggetrek het en die aan= valswerk deur die Boere laat doen het. Hy het inge= sien dat dit takties baie belangrik sou wees om die Britte se graan- en voedseltoevoer af te sny om hulle uit hul stellings te dwing.[52] Voordat Maritz egter Smuts se bevele dat van sy manskappe graan moes ver= samel en na die Bokkeveld aanry, sou begin uitvoer, wou hy Smuts eers opsoek om die ware toedrag i.v.m. die beskikbare hoeveelheid graan aan hom mee te deel. Hy het Smuts by Aties naby Vanrhynsdorp aangetref en

---

50) The Smuts Archives: Smuts-Maritz 22/2/1902, CI, nr. 13, pp.37-8.

51) Ibid., Nr. 13, pp.40-2.

52) Ibid., nr. 22.

gerapporteer dat daar nie die groot hoeveelhede graan was om op te berg soos wat Smuts uit ander bronne verneem het nie. Hy het tot op daardie sta= dium ongeveer 600 mud koring na Boesmanland aangery, maar dit sou volgens hom as voedsel en veral saad aangewend moes word om te voorkom dat die gebied die volgende jaar in 'n woestyn omskep word. Smuts het die verklaring so aanvaar en Maritz het na sy opera= sionele gebied teruggekeer om sy graaninsamelingswerk voort te sit.[53] Intussen het Smuts, Van Deventer en kmdt. Bouwer in die omstreke van Calvinia, Van= rhynsdorp en Sutherland teen die vyand opgetree, maar hulle het slegs hier en daar met Britse patrollies slaags geraak en andersins 'n stil tydperk beleef.[54]

### 5.3.2 Operasies teen die myndorpe in Namakwaland

As gevolg van onnodige groot verliese wat hy op die plaas Windhoek in 'n geveg gely het, het Smuts teen die einde van Maart 1902 besluit om eers die myndorpe in Namakwaland te beset voordat hy uitvoering gee aan sy invalsplanne.[55] Volgens Maritz het hy reeds by Aries aan Smuts verduidelik dat 'n suidwaartse veldtog met 'n groot Boeremag nie op daardie stadium die regte stap sou wees nie, omdat dit reëntyd was en

53) The Smuts Archives: Smuts-Theron 11/3/1902, CI, nr. 27, p.77.

54) Pyper: Op. cit., pp.125-8.

55) G.S. Preller (red.): Scheepers se dagboek, p.160.

hulle gevaar geloop het om deur die vyand teen vol riviere vasgekeer te word,[56] soos dit byna met hom die geval was aan die einde van sy tweede suidwaartse veldtog in November 1901.[57]

Smuts wou die deel van Namakwaland, waar die myndorpies geleë was, verower sodat dit as hinterland kon dien waar die Boere kon saai en sorg vir voedsel vir die kommando's wat verder suid tot sover as Kaapstad sou verg.[58]

Wat Smuts se werklike idee was met die skielike offensief teen die myndorpe is nie heeltemal duidelik nie.[59] Waarskynlik het die afstel van sy suidwaartse veldtog veel daartoe bygedra dat hy wou verseker dat hy vanuit dié dorpies beheer oor die hele gebied daar rondom kon verkry ten einde sy strategiese posisie te verseker. Dit is ook moontlik dat Smuts die groot Britse magte op die wyse uit hul stellings daarheen wou lok.

Smuts het Van Deventer en Maritz beveel om in aller yl na Eendoorn naby Springbok op te ruk[60] om die plek so gou moontlik te verower, aangesien hy oor

---

56) Maritz: Op. cit., p.54.

57) Kyk hoofstuk 4.7 hierbo.

58) The Smuts Archives: Op. cit., pp.92-3, CI, nr. 35.

59) Pyper: Op. cit., p.132.

60) The Smuts Archives: Op. cit., Smuts-Maritz 27/3/1902, CI. IV, 38, p.88.

inligting beskik het dat die vyand besig was om vanaf Mestklip na Springbok uit te wyk. Dit was ook dui= delik dat hulle besig was om voorrade na Ookiep, waar kol. Shelton bevel gevoer het, aan te ry, en dat die Britte daarom so spoedig moontlik aangeval moes word.[61)]

Smuts het verwag dat die Britte te Springbok vanaf Ookiep hulp sou kry. Aanvanklik het hy en Maritz beplan dat hy uit die weste en Maritz vanuit 'n oos= telike rigting op Springbok sou toeslaan, met 'n sterk mag wat enige Britse bewegings vanaf Ookiep sou dophou.[62)]

Die Britse situasie in die Kaapkolonie was op die stadium soos volg: In die weste was kol. D. Haig met Wyndham, Kavanagh, Callwell en W. Doran onder opperbevel van genl. French[63)] bedrywig met Shelton, W.L. White en F. Philips in beheer van die myndor= pies.[64)] In die sentrale en oostelike dele van die Kolonie het Stephenson die bevel oor koll. B. Doran, Bethune, Younghusband, Capper, majj. Wormald, Hoare

---

61) Ibid.

62) The Smuts Archives: Op. cit., Smuts-Van Deven= ter 13/3/1902, CI, nr. 35, pp.91-2.

63) Grant: Op. cit., IV, p.460 - Stephenson is na die sentrale en oostelike dele verplaas met French se terugkoms daarvandaan.

64) W.O. 9037 (078) Court of Inquiry - Ookiep; Kyk ook Grant: Op. cit., IV, p.468.

en kapt. lord Cavendish-Bentinck gevoer.[65] Die Kolonie het op die stadium van die oorlog die be= langrikste gevegsarena geword. In Transvaal was dit hoofsaaklik nog net De la Rey wat einde Maart en begin April in Wes-Transvaal bedrywig was. An= dersins was die algemene toestand van die Republieke, met 'n burgerlike bevolking wat in konsentrasiekampe weggekwyn het, baie ellendig.[66]

In die westelike Kaapkolonie het die oorlog, anders as in die res van die land, 'n opflikkering getoon met Smuts, Maritz en Van Deventer se veldtog teen die myndorpies Springbok, Concordia en Ookiep.

5.3.2.1 Aanval op Springbok

In Springbok, wat die eerste aangeval sou word, was daar 'n Britse mag van ongeveer 220 troepe wat goed ingegrawe was in drie forte. Een van die forte was op 'n mynhoop geleë met rondom doringdraadversperring en goed voorsien van skietgate. Dié fort is deur 30 troepe per keer beman. Die tweede was 'n paar honderd meter daarvandaan op 'n hoogte geleë en 'n derde fort het op 'n hoë rots gestaan en doeltref= fende beskerming aan die dorp se huise verleen.[67]

---

65) L.S. Amery: The Times history of the war in South Africa 1900-1902, V, p.550; Kyk ook Grant: Op. cit., IV, p.474.

66) Kruger: Op. cit., p.431; Grant: Op. cit., IV, p.461.

67) Reitz: Op. cit., p.296.

Genl. Smuts sou die eerste fort aanval, wat aan die noordekant geleë was, terwyl van Deventer die een op die hoogte en Maritz die fort op die rots sou aan= durf.[68] Die enigste wapens wat die Boere tot hul beskikking gehad het, was hul geweers, sodat dit 'n uiters moeilike taak sou wees om die forte te verower. Die Britte was in 'n gunstige posisie vanwaar hulle op die vyand kon skiet, terwyl die Boere onbeskut hul aanvalle sou moes loods.

Maar die Boerekrygers het gou die wapenprobleem ge= deeltelik oorbrug deur van dinamiet en leë vrugte= blikkies bomme te maak. Die bomme was hul hoof aanvalswapen teen die forte.[69] By gebrek aan na= tuurlike beskerming bedags het die Boere nagtelike aanvalle geloods en gedurende die nag van 1-2 April die forte met die selfvervaardigde dinamietgranate bestorm.[70] Van Deventer het die eerste daarin ge= slaag om 'n fort te verower toe ene Van Rooyen 'n bom op die dak laat ontplof het.[71] Met Maritz se fort het dit, weens die ligging daarvan bo-op die groot rots, heelwat moeiliker gegaan. Tog het hy daarin geslaag om die fort teen 23h00 op 2 April te

---

68) Reitz: Op. cit., p.299; Vgl. ook Maritz: Op. cit., p.55.

69) Reitz: Op. cit., p.296.

70) R. de Kersauson: Ek en die Vierkleur, p.107; Amery: Op. cit., V. p.551.

71) Reitz: Op. cit., p.299; Maritz: Op. cit., p.55.

verower met die Britse verlies drie dood, tien gewon en 50 wat gevange geneem is. Onder Maritz se manne het een gesneuwel en twee is gewond.[72] Die afdelin van Smuts was aanvanklik sonder sukses en hulle het hul bomme sonder welslae gewerp totdat hul voorraad uitgeput geraak het. Deneys Reitz, een van Smuts se staf, het heelwat bomme by Maritz gaan haal en daarby ook 'n briefie van die Britse bevelvoerder van Maritz se fort, gerig aan die bevelvoerder van Smuts se fort, Stewart, waarin hy sy makker meegedee het dat die ander forte reeds oorgegee het, maar 'n antwoord was onnodig, aangesien Smuts se krygers die fort se watertenk stukkend geskiet en ook vir Stewar noodlottig verwond het. Die Britte in die fort sou nie lank sonder water kon uithou nie en het ook oor=gegee.[73]

5.3.2.2 Aanval op Concordia

Na die oorgawe van Springbok was Smuts, Van Deventer en Maritz se volgende doelwit die verowering van Concordia. Terwyl Smuts en Maritz met 'n paar bur=gers op 4 April verkenningswerk gedoen het ter voor=bereiding vir hulle aanvalsbeplanning, het Maritz voorgestel dat hulle 'n brief aan die bevelvoerder in Concordia skryf en sy oorgawe eis. Smuts het

72) Maritz: Op. cit., p.55; De Kersauson: Op. cit., p.107.

73) Reitz: Op. cit., pp.300-2.

die voorstel opgevolg. In 'n brief aan die garni= soen het hy hulle meegedeel dat hul lewens gespaar sou word en dat niks beskadig sou word nie indien hulle sou oorgee, maar indien hulle nie oorgee nie, sou hy homself die reg voorbehou om die dorp stormen= derhand in te neem.[74]

Die hele Britse garnisoen van 120 man van die Nama= qualand Town Guard onder bevel van maj. Philips, wat oor groot voorrade ammunisie en goeie stellings be= skik het, het sonder om 'n skoot te skiet aan Smuts se eis toegegee nadat dit duidelik was dat hulle nie hulp van Shelton uit Ookiep sou ontvang nie.[75] Vir die Britse prestige was die oorgawe van Concordia aan 26 Boere, wat eers ná die oorgawe hul kommando's ontbied het, 'n gevoelige slag.[76] Vir die Boere was die buit aan gewere, ammunisie en ses ton dina= miet groot.[77]

Philips se voorwaarde vir die oorgawe was dat die Kleurlinge nie gemolesteer of leed aangedoen moes word nie. Sy vrees in die verband het moontlik uit die Leliefontein-voorval gespruit. Die Britse mili=

---

74) The Smuts Archives: Op. cit., CI, nr. 44, 4/4/1902.

75) W.O. 8806 (079) Verklaring kapt. S.H. Pollen; W.O. 9037 (078) Court of Inquiry - Ookiep.

76) W.O. 8806 (079) Op. cit.; Lees ook Grant: Op. cit., IV, p.469.

77) The Smuts Archives: CI, nr. 47, Smuts-Van Deven= ter: Grant: Op. cit., IV, p.469.

têre owerhede was so onthuts oor die patetiese optrede van Philips dat hulle twee maande later 'n geregtelike ondersoek na die voorval gelas het.[78)]

5.3.2.3 Aanval op Ookiep

Smuts het na die sukses by Concordia ook die bangmaakbrief-taktiek op Ookiep probeer. In sy skrywe aan kol. W. Shelton, bevelvoerder van die 3rd West Surrey Regiment en die Kleurlinge in Namakwaland, het Smuts sy oorgawe geëis. Smuts het Shelton ook daarop gewys dat die Britse magte die myndorpies gebruik om hom van agter te wil aanval en dat hy vasberade was om 'n einde aan die toestand te maak deur al die myndorpe te verower. Hy het die Britse bevelvoerder meegedeel dat, indien hy daartoe gedwing word, hy Ookiep en die myne sal moet vernietig, maar dat die vroegtydige oorgawe deur Shelton moontlik vir Smuts van sy planne sal laat afsien. Shelton het ook van hom verneem dat die moontlikheid van 'n Brits ontsettingsmag baie vaag was.[79)]

Smuts het bevel gevoer oor 'n gesamentlike Boeremag van ongeveer 1 000 man, wat die krygers van Maritz, Van Deventer en Bouwer ingesluit het.[80)] Daarteen=

78) De Kersauson: Op. cit., p.111; Kyk hierbo p.129.

79) The Smuts Archives: Op. cit., CI, nr. 47.

80) W.O. 9450: Shelton se rapport oorgawe Ookiep, p.6.

oor het Shelton in getalsterkte nie vir hom terugge= staan nie. Hy het 923 offisiere en manskappe tot sy beskikking gehad, waarvan 661 Kleurlinge was. Daarbenewens was Shelton se troepe goed ingerig in vyftien stewige blokhuise en sou die 5th Royal War= wickshire regiment, Town guard, Namaqualand Border Scouts, die Imperial Bushmen en die Cape Garrison Artillery met 'n negeponder-kanon en 'n maxim hul man teen die Boere kon staan.[81)]

Lt.-kol. Shelton het dus rede genoeg gehad om nie sommer oor te gee nie en sy antwoord aan Smuts was baie ondubbelsinnig. Hy het Smuts daarop gewys dat hy genoeg troepe het, dat Ookiep 'n gefortifiseerde dorp is en dat hy genoeg voorrade en ammunisie het om sy plig te doen. Verder was dit sy taak om die dorp te beskerm en het hy as Imperiale offisier in elk geval ook nie die reg gehad om onderhandelings met die vyand aan te knoop nie. Hy het sy brief afgesluit deur enige verdere korrespondensie as on= nodig af te maak.[82)] Shelton se reaksie op Smuts se brief was dié van 'n verantwoordelike soldaat.

Die Britse strategie teen die Boere was duidelik. French het sy magte, wat in die nabyheid van die Lambertsbaai-Carnarvon-Victoria-Wes-blokhuislyn was,

---

81) Grant: Op. cit., IV, p.470.

82) The Smuts Archives: Op. cit., CII, nr. 24 - Shelton-Smuts; Lees ook Amery: Op. cit., V, p.551.

in hul operasionele gebiede laat bly, om daardeur te verseker dat die Boeremagte noord van die linie ge= hou word, aangesien die skielike Boere-offensief teen die myndorpe taktiek van die Boere kon wees om die Britse konsentrasie van die blokhuislinie weg te lok en dan deur skielike suidwaartse beweging na Kaapstad deur te breek. Hierdie hipotese kan welis= waar nie geverifieer word nie, maar dit was waarskyn= lik French en Haig se vermoedens. Die afleiding se geldigheid word versterk as in aanmerking geneem word dat French dit goed gedink het om Kol. Cooper vanaf Kaapstad per skip via Port Nolloth na Ookiep te stuur om die dorp te ontset, terwyl sy ander magte die blok huise bly beskerm het.[83]

Die ontsettingsmag van Cooper het op 11 en 12 April 1902 in Port Nolloth geland[84] en kort op hulle hakke het ook kol. Calwell met die Second Battalion Royal Fusilliers en die Fourth Battalion East Surrey Regi= ment daar opgedaag.[85] Van Deventer het die taak ontvang om met sy mag na Steinkopf te gaan en die aankomende Britte van Ookiep weg te hou.[86]

Met Shelton se antwoord ter hand het Smuts en Maritz die aanval teen Ookiep beplan. Maritz wou die blok=

---

83) Grant: Op. cit., IV, p.470-3; Cd.984 Kitchener se verslag aan Londen 8/4/1902, p.12.

84) Grant: Op. cit., IV, p.470.

85) Cd. 986: Kitchener-Londen, 1/6/1902.

86) P.A. Nierstrasz: De oorlog in Zuid-Afrika, XVII p.1468.

huise nog dieselfde aand aanval, maar Smuts wou nie daartoe instem nie. Hy was van mening dat die blok=huise bv. die een aand deur kmdt. Schoeman se komman=do en die volgende aand deur dié van kmdt. Bouwer aan=geval moes word. 'n Verdere vereiste wat Smuts ge=stel het en wat vir Maritz vreemd was, was dat Maritz nie saam met sy troepe in die aanval moes meedoen nie, maar 1 000 meter agter die gevegslinie moes stelling inneem.[87] Daarmee wou Smuts seker verhoed dat Maritz as generaal aan die gevaar in die brandpunt van die gevegte blootgestel moes word. Wanneer die voorafgaande optrede van Maritz in die Noordweste en die res van Wes-Kaapland in oënskou geneem word, is dit te verstane dat hy dit sou verkies het om aan die voorpunt die leiding te neem en om ook sonder versuim aan te val. Dit is moontlik dat Smuts sy idee in verband met die gevegsposisie by die Britte waargeneem het, aangesien dit nie gebruiklik was by De la Rey, De Wet en Maritz en ander Boere-offisiere met wie hy te doene gekry het nie.

Met die eerste aanval op die blokhuise op 9 April[88] het hy gevolglik in die geselskap van Smuts gebly terwyl sy manskappe die aanvalswerk verrig het.[89]

---

87) Maritz: Op. cit., p.56.

88) W.O. 9450: Op. cit., p.4; Amery: Op. cit., V, p.552.

89) Maritz: Op. cit., p.56.

Die aanslag op die eerste blokhuis was suksesvol weens die goedgemikte gooi van 'n dinamietbom deur vk. Ben Coetzee. Die gat wat deur die bom uit die muur geruk is, het die garnisoen van die Warwickshire Regiment laat oorgee.[90] Twee Britte is gedood, vier gewond en veertien gevang.[91] Die aanval op die tweede fort was egter nie geslaagd nie, want met 'n skuins dak waarop die dinamietbomme nie lank genoeg kon bly lê nie, was dit uiters moeilik om die fort te verower. Om dié rede is die poging gestaak en die manne het onverrigtersake na Concordia teruggekeer.[92]

Smuts se idee dat die blokhuise die een aand deur één kommando en die volgende aand deur 'n ander kommando aangeval moes word, is toegepas toe kmdt. Ben Bouwer en sy burgers die volgende die geleentheid gekry het om die blokhuise by Ookiep aan te val. Die aand van 10 April het hy met sy krygers opgeruk en 'n groot hoeveelheid bomme na die blokhuise geslinger, maar sonder sukses.[93] Toe Bouwer weer bomme laat haal, het Maritz aan Smuts gesê dat hy self die laaste vyf bomme gaan gooi. By die blokhuis, die "Crows Nest"[94] aangekom het hy met sy laaste goed gemikte poging, met drie bomme wat aanmekaar vasgebind was, die blok=huis sodanig beskadig dat die Britte nie verder sou

---

90) Reitz: Op. cit., p.306.

91) De Kersauson: Op. cit., p.114.

92) Reitz: Op. cit., p.307.

93) Ibid.

94) Ibid., p.308.

kon veg nie.[95] Tog het die Britte daarin geslaag om deur 'n uitgang te ontsnap en is slegs 'n gewonde sersant en 'n gesneuwelde makker in die fort agter= gelaat. Nadat die Boere alle wapens en ammunisie verwyder het, het hulle die vesting vernietig.[96] Die gewonde sersant[97] is vir behandeling na Concor= dia[98] gestuur. Dieselfde aand het Bouwer se kry= gers 'n ander blokhuis wat die vorige dag deur die vyand ontruim is, in die lug geblaas.[99]

Dit was in Martiz se aard om self aktief deel te hê aan die gevegte, soos blyk uit al die gevegte van sy kommando's in die Noordweste. Daarteenoor was Smuts tevrede daarmee om planne te beraam, bevele te gee en dan van agter die gevegslinies die situasie te beheer. Smuts se houding het getuig van 'n be= rekende krygsman, wat toesien dat planne en bevele uitgevoer word, maar self nie markties in die geveg= te betrokke raak nie. Maritz weer was die meer praktiese soldaat wat die voortou neem en met daad= werklike voorbeeld sy krygers tot sukses aanspoor.

Genl. Smuts het dit gerade geag om Shelton op 11 April te versoek dat die vrouens en kinders van die

---

95) W.O. 9450: Op. cit., p.4.
96) De Kersauson: Op. cit., p.117.
97) W.O. 9450: Op. cit., p.4.
98) De Kersauson: Op. cit., p.117.
99) W.O. 9450: Op. cit., p.4.

dorp per ambulans uitgery moes word met die oog op gevegte wat daar sou ontstaan, maar in sy antwoord op dieselfde dag, 11 April, het Shelton aan Smuts laat weet dat die leidende inwoners van die dorp ver= gader het en besluit het dat die mans, vrouens en kinders almal dieselfde risiko wens te loop en dat hy ook nie kon sien waarom die vrouens en kinders die natuurelemente buite die dorp moes gaan trotseer nie.[100)]

Tog het die Boere nie daarin geslaag om op 11 en 12 April nog blokhuise te verower nie, aangesien hulle op gelyktes geleë was en nie so maklik aan te durf was as wat die geval was met die reeds verowerde blokhuise nie.[101)] Die gebrek aan swaar wapentuig het die Boere magteloos gelaat teen die stewige ves= tings van die vyand. Die nag van 12 April was stik= donker en dit was vir die Britte onmoontlik om die Boere te sien, met die gevolg dat hulle daardie aand ongeveer 1 000 rondes spekulatief die donker in ge= skiet het.[102)] Omdat Shelton in 'n redelike onaan= tasbare posisie verkeer het en rustig op hulp kon wag, het Smuts beveel dat die aanvalle op die blokhuise gestaak moes word en dat die dorp voortaan beleër sou word, aangesien 'n grootskaalse aanval te veel Boere=

---

100) The Smuts Archives: CII, nrs. 24(a) en 25. (Albei gedateer 11/4/1902).

101) Reitz: Op. cit., p.308.

102) W.O. 9450: Op. cit., p.4.

lewens sou eis.[103] Maar hierdie besluit van Smuts het meegebring dat Cooper en Callwell, wat in Port Nolloth voet aan wal gesit het, deur 'n tydrowende beleg van Ookiep genoeg tyd sou kry om tot Shelton se bevryding te kom. Smuts het natuurlik op Van Deventer, wat die spoorlyn tot by Steinkopf verdedig het, staatgemaak. Van Deventer se mag het dan ook van 27 tot 29 April 'n aanval van Cooper op Stein=kopf afgeweer met redelike groot verliese aan beide kante.[104] Op dié stadium was Smuts reeds op pad na Vereeniging, nadat hy op 25 April 'n boodskap van Boere-aanvoerders in die Republieke ontvang het dat vredesonderhandelings met die Britte aangeknoop word.[105]

Smuts het sy bevel aan Maritz oorgedra en die man=skappe gewaarsku om nie agteroor te gaan sit met die nuus van die onderhandelinge nie, aangesien hy, net soos genl. Maritz, geglo het dat die oorlog nog lank sou duur.[106] Na 'n afskeidstoespraak van Smuts is die geleentheid met 'n erediens afgesluit.[107]

---

103) Reitz: Op. cit., p.808; De Kersauson: Op. cit., p.117.

104) Grant: Op. cit., p.471-2.

105) The Smuts Archives: Op. cit., CII, nr. 34, Smuts-Shelton; Kruger: Op. cit., p.431.

106) The Smuts Archives: Op. cit., CII, nr.34; De Kersauson: Op. cit., p.120.

107) De Kersauson: Op. cit., p.121.

Nadat Smuts weg was, het Maritz 'n boodskap aan Shelton gestuur en voorgestel dat 'n gewonde Britse sersant[108] per spoorwegwa vanaf die Boerestellings na Shelton gestuur word, aangesien die man se heup gebreek is en vervoer per perdekar die beseerde nie sou pas nie. Met twee Boere, Van Rooyen en Pienaar se besoek aan die Britse stellings, het hulle 'n bai vriendelike ontvangs by maj. Edwards, kapts. MacDonald, Mitchell en lt. Anssey geniet. By die geleen heid is die moontlikheid van 'n voetbalwedstryd tussen Boer en Brit by Ookiep bespreek, wat tot gevolg sou hê dat daar vir die geleentheid 'n wapenstilstan gereël sou moes word. Met die voorstel is Van Rooy en Pienaar, met 'n bottel whisky as geskenk aan genl Maritz, terug na hul kamp.[109] Teen die aand is di gewonde sersant op 'n spoorwegtrok gelaai en onder ' wit vlag na Ookiep gestoot.[110]

Op Maandagoggend, 28 April 1902, het Maritz 'n brief aan maj. Edwards gerig om hom mee te deel dat hy toestem tot die voorgestelde rugbywedstryd en dat hy inwillig tot 'n wapenstilstand hiervoor vir die volgende dag vanaf 12h00 tot sonsondergang.[111] Kol. Shelton het op sy beurt toestemming van kol. Cooper afgewag, maar hy het weens gevegte wat op daardie

---

108) Lees p.135.

109) De Kersauson: Op. cit., p.121.

110) Ibid., p.122.

111) A.750 - S.G. Maritz.

tydstip by Steinkopf plaasgevind het[112] nie inge= stem nie.

Met die botsing tussen Cooper en Van Deventer het die oorlog in die Noordweste weer momentum begin opbou en het Maritz, wat 'n tekort aan voedsel vir sy manskap= pe en perde begin ondervind het, besluit om Ookiep op 30 April weer aan te val ten einde sy benodigdhede uit die vyandelike voorraad aan te vul en terselfdertyd die dorpie, as laaste van die drie myndorpies, te pro= beer verower voordat Cooper daar sou aankom.[113] Ma= ritz en sy manne het twee keer probeer om 'n kanon te bou, maar albei pogings het misluk, toe die "kanonne" albei ontplof het. Daarna is 'n trein in gereedheid gebring en is 'n leë goederewa met ongeveer 2 ton di= namietkerse gelaai en aan 'n lokomotief gehaak.[114] Vk. Van Brummelen, wat voorheen in diens van die Transvaalse spoorweë was, het kennis van lokomotiewe gehad en het die nuwe aanvalswapen aan die gang gesit op sy vernietigingstog na Ookiep. Om te verhoed dat die Britte die lont halfpad uitruk, is 'n tapyt daar= oor geplaas en met ses duim sand bedek. Maritz het sy krygers naby die dorp laat stelling inneem om te storm ná die ontploffing van die trein. Met Van Brummelen as drywer is Maritz en De Kersauson saam

112) De Kersauson: Op. cit., p.123.

113) Ibid.

114) G.S. Preller (red.) Scheepers se dagboek, p.168.

met die trein tot net buite Ookiep, waar hulle die lont aangesteek en van die trein afgespring het. Die verwagte vernietigende ontploffing het nie plaas= gevind nie en die trein het teen ander treine op 'n syspoor net buite die dorp tot stilstand gekom.[115)]

Maritz het blykbaar nou vir oulaas 'n laaste plan bedink om Ookiep te verower. Hy het besluit om 'n gepantserde treinwa met 'n klomp skerpskutters teen die berg te laat afloop tot in die dorp, vanwaar hulle die Britte sou besig hou terwyl die res van sy krygers aanstorm. Die voorbereidings het goed verloop, maar Shelton het hul poging met hewige ka= nonvuur gefnuik.[116)]

Ookiep het steeds 'n onverowerbare vesting van die Britte gebly en na al die inisiatief van die Boere opgedroog het, het Maritz op 1 Mei beveel dat die beleg opgehef word en sy manskappe na Concordia moes teruggaan.[117)] Ook Van Deventer het sy stellings by Steinkopf ontruim en Cooper het ongehinderd op 4 Mei in Ookiep aangekom.[118)]

---

115) De Kersauson: Op. cit., p.124: Grant: Op. cit. IV, p.472. Die dinamiettrein se lading het aan die brand geraak en nie ontplof nie, moont= lik omdat die lont met die kerse in aanraking gekom het en nooit die slagdoppie bereik het nie.

116) Preller (Scheepers): Op. cit., p.168.

117) De Kersauson: Op. cit., p.125.

118) Cape Times, 9/5/1902, p.5 (kol. 2); De Kersau= son: Op. cit., pp.126-135.

Die onneembaarheid van Ookiep was daarin geleë dat die Britte gerieflik in hul forte stelling geneem het en dat hulle die Boere by hul stellinggevegtak= tiek ingedwing het. Dit sou weliswaar 'n perd van 'n ander kleur gewees het as die Boere artillerie tot hul beskikking gehad het. Vir Maritz sou dit dus profytliker wees om 'n suidwaartse offensief aan te pak, na analogie van die twee suksesvolle veldtog= te na die suide 'n paar maande vantevore.

Maritz het dan ook aan die begin van Mei planne be= raam vir so 'n derde suidwaartse veldtog.[119)] Teen 10 Mei 1902 het sy magte hul stellings in Springbok en Concordia ontruim en suidwaarts oor Leliefontein na Koerlandskloof getrek.[120)]

Tydens die voorafgaande vier maande het Maritz as militêre leier meer op die agtergrond geskuif as ge= volg van die feit dat genl. Smuts in die Noordweste aangekom het. Ten tye van Smuts se koms het die wyse van oorlogvoering in die Noordweste 'n nuwe ge= daante gekry. Voorheen het Maritz dit ten volle 'n guerilla-stryd gehou, maar kort voor Smuts se koms, met die twee suidwaartse togte, die gevegte in stel= linggevegte laat ontwikkel.

---

119) De Kersauson: Op. cit., pp.126-135.

120) Cape Times, 30/5/1902, p.5 (kol. 2); De Ker= sauson: Op. cit., pp.126-135.

Smuts het met sy aktiwiteite in die Noordweste nie in sy doelstellings geslaag nie, aangesien hy nie sy kommando's gedesentraliseer het en oor 'n groot terrein versprei het nie. Dat hy nie daarin kon slaag om sy beoogde suidwaartse veldtog deur te voe nie, kan daaraan gewyt word dat Smuts nie die be= proefde verrassingselement van die guerillataktiek toegepas het nie. Die rede daarvoor kan ook gesoe word in die veranderde strategie van die Britte. Hulle het nie meer dryfjagte uitgevoer nie maar rus tig in hulle stellings gewag op Boere-aanvalle. Om die rede was hy ook nie in staat om die myndorpies te verower nie. Gelyktydige verrassingsaanvalle op aldrie die myndorpies kon moontlik sukses verse= ker het. Dit moes vir Shelton duidelik gewees het dat Smuts en Maritz ook Ookiep sou aanval en dat hy hom behoorlik daarop kon voorberei. Mens kan met redelike sekerheid aanneem dat indien Ma= ritz die opperbevel gevoer het, sy optrede vinnige verrassingsaanvalle sou wees soos voorheen kenmer= kend van sy twee suidwaartse veldtogte was.

As in ag geneem word dat die Boere nie oor 'n groot verskeidenheid wapens beskik het nie maar slegs op die kleingeweer aangewys was, sou guerilla-oorlog die waarborg vir sukses wees.. Dit het teen die myndorpies geblyk dat dit onsinnige tydvermorsing was om die Britte in hul forte sonder artillerie aa

e pak.

n die tydperk wat Smuts en Maritz saam geveg het, iet dit ook duidelik geword dat Smuts, soos blyk uit y korrespondensie en organisasie[121] teoretikus en taatsman was. Maritz daarenteen was praktiese sol= laat en taktiese aanvoerder.

## .4 Die Vrede van Vereeniging

)p 2 Junie 1902 het genl. Maritz 'n boodskap uit /ereeniging ontvang waarin die nuus van die finale rede hom meegedeel is. Hy het daarna ongeduldig p die koms van Smuts gewag sodat die saak deur hul= le bespreek kon word. Maritz het sy burgers nie oegelaat om huiswaarts te keer nie, maar in afwag= ing op Smuts se koms in die Noordweste 'n groot= kaalse inspeksie op sy kommando's gedoen.

)p 11 Junie het Maritz 'n boodskap van Van Deventer ntvang waarin hy hom meegedeel het dat hy reeds met lie Britte op Calvinia in verbinding getree het en lat hy sy kommando's by Botterkloof sou saamtrek met lie oog op afsluiting van die vrede. Hy het Maritz ok meegedeel dat indien hy voorrade benodig het, hy lit by die Britse magte kon aanvra.[122]

---

21) Lees Hancock: 1966, Op cit., I.

22) De Kersauson: Op. cit., p.138.

Vir die emosionele Maritz was die saak nie so ligte=lik en maklik uitgemaak nie, sodat hy in sterkbewoor=de taal Van Deventer in kennis gestel het dat hy nog altyd daarin geslaag het om sonder Britse hulp klaar te kom en voornemens was om dit so vol te hou. Hy het Van Deventer ook meegedeel dat hy slegs sal rea=geer ten opsigte van die Vrede van Vereeniging wan=neer genl. Smuts sou opdaag en hy presies kon verneem wat gaande was.[123)]

Op 14 Junie het Smuts dan ook aangekom en Maritz op die plaas Soetwater, 24 km noordwes van Calvinia, ingelig aangaande die oorgawe van die Republieke en die verlies van hul onafhanklikheid. Smuts het Ma=ritz en sy burgers aangeraai om hulself voortaan as Britse onderdane te beskou. Vir die krygsmanne van die Noordweste was dit 'n groot slag en die emosies het handuit geruk.[124)] Omdat die Noordwesters nie in noue voeling met die res van die Boeremagte en toestande in die Republieke was nie, het die Vrede vir hulle onaanvaarbaar voorgekom.

Smuts het die toestand wat met die Vrede ingetree het aanvaar en hom sy Britse onderdaanskap laat wel=geval, maar Maritz was enger in sy siening van die saak en dit blyk dat die emosionele hom op die sta=

123) De Kersauson: Op. cit., p.138.

124) Ibid., pp.139-140.

dium oorheers het. Maritz se patriotisme het binne die bestek van die oorlog só gegroei dat mens aan die einde daarvan selfs van sy chauvinisme kan praat. Sy onversoenbare houding kan daarby ook toegeskryf word aan die sukses wat hy met sy rebelle in die westelike Kaapkolonie behaal het en dat die oorlog vir hom dus te skielik op 'n antiklimaks beëindig is.

Maritz het, nadat hy Smuts se verhaal in verband met die Vrede van Vereeniging aangehoor het, sy kommando's by die Britte laat wapens neerlê, maar verkies om selfopgelegde ballingskap eerder as Britse onderdaan= skap te aanvaar en na Europa vertrek.[125)]

Maritz kon blykbaar nie sy emosionele verweefdheid met die vryheidsideale van sy land verwerk nie, soos blyk uit sy selfopgelegde ballingskap. Sy geeste= like patroon het deurweef geraak met 'n anti-Britse houding wat later tot 'n anti-Joodse houding sou verander. Volgens Maritz was die Anglo-Boereoor= log die gevolg van die "Joodse verborge hand" se werk en moes die Boere nie die Britte as vyand beveg het nie.[126)]

## 5.5 Samevatting en waardering

Die laaste jaar van die oorlog het vir Maritz as krygsman die kroon gespan op 'n kort maar kragvolle krygsloopbaan. Hy het daarin geslaag om die hoë on=

---

125) Ibid., p.140-1; Maritz: Op. cit., pp.58-9.
126) Maritz: Op. cit., p.110 ens.

derskeiding van die rang van veggeneraal te ontvang op grond van sy bydrae gedurende die Anglo-Boereoor= log. Hoewel Maritz deur Smuts se teenwoordigheid as militêre leier op die agtergrond geskuif is, het hy nogtans sporadies tekens getoon van die dinamiese krygsleier.

Die koms van Smuts het ook nie juis die skaal meer in die guns van die Boeremagte in die westelike Kaap= kolonie geswaai nie. Daar het, as gevolg van die opeenhoping van Boeremagte in die weste, selfs 'n kragtiger Britse optrede 'n aanvang geneem omdat French, soos die Boere, ook sý magte grotendeels na die weste van die Kolonie verskuif het. Smuts se strategie het nie geslaag nie en dit laat die vraag ontstaan of hy nie sy kommando's oor die hele Kolo= nie moes versprei het en daardeur die Britte ook tot desentralisasie gedwing het nie. Maritz het voor Smuts se aankoms daarin geslaag om groot Britse magte op hom te trek en daardeur verhoed dat die hele Britse slaankrag op die Republieke gekonsentreer word.

In Maritz se optrede saam met Smuts het daar 'n ver= skil tussen die twee duidelik geword. Smuts was die teoretikus, regsman, staatsman en in minder mate krygsman, terwyl Maritz as ongeleerde die praktiese kryger was. Smuts se organisasievermoë en insig in veral staatssake en sy voortdurende bewustheid van die Republieke se posisie ten opsigte van die inter=

nasionale wêreld is duidelik te onderskei van Maritz se optrede. Tog was Maritz in eie reg as veldheer baie suksesvol en as soldaat in praktyk selfs sukses=voller as Smuts.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING EN WAARDERING

## 6.1 Ontwikkeling en milieu

Manie Maritz se deelname aan die Oorlog het in twee duidelike fases ontplooi. Aanvanklik was hy die gewone krygsman wat in kort tydsbestek die krygskuns onder die knie gekry het. Geleentheid daartoe was daar genoeg en op die koop toe het hy sy militêre skoling onder 'n aantal vermaarde Boere-offisiere deurloop. Gedurende die tweede helfte van die Oor= log het hy die verantwoordelikheid van militêre leierskap op hom geneem. Van die begin van die Oorlog tot aan die einde daarvan het sy krygsvermoë en ook sy leierskap 'n opmerklike ontwikkeling getoon en sy patriotisme was die dryfkrag agter sy werksaam= hede.

Sy bydrae gedurende die Oorlog is nie slegs 'n open= baring van indiwiduele kenmerke en vermoëns nie maar staan afgeteken teen die agtergrond van die groot stryd tussen die Republieke en Brittanje. In hier= die groot epog in die geskiedenis van Suid-Afrika het hy 'n aansienlike rol gespeel.

## 6.2 Sy rol in die Kaapkolonie

Maritz se vuurdoop en gevegsopleiding onder die leier Van Dam, De la Rey, Theron en De Wet het hom voorsien

van die kennis en vaardighede wat van hom 'n bruik=bare soldaat gemaak het. Onder die oog van genoem=de leiers is hy op so 'n wyse geskaaf en gevorm dat hy met 'n bietjie natuurlike aanvoeling, bo sy mede-burgers uitgestyg het.

Sy ondervinding van die eerste helfte van die Oorlog het as stewige basis vir sy optrede in die Noordwes=te gedien. Dit blyk uit die wyse waarop hy met sy rebellemag ingepas het in die groter Boerestrategie. Hy het die oogmerke van die Republieke om die Oorlog ook op Britse bodem te voer, met groot welslae ten uitvoer gebring, aangesien hy die Britse militêre in die Kolonie deeglik met die rebelle van die Noord=weste gekonfronteer het.

Hoewel die Boere-magte op hierdie stadium op guerilla-oorlog aangewese was, en Maritz dit met sukses aange=wend het, was dit nie die enigste gevegsmetode wat hy aangewend het nie. Hy het selfs met stellingge=vegte tydens sy twee suidwaartse togte veel vermag.

Met sy koms in die Noordweste het hy binne 'n omme=sientjie 'n gedissiplineerde rebellemag, wat hulself uit vyandelike voorraad aan wapens en ander benodigd=hede voorsien het, opgebou. Daardeur het hy vir die opstandelinge in die Kolonie aansluiting by die stryd van die Republieke bewerkstellig.

Gereelde verkenningswerk het sy taak baie vergemakli en hy het die oorlog in die Noordweste so laat gedy dat dit nie slegs tot skermutselings beperk gebly he nie, maar dat hy die Britte tot 'n volskaalse oorlog in dié geweste gedryf het. Voor Smuts se aankoms het die Britse militêre voorsien dat Maritz selfs so ver soos Kaapstad kon deurdring en alles dui daar op dat hulle sy aanslae nie wou onderskat nie.

## 6.3 Aanvoerder

Maritz was as bevelvoerder oor die rebellemagte baie suksesvol. Hy het deurentyd die inisiatief behou in organisasiewerk, gevegsbeplanning en gevegte. Selfs in haglike omstandighede was hy in staat om teenwoordigheid van gees te openbaar en altyd 'n oplossing vir 'n saak te vind.

Dit het tot gevolg gehad dat sy burgers hul vertroue in hom as leier gestel het en dat dit vir hom moont= lik was om aan hulle praktiese gevegsopleiding te bied. Sy deursettingsvermoë en wil en die feit dat hy 'n aanvoerder was wat voorgegaan het en die voor= beeld gestel het, was verdere grond vir die vertrou= ensgesindheid tussen burger en aanvoerder.

Hy was instrukteur wat deur voorbeeld en daad opgele het in die harde skool van die praktyk. Sy onder= vindings het hy nuttig gebruik en dit in gevegsoplei= ding aan sy burgers oorgedra.

Deur sy organisasiewerk en beplanning vir die oorlog het hy besondere verantwoordelikheidsbesef getoon en was slegs 25 jaar oud toe hy tot veggeneraal bevorder is.

Benewens sy militêre rol het Maritz ook in 'n mate diplomatieke werk gedoen deur in die Kaapkolonie, wat Britse gebied was, rekrute te werf vir die saak van die Republieke teen Groot Brittanje. Sy diplo= masie het hoofsaaklik bestaan uit suksesvolle geveg= te en die wyse waarop hy voortdurend probeer het om sy krygers nie onnodig bloot te stel nie.

Maritz se sukses as aanvoerder en die sukses wat hy teen die Britte in die Kolonie behaal het word selfs deur die Britte erken. Geen wonder nie dat die Brit M.H. Grant Maritz soos volg aanprys:

> "... his wonderfull marches, as long, as swift, as sinuous and as sudden as flashes of light= ning, which marked him as one of the most able masters of man and horse who had yet appeared upon the veld".1)

## 6.4 Sy persoonlike dapperheid

Een van die uitstaande kenmerke van Maritz is die dapperheid wat hy deurentyd aan die dag gelê het.

---

1) M.H. Grant: History of the war in South Africa IV, p.355.

Sy vreesloosheid het by verskeie geleenthede sukses=volle optrede verseker en ook bewondering by sy wa=penbroers afgedwing. Sy moed het goed ingepas by sy idee dat 'n leier as inspirasie saam met sy man=skappe aan die spits moet veg. Hy het as gevolg daarvan nie slegs gevegsuksesse beleef nie, maar het by twee geleenthede wonde opgedoen. Die dapperheid van Maritz was kenmerkend vanaf sy eerste deelname aan gevegte tot aan die einde van die oorlog en ook daarna in die Rebellie van 1914 te bespeur.

## 6.6 <u>Sy belang vir die geskiedenis</u>

Tydens die ingrypende gebeure van die Anglo-Boere=oorlog het Maritz sy bydrae tot die geheel gelewer en het hy uit die stryd getree as een van die groot manne van daardie jare. Met sy formidabele aandeel in die Oorlog het hy 'n plek op die heldegalery van Suid-Afrika ingeneem, maar in daaropvolgende jare het hy een van die omstrede figure in Suid-Afrika geword.

Alles in ag genome was en is dit nodig om noukeurig kennis te neem van sy optrede gedurende die Anglo-Boereoorlog en is dit selfs nog belangriker om sy latere lewe teen dié agtergrond te beskou.

# BRONNE

## I. Literatuur


AMERY, L.S. : The Times history of the war in South Africa, III-VII. Londen, 1905-1909.

ARMSTRONG, H.C. : Grey steel. Londen, 1937.

BAKKES, C.M. : Die militêre situasie aan die Benede-Tugela op die vooraand van die Britse deurbraak by Pietershoogte. (Ongepubliseer=de M.A.-verhandeling, Pretoria, 1966.)

BORER, Mary C. : The Boer war, Oct., 1899-May, 1902. Londen, 1971.

BREYTENBACH, J.H. : Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I, II. Pretoria, 1969.

——— : Die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad, 1949.

——— : Gedenkalbum van die Tweede Vry=heidsoorlog. Kaapstad, 1949.

——— : Kommandant Danie Theron. Kaap=stad, 1950.

CRAFFORD, F.S. : Jan Smuts, Kaapstad, 1945.

CRESWICKE, L. : South Africa and the Transvaal war, III, IV, VII. Kaapstad, 1900-1902.

DOYLE, A.C. : The great Boer war. Londen, 1900.

GRANT, M.H. : History of the war in South Africa 1899-1902, V. Londen 1910.

HANCOCK, W.K. : Smuts. I. The sanguine years 1870-1919. Cambridge, 1962.

KRUGER, D.W. (red.): Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad, 1965.

LE MAY, G.H.L. : British supremacy in South Africa 1899-1907. Oxford, 1965.

MILLIN, Sarah G. : General Smuts, II. Londen, 1926.

MOCKE, H.A. : Die slag van Colenso. (Onge= publiseerde M.A.-verhandeling, Pretoria, 1966.)

MULLER, C.F.J. (red.) Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaan= se geskiedenis. Pretoria, 1968

OOST, H. : Wie is die skuldiges? Johan= nesburg, 1956.

OOSTHUIZEN, J. : Jacobus Herculaas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902. (Ongepubliseerde D.Litt., Potchefstroom, 1949.)

PIETERSE, H.J.C. : Oorlogsavonture van generaal Wynand Malan. Kaapstad, 1936.

PRELLER, G.S. : Kaptein Hindon, Kaapstad, 1921.

PYPER, P.A. : Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroom, 1960.)

ROSENTHAL, E. : Ensiklopedie van Suidelike Afrika. Londen, 1967.

—— : General De Wet - Biography. Kaapstad, 1946.

SCHOLTZ, G.D. : Oorsake van die Tweede Vry=heidsoorlog. Johannesburg, 1948.

SCHOLTZ, P.L. : P.B. van Rhyn (<u>In</u>: Suid-Afri=kaanse <u>Biografiese</u> Woordeboek, I. Kaapstad, 1968.)

SELBY, J. : The Boer war. Londen, 1969.

SPIES, S.B. : Salmon Gerhardus Maritz. (<u>In</u>: Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I. Kaapstad, 1968.)

—— : Theron, Daniel Johannes Stepha=nus. (<u>In</u> Suid-Afrikaanse Bio=grafiese Woordeboek, II. Kaap=stad. 1972.)

SMUTS, J.C. (Jnr.) : Jan Christiaan Smuts. Londen, 1952.

STRYDOM, C.J.S. : Kaapland en die Tweede Vry=heidsoorlog. Kaapstad, 1937.

VAN AARDT, J.M.H. : Die aandeel van die Krugers=dorpse kommando aan die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902. (On=gepubliseerde M.A.-verhande=ling, Potchefstroom, 1950.)

VAN DEN BERGH, G.N. : Die polisiediens in die Z.A.R. (Ongepubliseerde D.Litt.-proef=skrif, Potchefstroom, 1972.)

VAN DEN HEEVER, C.M.: General J.B.M. Hertzog. Jo=hannesburg, 1946.

VAN JAARSVELD, F.A. : Die ontwaking van die Afrika=nernasionale bewussyn 1868-1881 Johannesburg, 1957.

VISAGIE, L.A. : Kmdt. G.M.J. van Dam en die Johannesburgse polisie. (<u>In</u>: Die Huisgenoot, 15/7/1922.)

WALKER, E.A. : History of Southern Africa. Londen, 1962.

WEEBER, E.J. : Op die Natalse front. Kaap=stad, 1940.

## II. Letterkundige bronne

DE KERSAUSON, R. : Ek en die Vierkleur. Johan=nesburg, 1960.

DE WET, A. : Im Kampf um Südafrika. Der Kampf in der Kapkolonie. München, 1902.

DE WET, C.R. : De strijd tusschen Boer en Brit. Amsterdam, 1902.

KEMP, J.C.G. : Die pad van die veroweraar. Kaapstad, 1942.

KEMP, J.C.G. : Vir vryheid en reg, Kaapstad, 1946.

MARITZ, S.G. : My lewe en strewe. Herdruk. Pretoria, 1939.

—— : Ontwaak Afrikaners. Pretoria, (1940?).

MULLER, C.H. : Oorlogsherinneringe. Kaapstad, 1936.

NAUDE, J.F. : Vechten en vluchten van Beyers en Kemp bôkant De Wet. Rotter= dam, 1903.

PRELLER, G.S. (red.) Scheepers se dagboek. Kaap= stad, 1938.

REITZ, D. : Kommando. Londen, 1930.

—— : Trekking on. Londen, 1936.

ROMPEL, F. : Heroes of the Boer war. Londen, 1903.

VERLOREN VAN THEMAAT, H. : Twee jaren in den Boeren- oorlog. Haarlem, 1903.

III. Periodieke publikasies

Cape Times, 1901-1902.

## IV. Regeringspublikasies

Colonial Office Reports (C.O.) - Fotokopieë (F.K.) van Britse weeklikse verslae aangaande die verloop van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.

United Kingdom Blue Books (Cd) - Maandelikse rapporte van lord Kitchener aan die Britse regering in Londen, aangaande die Tweede Vryheidsoorlog, 1901-1902.

War Office (W.O.) - Hof van ondersoek aangaande die oorgawe van Concordia en 'n rapport aangaande die voorvalle by Ookiep.

## V. Argivale bronne

Argief van die Kommandant-generaal (K.G.).

Danie Theron-versameling A.285 - Nr. 28 Brief van J. Versteeg aan J.J. van Tonder 25/8/1939.

- Nr. 32 Brief van P.M. Davidtz aan D.J. Pieterse 26/3/1938.
- Nr. 34 Brief van genl. Wynand Malan aan J.J. van Tonder 18/5/1939.
- Nr. 41 Verklaring van J. Versteeg 28/8/1939.

De la Rey-versameling A.313 - Nrs. 17 en 23, Dagboek van genl. Koos de la Rey.

Hancock, W.K. (red.): Selections from the Smuts Papers, I. Cambridge, 1966.

Leydsargief:

| Band | Deel | Beskrywing |
| --- | --- | --- |
| 94 | I | Briewe van Steuerwald en Maritz. |
| 94 | II | Smuts aan De la Rey. |
| 94 | III | Dagboek van C.A. Steuer=wald. |
| 763-780 | – | Kapt. Ram en lt. Thomson i.s. die Tweede Vryheids=oorlog. |
| 766-776 | – | Nierstrasz, P.A. : De oorlog in Zuid-Afrika, XV, XVII. |

Maritz, S.G. A.750

Militêre kaarte:

| Nommer | Beskrywing |
| --- | --- |
| 1/217 | Sutherland |
| 3/10 | Colesberg |
| 3/10(a) | Colesberg |
| 3/521 | Brandvlei |
| 3/523 | Calvinia |
| 3/1031 | Colenso |
| 3/1032 | Colenso |
| 3/2816 | Martial Law Cape Colony. |

Military Governor Pretoria.

Preller-versameling A.787 Bande 28, 163.

The Smuts Archives Vol. CI, CII, XCVI. (Ongepubliseer).

Van Dam-versameling - A.788 Oorlogstelegramme, briewe, ens.

A.1044(2) Fotokopie van Van Dam se manuskrip oor die polisie in die Tweede Vryheidsoorlog.